

# Ampie

Jochem van Bruggen

## bron

Jochem van Bruggen, *Ampie*. Swets & Zeitlinger, Amsterdam 1924

Zie voor verantwoording: [http://www.dbnl.org/tekst/brug029ampi01\\_01/colofon.php](http://www.dbnl.org/tekst/brug029ampi01_01/colofon.php)

© 2011 dbnl / erven Jochem van Bruggen



## Hoofstuk I. Ou-Jakob.

Dis weer die maandelikse vendusie in Kasper Booyesen se groot beeskraal, waar in die rondte grootvee wei en 'n seun op sy esel kom aangelop tot by die kraalhek. Op 'n onverskillige rolmanier gly hy van die donkie af en kom op sy voete te lande by Kasper Booyesen, sy bywoner oom Flip Staander, die afslaer en 'n paar Jode.

Dis 'n seun van twintig jaar, agterlik vir die leeftyd en sy dom gesig kyk oorbluf vir die mense. - 'n Verwaarloosde vuil hand kom nou reguit eers na oom Kasper, en toe na oom Flip om te groet, en daarna nog reguiter na die afslaer toe, wat hom effens aanraak en yskoud sê:

‘Kom jy beeste koop?’

Die seun antwoord met 'n breë dom lag, wat twee pragtige rye tande oopstoot, en verklaar heserig met 'n tikkie verwondering in sy stem:

‘Ek het mos nie geld nie! Ek wil vir ou-Jakob verkoop.’

Die omstanders, opgewek, begin belangstel, nou Ampie weer verleë verder wil groet, en sy hand weifelend tot voor 'n kort Joodjie skuif, wat hom speel-speel skraps verbyslaan met 'n karwatsie, toe hy kastig verskrik terugdeins tot vermaak van die omstanders, en iemand gee die plan om vir 'n skrobborsel te kollekteer.

Skigtig loer die seun van die een na die ander, wat hy gegroet het, of nog sou groet, want hy voel die harteloosheid, wat so plesierig lyk, en baie ontuis daar, dring

hy terug na sy esel, as 'n voorwerp van sarkasme, afkeer en medelyde.

Ampie se oë word kwaai van ergernis, toe hy ru die esel die kraal binneruk ... Daardie Joodjie moet in sy passoppers bly! As hy hom op 'n stil plek kan bykom, sowaar hy sal hom somar goedsmoeds half verwurg! ... Dit hoort mos so om te groet as mense by mekaar kom ... hy is so groot gebring! Hoekom groet oom Kasper en oom Flip dan behoorlik?... Daardie Joodjie is ongeaard! Hy het g'n opvoeding gehad nie!

Booyesen is een van die weinige uit die omstanders, wat jammerte voel vir die verwaarloosde seun uit die ellendigste huisgesin, wat hy ken. Hy kan gerus die opveil vir die donkie netnou opjaag... die Jode sal vir die dier g'n vyftien sielings oorhê nie. 'Neef Flip dit lyk vir my ons sal ou-Jakob kan gebruik nie waar nie?'

Staander lig sy swaar moestas-wysbroue op: 'Neef Kasper, ons kan gaan kyk'.

Hulle drentel na die somber kombinasie van donkie, seun en kraalmuurklippe, wat 'n wonderlike harmonie daaragter in die kraal vertoon, en terwyl Booyesen ernstig die seun opneem, sê hy belangstellend:

'En jy 't vandag gekom om ou-Jakob te laat opveil? Hy lyk 'n gawerige donkie, Ampie.'

Ampie voel gelukkig, hoewel hy bedees na die simpatieke oë van Booyesen opkyk.

'Ja oom!' en hy klop sy maat liefkosend op die dik stowwerige hare.

Flip Staander het as 'n kenner die donkie in die bek gekyk, en 'n paar slae in die rondte om die dier geloop, en toe met 'n geweldige knipoog niks gesê nie, maar tog daardeur enkele goeie punte van ou-Jakob, vir Booyesen meegedeel, terwyl Ampie vrypostiger en gaandeweg opgewondener sy hart 'n weinig lug:

'Ek is baie jammer omie, om die donkie te verkoop.

Maar wat kan ek doen as pa my order? - Dit was vanmôre amper rooidag, toe sê pa so ewe skielik vir my: "Loop bring vir ou-Jakob vendusie toe!" en wat kon ek toe maak? Ek moes maar mooi vir ou-Jakob hiernatoe bring ...' Hy streef die ruie nek van sy maat en herhaal soetjieser vol hartseer: 'Ek is jammer omie!'

'Is hy 'n flukse donkie, Ampie?'

Lewendig word nou Ampie se wese, en in sy donker oë lig 'n glimp van verstand. Ou-Jakob is sy liefing en dis met warmte, toe hy beduie en opsom:

'Omie hy is so fluks as 'n perd en baie beter, want hy het g'n end nie! Dis virniet om te perbeer om vir ou-Jakob flou te kry ... Omie kan maar perbeer! - Laas het hy heeldag dwarsdeur gehardloop, dorptoe en terug, en toe weer heeldag agter ander donkies aan, en daarvandaan weer Vlakplaas toe en terug - en hy was nie eers moeg nie! ... en as dit nog maar al is! ... Waar is nog die bakleislag? Hy stof die laaste donkie uit in die hard-hardloop en gee die laaste een 'n pak ... Oom Kasper, oom sal nie vir my glo nie, maar nou die ander dag ...'

'Dan moet hy goed wees,' val Booyesen hom in die rede. 'Neef Flip dit lyk vir my ek sal 'n plan maak as ou-Jakob aan die beurt kom.'

'Ja-nee neef Kasper!' en Staander drentel weer met Booyesen na die afslaer toe.

Liefkosend streef Ampie weer die nek van sy maat, en klop hom dat die stof so uitwolk. Ampie is uit die gedagte van almal wat gekom het om te spekuleer, en sy maat is onbegeerlik.

Dit word woelig om en in die kraal.

'As ons nou nie begin nie, kan ons maar gerus ophou!' sê die afslaer, toe hy op die kraalmuur klouter om die publiek bymekaar te roep. 'Vrinde, dit moet vandag beter gaan as laas maand. Toe het ek nie eers die on-

koste vir my rookgoed gedek nie. Julle weet almal hoe ons die vendusie hou, nê? Vandag vir kontant en môre vir “cash”!

'n Afslaer moet altyd 'n grappie kan maak, en as hy nie 'n gros grappies in voorraad het nie, wat beteken so'n afslaer dan? Daar is genoeg mense vandag vir 'n ordentlike vendusie, dog die boere, wat op die kraalmure sit, het iets gebring om te laat opveil. Slegs 'n paar Jode en twee, drie ander, wat koopplanne het, stap onverskillig deur die beeste in die kraal.

Eenkant, sku in 'n hoek, leun Ampie teen sy esel - 'n toonbeeld van geduld en ellende. Vaal van die stof is die vodde om sy lyf, en die groot, ou, keps, wat tot sy ore ook toemaak, nes die aan-die-slaap ou esel hier langs hom. Met die linkerarm oor die skof van sy maat geslaan, hang hy dooie-rust teen die geduldige ou-Jakob. Sy skurwe swart voete, met hulle groot weglêtone sak onder die kraalmis; maar Ampie self hou net die afslaer dop met bang, bruin oë, wat hy amper nooit knip nie... Daardie groot man sal vandag oor die lot van sy ou-maat beslis, en hy gevoel 'n geweldige drang om te soebat ... Op die oomblik is sy sielsbegeerte om weg te sluip, en die wêreld in te ry met ou-Jakob alleen. Maar die gewoel is vòr en die mure is toe van die mense, wat dalk vir hom sal spot.

Beeste word die kraal binne gedryf en beeste gaan skrikkerig uit; party word wild in daardie voorgekeerde noute, hulle draai en storm en bondel op mekaar en die mense moet bontstaan om hulle te keer, en die Jode moet wegspring voor. Hulle koets almelewe so wonderlik lomp, of hulle lywe te min litte het; kyk daardie kort Joodjie wat hom flus nie wou gegroet het nie en hom so astant hou, hoe lekker het die os hom so nerf-nerf gegaffel met sy horings ... hy is somar asvaal!... Het die os hom tog maar liewerste goed seer gemaak!

Nou bedaar die beeste, en dit word weer rustig. Net die groot man op die muur roer hom vir al wat hy werd is, en die mense lag kort-kort vir sy grappe, maar Ampie verstaan skaars wat hy vir hulle vertel. Hy verwonder hom oor die afslaer se vinnige gepraat, nes die gekekkel van 'n hen wat nes soek; dis maar net ponde-ponde en sielings met 'n trop woorde soos rympies agter mekaar ...

Aits! Nou lag Ampie soos hy lank laas gelag het, vir die skielike manewales van dieselfde groot man. Die eenkantste ronde klip het onder die afslaer se voet uitgeglip, en daardie pareer met altwee sy arms, en die gewerskaf met sy bolyf om op die muur te bly staan - dis tog te komieklik. Hy moet hom seker amper dood-geskrik het. Nou staan die afslaer weer reg. Sy asem is eintlik kort en hy praat bewurig, maar netnou is dit weer ponde-ponde en die vreemde rympies so agter-mekaar en maklik. Maar die slag roer die ou hom virniet. Hoe meer hy nou opveil, hoe onverskilliger die Jode van hom af wegstap, en glad geen notiesie van die beeste meer neem nie ... Hulle is darem ongeaarde mense, om daardie man so verniet te laat soebat!... Die kort Joodjie kom al glad na hom toe, en begin nou kastig notiesie van ou-Jakob te neem; maar hy sal nooit vir hom kry nie, die vuilgoed! Hy is glad te ongeaard en het mos geen opvoeding gehad nie! Kyk hoe moedswillig! Vir wat gee hy ou-Jakob 'n hou oor die kruis met sy handsambok? Hy is mos orig met die ding! Ampie se voorkop trek groot regop plooië tussen sy oë, en hy staan los van die esel af, terwyl hy brom: 'Ek wens hy skop jou in jou ribbe!' 'Hy kan mos nie skop nie! Sy pit is uit! Hy is klaar dood!' sê die Jood, en hy gee die aan-die-slaap-ou-esel nog 'n raps op dieselfde plek, dat die haal so lê; maar ou-Jakob skop skielik uit, en vang so skramps die kort Joodjie se broek.

Ampie lag weer net so lekker. Aaits vir ou-Jakob! Dit het die Joodjie nooit kon dink nie, - so ewe skielik! ... hy is spierwit verbleek ... So'n vendusie het darem baie grappe!

Flip Staander kom ook weer na Ampie toe wat nog geniet van ou-Jakob se geniëpsigheid. 'Hy het so ewe ongeërg die Joodjie gesteel, oom Flip; hy is nog asvaal soos hy geskrik het,' vertel Ampie tussen die lagbuie deur.

'Jong, kom nader met jou esel, nê!' is die order wat Staander bring, en op die plek breek sy pret af, en 'n benoude gevoel klim na sy keel toe. Dis nou ou-Jakob se beurt, en almal kyk vir Ampie, wat omring van al die mense vlak voor die afslaer, vas teen sy maat bly staan, of hy hom wil behou, vir altyd. Sy oë dwaal sonder om te sien oor alles voor hom, en dowwerig gewaar hy dat Booyesen en oom Flip met mekaar gesels, en dat party van die kopers om en om ou-Jakob loop; maar eindlik hang sy blik weer vas aan die afslaer op die muur, toe hy roep:

'En nou wil ek vir julle daardie eersteklas donkie verkoop! Goed geteel en so fluks as 'n resiesperd!'

Ampie word hoogmoedig by al sy hartseer.

'Ek het hom self in die "handicap" op Turffontein gesien!' sê die kort Joodjie.

'Die hoogste bod vat hom! Wie sê vyf pond? Hy is toe-oë vyf pond werd! Wie sê vier? ... drie? ... twee? ... My liewe mense julle moet my goed verstaan, ek meen daardie esel op vier pote wil ek verkoop!'

Almaardeur bly Ampie se pragtige rye tande oop. Hy voel opgetoë omdat ou-Jakob so opgeprys word. - Sy pa het gesê dat hy vyf pond huistoe moet bring, en die afslaer het reguit en duidlik gesê dat sy esel eerlik vyf pond werd is. - En nou is dit of Ampie se begrip verduister deur die stroom van ponde en agtermekaar

rympies, wat deur sy kop kekkel soos 'n trop henne se gekekkel in die lêtyd. Hy 't glad geen besef meer van wat aangaan nie en toe die afslaer so kortaf vra: 'Moet ek verkoop?' sê hy werktuiglik 'Ja!' En die hoogste bod van twee pond, wat Booyesen self gemaak het, word toegeslaan.

Die vendusie is verby. Die boere wat nie wou verkoop het nie, dryf hulle beeste terug huis toe, die Jode keer hulle s'n eenkant, en Kasper Booyesen vat vir ou-Jakob somarso sonder 'n pennie. 'Neef Flip sal jy hom aanja kamp toe, asseblief?' vra Booyesen vir sy bywoner.

Staander raps ou-Jakob los van Ampie af. 'Nou is dit my donkie Ampie,' sê Booyesen. 'Ja oom Kasper!' klink dit dof uit die wesenlose seun. Dis vir hom of 'n stuk van sy lewe van hom afgeskeur word, en die smart oorweldig hom so dat alles soos 'n warrel hier deur-mekaar bondel. Dit dryf en raas, en slaan en vloek, maar duidlik stap ou-Jakob van hom af weg voor oom Flip Staander uit, so ewe geduldig en hy swaai sy groot kop so effens op daar by die kraalhek, en toe hy buite is, wil hy vinniger die lang vaal bult vat, waaroor hy die môre met Ampie gekom het, oom Flip gee hom 'n harde raps en dryf hom hot-af. Nou kan hy hulle ook nie meer sien nie ... die kraalhek is leeg.

Die bewuste kom soos 'n trapsoetjies in sy kop gekruip. Die deurmekaar gedwarrel word al minder. Maar Ampie is totaal oorbluf toe die kraal leeg is en hy nog allénig in die hoek staan. Oom Kasper het seker in die haastigheid en gedrang vergeet om vir hom die vyf pond te gee.

Hy het baie lank daar in die hoek gebly, sukkelend om sy posiesie te verstaan. Eindlik roep die afslaer hom en presenteer hom somar botweg:

'Dê, hier is een pond agtien sielings vir jou donkie!' terwyl hy die geld in Ampie se verwaarloosde vuil hand laat klink.



'Omie pa sal my voeter! Ek moet vyf pond huistoe bring!' bars Ampie uit in bange durf. Die afslaer het hom nie gehoor nie, so skyn dit, want haastig stap hy na sy motor toe, en in drie telle snor die ding padlangs, dat die stofstreep so bly hang ...

Oor 'n lang, vaal bult, stap Ampie allenig huistoe, somar dwars deur die veld. Dit raak hom nie waar hy loop nie, want hy kan uitbars van droefnis; maar sy oë brand of die trane opdam in sy kop. Hy voel deurmekaar van al die gedagtes, en hy gewaar nie eers die klein-haakdorinkies nie, wat vaal strepe krap oor sy skurwe voete.

Van sy kindsdae af was die besit van 'n esel die toppunt van sy begeertes. Twee jaar gelede het hy vir ou Swartjie verdien, maar sy was te vol nukke, en ook gou-gou was hy uit haar uit. Sy pa het haar amper verniet weggegee aan 'n bondeldraerkoelie vir 'n broek en 'n baadjie, wat sy pa nou nog dra. Swartjie sou by die tyd al twee keer gevul het. - Nou het hy niks van haar nie! - Verlede jaar, ook in Juliemaand, het hy vir ou-Jakob gekry, as sy loon na 'n jaar se werk op 'n plaas. En daarvandaan was die wêreld syne en ou-Jakob s'n; want ou-Jakob was geskik vir enige onderneming. - Hy kon maar net sy kar vol droë miskoeke laai, smid toe ry - en hy het sy sieling. 'n Esel win 'n perd darem ver! - Vernaam ou-Jakob! - Hiervandaan sal hy streepsakke vol droë miskoeke self moet aandra smid toe. Nou sal hy moet stap na die wippe, wat hy orals in die veld gestel het vir hase. - Ou-Jakob weet waar die laaste een is. En Vlakplaas toe sal hy van hierdie heden af moet voetslaan. Ou-Jakob het geweet dat Annekie daar bly; want al sy geheime het hy so ry-ry vir hom vertel ... Vanmôre was ou-Jakob nog oor hierdie selfde bult met hom saam. Nou het sy maat daar-

onder agtergebly ... Hy begin seker ook al te verlang ...

Dis die hoogste punt van die bult, waar hy langs 'n doringboom staan, wat net so eensaam as Ampie is. Hy kyk met groot verlangste terug na die leegte, waarin Kasper Booyen se plaas lê, en die begeerte laat hom lewe, dat ou-Jakob dalk sal wegloop na hom toe ... So seker as die son skyn sal hy kom, as hy net 'n kans kry! Ou-Jakob sal wegspring daarvandaan, oor hierdie selfde bult na hom toe! ...

Die bult bly eensaam tot onderuit. Oom Kasper het seker vir ou-Jakob deëlik vasgesluit in die kamp ... Ag! hy sal hom nooit weer sien nie, sy ou maat ... Dis of sy hart stukkend breek en hy voel of sy klein boetie gesterwe het ... En dis alles net sy pa se skuld; want sy pa wil net die geld hê om 'n vark te koop ... 'n Gevoel van bitterheid groei in sy binnenste. En in die vlag van bitterheid draai hy hom en kyk nou af, na sy tuiste onder die lang, vaal bult en daar trek regop rimpels oor sy voorkop tussen sy oë, wat wild rondskuiwe in hul kasse, of hulle iets soek om seer te maak, en hy bars uit in 'n vloed van verwensinge en klagte:

'Nie 'n tree verder nie! Pa wil my uitroei, want pa is te sleg om te werk! Ek moet almelewe uitspring en pa vat somar vir ou-Jakob en sê ek moet hom vendusie toe bring, want pa het die geld nodig om die vark te koop ... Pa wil mal word oor 'n vark! ... Wat is 'n vark? ... 'n Mens vreet hom op en dis uit en gedaan; maar 'n esel hou solank as hy lewe. 'n Esel is die geskikste en taaiste dier wat die Here gemaak het, en so verstandig ... Kyk vir ou-Jakob!'

'n Dromerige glans het die kwaai gloed van sy oë verdring, en hy peins vol weedom oor die vervloë tyd met sy ou-maat saam. In die donkerste nag sou ou-Jakob vir hom huistoe bring, dwars deur die veld, waar

glad g'n pad eers is nie ... en as hy 'n pad eenmaal geloop het, kan jy die tweede slag maar die leisel los - hy sal g'n uitdraaipad vat nie! ...

'Ek kon al 'n trop esels gehad het! Vandag het ek nie eers 'n vulletjie nie!

Uiters moedeloos en vol bitterheid, tog so onmagtig voelend, gooi hy hom op sy maag neer onder die soet-doringboom, sy kop in die koelte en sy arms gekruis onder sy voorkop. - En nou snik Ampie dat sy lyf so skud - tot die slaap sy droefnis wegneem. - So bly hy daar ure lank lê.

Gewend aan ontbering in elke vorm, onverskillig vir hitte of kou, ru grootgebring in die onmaatskappelikste bandeloosheid, is die rus vir daardie Afrikanerkind 'n verlossing uit die groot hartseer van sy klein lewe. - Sy oupa was ook een van hulle, wat die pad hier oopgemaak het vir die beskawing. Maar die beskawing, wat wissel na die luim van volksbegrippe, het Ampie se vader soos duisende van sy lotgenote, oorweldig en gebreek. Vreemde toestande het hom en sy huisgesin afgestoot langs die hange wat opklim uit die moerasse van ons arme-blankedom. Die opbou van die huisgesin, deur 'n minderwaardige man en 'n simpele vrou, het die afgly soontoe verhaas. En gebore in die gestadige verslegting van sy ouers, het hy die vryheid van 'n dierlike lewe liefgekry, en die dwang van beskawing gehaat, wat hom op die skoolbanke geforseer het. Jarelang het Ampie daar die grootste kwelling van sy lewe deurstaan. Onvatbaar en onmagtig om te begryp, wat die klein kindertjies so maklik kon verstaan het, tot dat sy leeftyd die vryheid weer vir hom teruggebring het. Nou is hy die produk van wat sy liggaam en sy sinne wil. Bang vir wat sterker, en wreed teen wat swakker is as hy; en lief vir sy maat, sku vir alles wat vreemd is, gulsig as hy eet of drink, en tevrede met die hardste bed as hy wil slaap.

Stadig kruip die skaduwee van die soetdoringboom oor die slegtoegewerkte ou skeure en rafels van die toiings op sy rug, die winkelhake van sy plunje, wat Ampie self met ru garing toegetrek het om tog ordentlik te lyk as hy na Vlakplaas toe ry, waar Annekie woon; en hy besit maar net hierdie ou baadjie.

Soetjies gly die koelte oor die flenterbroek, wat geen vierkante duim van sy eerste stoffasie meer kan wys nie. Alles is net vaal van die stof, wat daarop maande reeds geplak het. En die son skuif skelmpies die skaduwee van die eensame soetdoringboom oor twee swart, skurwe hakskeenseninge van daardie Afrikanerkind. - Dit word kil onder die doringboom. Ampie rek hom uit en kom stadig by sy positiewe, soos 'n bees wat opstaan, hom uitrek en bly staan tot die instink begin te werk en koers vat. Sonder gedagte, loom van die lekker uitrus, stut hy hom stadig op tot hy reg sit met sy rug teen die stam, sy bene hoog opgetrek en sy hande om die kniekoppe gevou. Die groot sakkerige keps, tydens die slaap dwars geskuif op sy swart wolhaar kop, vermeerder die slordige onverskilligheid, wat die hele vertoning daar uitdruk. Sy oë staan dom en geesloos, en dis duidlik dat niks hom op die oomblik hinder nie, want onbeweeglik bly hy lank so sit in die lewenlose houding ... 'n Grillige opskudding van sy lyf veroorsaak deur die kilheid in die koelte, bring eindlik 'n kering. Ampie knyp sy oë toe en rek sy arms en bolyf lui en lekker uit, en gaap 'n lang, groot gaap, terwyl hy so gaperig sê:

'Die son is sowaar amper onder,' en met vaster stem: 'Soe, maar ek het nou regtig honger!' Hy begin rond te kyk, en daar kom ook meer lewe in sy blik. En toe die blik bly rus op 'n ou-steen murasie, daar vèr onder die bult, wat gedeeltelik bedek met 'n ruie dak, so duidlik voor hom staan, spring hy skielik orent, en

die gebeurde rys voor sy gees, net so duidlik. Daar is sy tuiste, en daar wag sy pa nou seker, baie verkeerd en haastig vir die vyf pond, wat hy moet saambring van die vendusie. En wat kan hy vir sy pa lewer? Sy pa sal mos glad mal word van kwaadheid. So'n skelm afslaer! Hy het daardie gladde bek van hom nie verniet nie. So duidlik het die vabond, vyf pond ... vyf pond gesê ... Mistroostig sit hy weer plat op die grond teen die stam... Onrustig vat hy nou 'n smerige tabaksakkie met die geld uit sy binnebaadjiesak, wat hy met 'n hakspeld toegehaak het. Sy swart boskasie van hare buig vooroor, terwyl hy die geld voor hom tussen sy bene in sy keps uitskud. Langsaam, onseker, tel en tel hy daardie muntstukke oor en oor, en hy sug diep omdat die som nie eers twee pond haal nie. Mismoedig haak hy sy baadjie se binnesak weer vas, en in sy oë begin 'n siel te lewe, wat beangs word. Hy spring orent; maar kan nie besluit om koers te vat nie. Dit groei, die bangheid in sy donkerbruin oë, wat nou wild rondkyk of hulle 'n skuiling soek vir Ampie. Die bult afvorentoe durf hy nie; dis of 'n monster daar opklim om vir hom te verniel. - Sy pa sal hom nou mishandel - sy pa is mos nes 'n mal bees as hy kwaad word; hy sal hom verwurg ... en dit oor sy eie goed! ... sy eie goed! ...

Maar sy angs maak hom ook slu, en vinnig skiet daar nou skelm planne deur sy kop. Hy sal mos nie naby sy pa kom nie en sorg om langs die deur te bly. Hy sal reguit sê, dat die afslaer hom verneuk het - en as sy pa hom dan wil gryp ... hy sal mos uitspring of die duiwel agter hom is, en dan lyk sy pa 'n mooi een om vir hom te vang, en sy asem is ook baie langer as sy pa s'n. En dan pyl hy somar reguit Vlakplaas toe, en daar sal hy vir Annekie van sy swaar vertel ... van die ongeregtigheid en verneukslag met ou-Jakob. Dan sal hulle opsit tot oor middernag en lekker gesels en

saam planne maak. En dit verhelder soos 'n blits sy sinne. Nee-wat, hy sal glad nie huis toe gaan nie, nooit weer nie! Wat traak dit hom met sy pa? Was ou-Jakob dan nie regtig syne nie? En die geld is mos sy geld ... hy kan tog met sy geld maak wat hy wil!

Sy angs het heeltemal verdwyn. In sy harsings swel die heerlikheid van 'n toekoms met baie geld, volop lekker kos en Annekie ... In die dorp by die slagpale kan hy somar maklik geld verdien, en baie vlees eet verniet boonop ... Een dag sal hy dan vir Annekie kom haal, wanneer hy sy eie span esels agtermekaar het, en die een met die anderdag sy ses sielings kan uitslaan, met karweiwerk en ander joppies by die slagpale. En hulle twee kan heeldag braaivlees eet sonder om 'n pennie te betaal.

Die geluk blink hom toe in die strale van die son, wat wil wegduik agter Vlakplaas. Dit juig in sy hart, wat groot word in die wêreld so klein om hom nou, en groot van geluk dwaal sy bruin oë in daardie rigting, waar Annekie woon - kinderoë; wat nuwe speelgoed geware.

Daar skiet deur sy bloed 'n nuwe lewenskrag, wat hom opja. Hy gee so'n skree van uitbundige geluk, en sny somar dwars deur die veld in vinnige draf - springend oor miershope van pure vermaltheid, reguit na die son, wat wegduik agter Vlakplaas se rante.

## **Hoofstuk II. Op Vlakplaas.**

Ampie se bandelose lewe is 'n aaneenskakeling van die onmaatskappelikste gebeurtenisse, omdat geen tuisplek in werklikheid as sodanig syne is nie. - Vir sy pa is hy bang. Van die kinders neem hy, as die oudste, weinig notiesie en hulle, behalwe sy kleinboet, is vir Ampie bang, omdat hy hulle afknou en boelie; meesal somar verniet. Van sy kleinboet hou hy ordentlik baie, omdat hy sy enigste boetie is, en vir sy simpele moeder voel hy soms 'n geneentheid, wat haar buitensporige aanhanklikheid, met vlae en grille aan hom gewijs, teweeggebring het. Sy vind plesier daarin om vir hom skrik te maak, met hom te stoei, hom agterna te sit met klippe, of enigiets in haar bereik. Dis al wat hom na sy tuiste kon laat verlang het - sy simpele moeder en sy klein boetie. Ouerlike leiding was daar nooit nie, ouerlike raad selde, rusie altoos; omdat sy raadgewers self leiding en raad kort gekom het, en 'n behoefte om te raas in eie kring, die maklikste openbaring was van hulle verkropte ellende. 'n Gedurige stamp en stoot onder mekaar, met woord en daad, het die onderlinge omgang van die Nortjees in en om hulle pondok, gekenmerk. Liefde het daar nooit geskyn nie, of vir Ampie, waar hy verkeerd was, reggehelp. - Wel het veelal die angs vir 'n halfdoodmaak kastyding, alle redelike weerstand laat verwrok en die fyner gevoelens van billikheid en reg diep ver-

dring en versmoor in sy binnenste om plek te maak vir lafhartigheid en lis.

Die wrede krag van die vader het hom geknelter in die perke van die vaderlike gesag, waar hy gehoorsaam en gedwee gelyk het; dog in werklikheid het sy vlak harsings planne verwerk, om sy vader te uitoorlê, en amper gedurig heers daar 'n vals verhouding tussen hulle. Selde sal ou-David Nortjé en sy seun persies mooi langs mekaar stap; wel wanneer eenselfde doel hulle laat koers vat; anders slenter Ampie altoos 'n entjie agter sy pa, sku en skelm.

Maar onder die invloed van sy vader uit, het hy gedagteloos vir die gevolge deurgedruk, luisterend na die drang van sy impulsiewe temperament. - Die ondervindig het hom geslepener gemaak om die moontlike kwaai gevolge van sy daade te ontduik. Dis vir hom amper 'n noodsaaklikheid om te lieg, ook al bestaan daar weinig rede om 'n leuen te vertel. Tog, as die knelter losgemaak is, die vryheid buite hom ophef, is hy tienmaal beter mens. Die drang van verkropte gevoelens kan uitbars, al is dit deur verwensing in die lug of deur doellose drifvlae. Teenoor homself sal sy handel eerlik bly; ook kan 'n liefde as vir ou-Jakob hom teer maak.

In die skemerte, toe hy so baldadig oor die miershope en graspolle wegspring na Vlakplaas toe, deurdring al wat goed in Ampie is sy hele persoon. Dis of die wêreld vir hom oopgaan, waar pure liefde hom lok. O, dis 'n uitbars hierdie wat die kettings van 'n slaafse lewe van vrees en bedrog sal breek ... Die son is al onder; maar hy hardloop nog na die lig van vrye lewe, soos sy gees dit daar gunter aan die horison nog sien, bokant Vlakplaas - met Annekie.

Die seun het al meermale uitbarste gehad. Vir die Nortjees was dit niks ongewoons nie, as hy kort-kort



skielik wegraak om na 'n dag of twee, drie weer tussen die ongeërgde huisgenote te verskyn met die boodskap: 'Oom Tys en tant Annie het groetnis laat weet!' ook al het hy nooit by daardie famielie van hom gekuier nie. 'n Leuen het hom nog nooit direk seergemaak nie, die waarheid wel, veral toe hy nog op skool was en eerlik vir die meester gesê het, dat hy nie sy les geleer het nie.

Maar hierdie uitbars was gedryf deur die laaste krag van sy liggaam en gees, na die begin van 'n nuwe heerlike lewe, na sy pasgebore en sterk groeiende eerste liefde - die ander uitbarste was mos somar spulletjies. Dis nou 'n wolkbreek, wat vol riviere uitstoot oor alle hindernisse.

Die donker sak toe, wat sy vaart strem, tot hy rustiger aangaan en ook beheer oor sy gedagtes begin kry. - Vlakplaas is 'n ompad dorp toe; maar wat sal hy op die dorp by die slagpale gaan soek, as hy nie eers oor alles met Annekie gesels het nie? Hy moet haar positief duidlik maak hoe hy nou wil gaan werk vir hulle twee saam, en hoe volop hulle lewe sal word, daar by die vlees en karweijoppies. Maar sy sal dit moet dighou as die geheim van haar lewe, tot hy haar die dag kom haal met sy eie rygoed - self 'n man. - Hulle twee kan vanaand nog 'n ruk lekker gesels. Hy sal haar ook positief vra om na haar te vry, want dit hoort so.

'n Helder sterrehemel welf oor die donker wêreld, koud en groot, weerskante die eensame voetpad, waar net die klap van Ampie se kaal voete in die stilte opklink. Klein en verlore lyk die wesentjie in die onpeilbare duisternis rondom. Groot is die siel, wat net die sterre daarbo sien en vol blyheid die kille duister trotseer, gelukkig met sy kinderverstand vol heerlike verbeelding, omdat hy geen kennis van die groot wêreld

besit nie. Moedig stap hy die kou van hom af. Die winter is geen vyand van Ampie nie. 'n Streepsak hou hom warm genoeg om aan die slaap te raak, en as hy eenmaal soos 'n opgekrimpte ystervarkie lê en slaap, dan voel hy mos g'n kou nie! 'n letsie stywerig mag sy litte in die môre wees - nes 'n bees se litte in die winter-môre ook maar stywerig is, maar so'n paar draaie in die son, en hulle is weer heeltemal geskik. Vanaand hou die drang om by Annekie te wees hom warm. Aits! hoe verlang hy na Annekie vanaand! Nooit het daardie meisiekind hom soos nou geja nie. Dis of sy asem kort word toe hy die liggie van oom Tys se huis gewaar.

Net toe hy die deur se klink lig, en sy oogopslag die verrigtinge in die woning sien, word Ampie plotseling homselwe in die afgeslotenheid, waar mense besig is, en hy voel of iets hom oorweldig en bang maak. - Die vrye gees van die heel-aand-al wyk en sy gevoelens, wat heerlik los gewerskaf het, word laf en slu. Die vier mure het hom vasgevang, en die swaar atmosfeer daarbinne druk hom klein; want oom Tys hou boeke.

Niemand van al die mense het geroer nie - die oomblik eis hul algehele aandag. Tog het sy onrustige oë ook daadlik vir Annekie gewaar, en skielik het hy skamerig op sy kaal sterk tone gesluip na die horrelpoot bankie, daar langs die oorkantste lang muur, en in die halfdonker sit hy nou penrêgop, solank as die boekevat duur. Roer hy hom effens, dan raas die horrelpoot bankie en dan skyn dit hom of die hele boekevat so'n oomblik stilstaan, en hy dwing sy houding krampagtig in eenselfde posiesie, almaardeur. Sy oë staar net na die groep daar in die ligstreep, in die middel van die vertrek.

Net daardie een lang vertrek doen diens vir al die kamers wat 'n witmenshuis behoort te hê. Die armoede duister weg weerskante die groep, wat om 'n walmende

lampoliepitjie op die tafel sit en luister na die eentonige basgeluid van die vader se woorde uit die bybel. - Dit vorder maar gebrekkig; oom Tys het slegs drie maande in sy lewe skoolgehad. Tog is die stemming hoogs ernstig. Vol eerbied luister almal, hoewel niemand verstaan nie. Almal voel dat dit 'n oomblik is van oorgawe aan 'n misterie van ewige Almag, wat kan verpletter en versorg en deur 'n pal gewoonte is die oomblik vir hulle heilig; niks mag hulle aandag aflei nie. - Dis die enigste band wat hulle aan 'n beter verlede koppel, en dit plaas oom Tys se huisgesin 'n trappie hoër as die huisgesin waar Ampie aan behoort; want Ampie weet net van boekevat hier by oom Tys. - Die gees van bange eerbied het hom daadlik in hoë mate gepak. Pal staar sy groot oë na die gebukte kop van sy oom, waaruit die onbegryplike woorde as magspreuke so eentonig dreun, en 'n bromstem so onverstaanbaar uit die grootboek lees, wat almal Gods woord noem. Vrees bekruip hom; hy huiwer as hy in so'n diensie die vreeslike God moet nader, wat net gereed is om die mensdom te straf; want liefde het sy lewe nimmer opgeluister nie. Hy voel homselwe magteloos, nes hy teenoor sy vader voel, as die hom wil kasty; maar veel intenser hier, waar die onsigbre oral binnekant die vier mure is, en in die diepste duister tog vir Ampie so helder geware. - Hier help sy sluheid niks nie, nog sy uitoorlê planne; hy is vasgekeer. Dis alles 'n geweldige geheimsinnigheid. Ampie is benoud vir die onverwagte strafmaniere van die Almag. - Dit verklaar sy vrees vir onweer. As die openbaring van die Godheid se toorn bo hom in die lugte saampak, dan wil hy wegkruip in die digste skuilplek vir die blitse en donderslae.

Hy moet maar penregop daar op die raserige privaat bankie sit en pal vir oom Tys dophou tot hy amen gesê het.

In die skemerte glim Ampie se oë soos sterre, wat klein in die winterhemel roerloos na die wêreld staar.

Maar oom Tys lees baie stadig en vanaand is die hoofstuk lank, of liever Ampie se oë word deur die godsdienstigheid afgelei, en sy gedagtes swaai onwillekeurig 'n weinig weg vanwaar die dreunklank opklink ... Daardie donker los hare, wat vèr oor die rug hang, en die vyftienjarige vaste lyfie van Annekie hiervoor, trek hom en dit maak sy gemoed saf sodat die somber klanke van oom Tys sy siel ontroer. - Hy luister, luister onverpoos. Die warboel van godsdienstige klanke gloei in sy ernstige oë, wat klou aan daardie donker hardos en o, hy het Annekie nou so lief, dat sy liefde die boekevat sal uitoorlê.

En toe Annekie en almal opstaan om te sing, word Ampie nader gedryf na die middel van die vertrek, en hy kry hom langs Annekie, sodat hy met die Tys-familië moet opgaan in hulle laaste lied. - Sy stem groei in volume as hulle die slotpsalm, deur die laaste singkragte van die huisgesin uitgestoot, aanhef. - Die eerste paar klanke van 'Uit diepten van ellende' druk oom Tys alleen deur, en toe val die moeder in met 'n stem so skerp soos 'n skeermes. Haar uitsing is baie deurdringender as al die ander se uitsing saam, en as almal die liederwys van die boetpsalm gevat het, lyk dit of die geluidsgolwe die lang kamer wil uitduie. - As die liederwys reg gesing word, gaan dit asof hy met al die ellende van die boetpsalm weghuppel; maar hier, ongeskool en ru, met lang uithalers en vol koraalnote, word nog iets van die ellende weergegee, wat die sieltreffende psalmboekwys so innig laat voel. - Dis duidlik dat die boekevat hier vrugbaar is. Nou is daar 'n werkendheid, omdat almal aan die diens werklik kan deelneem, en geesdrif omdat die boekevat hier lewe

het, en dit die godsdienstigste openbaring van die oomblik is.

Nouliks het oom Tys se amen die dankgebed afgesluit, of die huisgenote behoort weer aan die wêreld en neem notiesie van Ampie.

Terwyl oom Tys met fyn gefrommelde vrot tabaksblare sy pyp stop, vra hy vir Ampie na die welstand tuis; waarop Ampie sonder enige bedenking maar weglieg: 'Pa en ma het groetnis laat weet. Pa sit 'n bylsteel in; ma pas kind op.'

Op die oomblik egter laat sy liggaam hom gelde. Sy grootste kwelling is dat hy honger het en hy vra reguit vir Annekie kos.

Ampie neffens die tafel vorm nou 'n middelpunt van doellose vrae; maar Annekie weet dat Ampie honger is, en sy roer haar, terwyl sy opgeruimd trag om te vertel:

'Ek het my gister amper doodgeskrik,' sê sy lag-lag, terwyl sy 'n hoekie regmaak op die tafel. - Effens grimlag hy terug, maar sê niksnie, want hy moet inspeksie hou van haar ouboet se selfgefabriseerde ghitaar, soos Boet die ding noem, inmekaar gesit van 'n eengellingse lampolieblik, 'n drieduims breë kasplank, binnedraad en koperdraad en houtpenne, wat die snare moet styf hou. - Bart is die musikant van die Tys-famelië. Hy laat al hoor wat die instrument kan doen, en Ampie voel hom nou weer eie en vrypostig.

'Gee, laat ek sien!'

Hy ruk die nuwerwetse ghitaar uit die eienaar se hand, sodat die skerp blik 'n rooi streep oor Bart se duim trek.

'Jy is moedswillig, nê?' brom Bart.

Hy is swakker as Ampie, en moet met kwaai oë sit en aankyk hoe Ampie hardhandig oor die snare stryk. - Oom Tys lag oor sy oudste seun se verleentheid, en die ander lag oor Ampie so toonloos snel agtermekaar 'n rympie onder die onmoontlikste snareklank afratel:

'Piet van Zyl.  
 Hy skiet met 'n pyl.  
 Hy boor met 'n boor  
 En dis mooi om te hoor.  
 Hy saag met 'n saag.  
 En daar kom hy klaag.  
 Hy maak 'n juk  
 En hy breek hom in stuk ...'

Die groot diep erdebord vol stywe mieliepap en koue boontjiessop daaroor, breek die rympe. Haastig gee Ampie sy neef se instrument terug. 'Dê vat jou gemors!' en hy sak weg in die bordvol met groot gulsige stukke, dat sy kop so meegee met elke sluk. Net Annekie wil te graag iets vir Ampie vertel. Sy gaan teenoor hom sit en skuif haar elleboë oor die tafel, sodat haar oop gesig vol in die lig is en haar groot oë Ampie se lepelsvol mond toe volg. - En waarlik in die langkamer is Annekie die aantreklikste van al die huisgenote, waarvan niemand mooi is nie. Almal lyk taai, niemand intelligent nie. Behalve oom Tys en Bart, wat baie na sy pa trek, dra almal 'n besondere kenmerk, van die moeder se kant, op die kinders oorgestempel. Hulle oë gee te ver pad van die neus af, onder breë plat voorkoppe, wat die gesigte dom maak. Dog hoewel Annekie haar oë 'n ietsie wyd staan, is hulle mooi blou kykers, wat meesal vrindlik rondkyk, en haar gesig lyk fris as van 'n gesonde dogter van die veld.

Die lepelsvol trek haar aandag effens af van wat sy wil vertel. 'Ek het my gister amper dood geskrik,' herhaal sy te koel vir so'n vreeslike saak, dog vervolg lewendiger: 'Haai jongie! Waar was jy?'

Ampie vra kou-kou vir haar hoe sy dan gemaak het.

'Ek het die heel môre geloop en soek na ... jy weet Ampie, die tarentaal wat so vreeslik kan skree?'

‘Daardie een wat ek laas met die voolrek katswink geskiet het?’ vra hy onder kou en sluk deur. ‘Dit was te komieklik - op en onderste bo, en toe beginne hy so triesterig te tsjier! tsjier! En toe word hy skielik reg en draf of die duiwel hom ry!’

‘Nou ja Ampie dis daardie tarentaal, wat so vreeslik kan skree.’

Ampie knik instemmend, wyl hy haastig 'n mondvul leegsluk om gou nog boontjiesop en pap te vra, voor Annekie verder wil vertel. ‘Asseblief as daar nog te spare is.’

Annekie bring weer net so'n vol bord as flus, en ewe gulsig sak hy weg in die heerlike ete.

In haar beste humeur gaan Annekie verder: ‘Nou ja, Ampie, daardie tarentaal is broeis, en ek kon haar nes nie kry nie. Ek het gesoek en gesoek, maar verniet.’

‘Dis nie daardie een wat so vreeslik skree nie!’ dreun die ma botweg tussenin.

‘Ons het mos 'n hele paar van hulle wat so goddeloos kan skree,’ sê oom Tys, ‘hulle versondig jou siel!’

‘Pa maar die een wat ek bedoel is almal se moses. Hy skree op 'n akkoord, dit sny so dwarsdeur jou kop - ek bedoel hom pa ... Nou ja, Ampie, ek soek toe al heel môre; maar ek kon maar nie die nes kry nie; en net toe ek wou opgee, spring die tarentaal uit die ruigte met 'n vreeslike gedruis en ek ...’

‘Waar was ek met die rek?’ val Ampie in, klaar geeet en vol windmaak. ‘Ek sou hom gekwint het dat sy gorrel nooit weer sou geskree het nie!’

‘Jy hou jou verniet so danig, Ampie; jy sou ook maar net so lelik geskrik het; want dit was te skielik, en die tarentaal sou skoonveld gewees het,’ sê Annekie.

Die slaap het al die bewoners van die eenkamer-

woning bekrui; behalwe vir Ampie en Annekie, wat opsit; tenminste Ampie voel dat dit 'n regtige opsit is, nie 'n speel-speel opsit soos hulle gewend was nie. - Die onplesierige geel vlammetjie van die lampoliepitjie, stoot sy ongesonde walm deur die vertrek. 'n Verskeidenheid van snork- en verwurggeluide vul die kamer, asof toorn en doodsbenoudheid mekaar uitkoggel. Dis vir hulle twee geen stoornis nie; maar wat wel hinder is 'n onnatuurlike stroefheid, wat hulle vanaand so wonderlik uitmekaar uit hou. Ampie voel die gewigtigheid, wat 'n keerpunt in sy lewe beteken, en die groot stap en die nuwe koers is so moeilik, nou hulle houding so vreemd lyk. Annekie is so eenkant en stil nou, en sy kyk maar teensinnig op of sy haar vererg.

Maar Annekie is bewus dat daar iets besonders deur Ampie se kop dwaal. Hoekom bly hy dan so sedig en dooierig? ... Of wil hy dalk perbeer om haar been te trek ...? Hy lyk 'n mooi een vanaand. Hy moenie dink dat sy vermaak se kind is nie, sy sal somar reguit kooi toe gaan. - Ontevrede trek sy uit 'n stapeltjie boeke op die tafel - psalmboeke, bybel en kategisasieboeke - haar vraeboek ... sy sal maar solank aanneemlesse leer ...

Hulle twee het al baie keer opgesit saam, soos kinders, wat meesal rusie maak en kwaad uitmekaar gaan, of partykeer saam hulle vrae leer en mekaar oorhoor. By 'n vorige geleentheid het hy haar, na 'n stryery met 'jou flenterjas!' beduie, en sy het vir hom toe 'jou bobbejaan gevreet!' genoem, wat Ampie woes gemaak het, omdat hy oortuig was dat sy hom slegter gesê het, as hy vir haar; en sy moes slaapplek toe wegkoes vir sy vuiste.

Vanaand is sake glad gedraai. Annekie is vir hom geen speelmaat meer nie. Toe die huisgesin nog om die tafel gesit het, was hy 'n groot man, feitelik het hy toe



sy ambiesie en planne tydelik vergeet. Nou dwing sy hartslag om die bewerasie te kry en hy moet net sluk. Hy voel dat hy regtig vir Annekie liefhet. Sy oë dwaal begerig oor die donker lang hare, wyl sy daar so gebukkend sit, skuins van hom af weg, en oor die eenkant van die gevulde gesig en rooi wang ... Sy stem bewe as hy eindlik vra:

‘Voel jy sleg Annekie?’ Hy vra dit om tog maar iets te sê en sonder om dit te meen.

‘Nee! Waaroor sal ek dan slegvoel?’ Sy kyk op, want Ampie se stem klink ook vreemd, nie meer soos flus nie. - ‘Ek kry vaak!’ Sy moet haar oë afdraai vir Ampie se gloeiend verliefde blik. Maar die spanning is gebreek. Baie rustiger hervat hy:

‘Jy lyk nes jou ma as jy so gebukkend sit.’

‘En jy nes jou pa voor hy hom gewas het!’ is haar skalke antwoord, vergesel van 'n spotlag, en geestig glinster haar oë. - Sy hou haar gereed om weg te spring; want Ampie kan haar dalk 'n klap gee. Hy 't skielik kwaai gekyk en die regop rimpel trek oor sy voorkop.

‘Jy begin weer nes die ander aand nê? Ek sal vir jou takel!’ dreig hy.

‘Jy is al te kontant met jou slae aanpresenteer!’

‘Wag Annekie, laat staan nou die rusiemaak! Kom ons gesels liewerste.’

‘Jy sit dan nes 'n gompop, wat geen a-b-jab kan sê nie - gesels! Ek sal luister!’

‘Ek het groot sake om met jou oor te praat - kom sit nader!’ Hy voel nou kalm en beslis. Dit begin ook stadig tyd word, dat hy moet verder gaan. ‘Kom sit nader Annekie!’

Sy kom nie naderby nie, maar sê simpatiek:

‘Jy is vanaand so vreemd en stemmig ... wat makeer?’

Toe blits sy oë van toorn en sy skrik vir sy driftige stem:

‘Pa wil my mos uitroei! Vandag moes ek vir ou-Jakob laat opveil! Maar dis laaste sien!’ en bedaar, met 'n teer klank. ‘En wat sal jy daarvan dink, Annekie, as ek so ewe skielik weg raak?’ sê hy opstaande, wat haar verwondering laat klim. Hy is glad anderste vanaand as al die ander aande, sy voel bangerig vir hom, en dis of iets haar dwing om te gehoorsaam, as hy vir haar wink en sê: ‘Ek wil jou 'n bietjie sien asseblief!’

Dit word nou vir haar 'n snaakse grap, wat haar nuuskierigheid prikkel.

‘Maar jy sien my dan die heel aand al,’ terwyl sy opstaan en tog 'n tree naderkom. ‘Praat! praat! Ek wil gaan slaap! Onkruid vergaan nie! Wat wou jy wegraak voor?’

‘Gee jou hand!’ is sy order kort en beslis.

Nog 'n tree kom sy nader en hy vat haar hand, en meet met 'n voorslagriempie die dikte van haar ringvinger. Sy is stom en voel verbaas, nuuskierig. Wat wil Ampie dan nou maak? Versigtig en persies maak hy twee knope in die voorslagriempie en bêre dit in die tabaksakkie, waarin sy een pond agtien sielings ook is. Deeglik steek hy die baadjiesak met die hakspeld toe en sê saaklik:

‘Ek wil vir jou 'n ring koop Annekie.’

Soos 'n koorsrilling skud die verrassing deur haar liggaam. Ampie het haar heeltemal gewen. Toe hy weer haar hand vat, dwing sy digter na hom toe. Dis haar nou heerlijk duidlik, Ampie wil vir haar 'n ring koop. En terwyl Ampie so gelukkig haar vaster teen hom druk, en sy hand oor haar dik bos hare stryk en stryk, stu haar begeerte visioene voor haar gees. In die oomblik skitter heel die toekoms. Sy wil 'n ring hê, wat fonkel en almelewe 'n mens se oë vang, 'n ring om mee te spog

en haar maats te laat verwonder, 'n ring net soos die 'tietsier' hare. Ampie het baie geld. Sy het die tabaksakkie hoor klink en hy was oor die helfte vol, soos dit vir haar gelyk het. Tal van heerlikhede vul haar gedagtes en sy hou haar oë smagtend op na Ampie s'n. Hy soen haar hartstogielik.

Toe is dit of sy plotseling ontwaak, effens wring sy haar los. - So het Ampie nog nooit met haar gewerk nie.

'En toe? Wat gaan nou aan? Nee jongie! Jy is darem àl te eie en astant vanaand!' Sy staan nou los van hom af.

'Ek is my eie baas Annekie. Ek sal jou kom haal met my eie trollie en ag donkies. Dan trek ons slagpale toe by die dorp. Daar sal ons vlees eet dag vir dag en lekker saam lewe. Sal jy dan saamkom Annekie?'

Sy voel ietsie teleurgestel. Daardie vooruitsig is nie so aantreklik as om 'n ring te kry nie ... 'Ek weet nie. Ek kan mos nie van ma-hulle af pad gee somarso nie!'

'Maar ek wil vir jou kom vat as my vrou, en dis die dat ek vir jou 'n ring sal saambring, want waarna lyk dit as 'n mens trou sonder 'n ring?'

Hulle redeneer nou soos twee ouderlinge oor 'n kerkkwessie. Sy maak vir Ampie duidlik met 'n teregwysing, as van 'n moeder.

'Maar jy is stuitig om so ewe skielik te wil trou! 'n jongetjie moet mos eers die jawoord kry, en as hy die jawoord gekry het, dan koop hy die ring, en dan vra hy ouers en dan word hy aangeneem en ... dan ... dan eers trou hulle ... Jy is glad te haastig Ampie!'

Hy word terneergedruk deur die mag van waarheid wat hy nog moet oorweldig, en daar kom weerstand in sy gees.

Sy voel bewus dat sy vir hom alles mooi beduie het, en tog is sy effens ontevrede oor haarself ... As Ampie

tog nou maar die jawoord vra! Hoekom het sy maar liewerste nie eers van 'n ring gepraat nie? Sy bly hom moedig in die oë kyk; maar gou-gou voel sy hoe sy ingee; want daardie oë van hom het woes geword. Sy blik skiet vonke oor die vaste lyfie van wat hy die liefste het en hy gryp haar heftig aan haar skouers toe hy dreigend fluister:

‘Ek sal vir jou laat toor! Sowaar! Jy sal moet saamkom as ek vir jou die dag kom haal ... Ek sal die toorgoed koop daar by die slamse in die dorp. Jy sal moet saamkom! of hoe sê jy Annekie? Sal jy tevrede wees om saam te kom?’

Verskrik deur die heftigheid verdwyn haar speelse weerstand. Sy is bang vir die slamse toorgoed, wat 'n mens somar goedsmoeds vang en ongelukkig maak. Dit sal haar tog niks help om teen 'n goëlyery te stry nie. Dit bekruij jou orals waar jy loop.

‘Ek moet maar tevrede wees; wat kan ek maak as jy vir my wil toor?’

Nou vat hy haar weer teer, en trek vir Annekie weer lossies aan haar skouers nader.

‘Ek vat van hierdie heden af my eie koers. Ek het mos nou jou jawoord nê my liefste Annekie?’

Bangerig gee sy die jawoord, nouliks hoorbaar. - Sy sal hom volg, al was dit nou. Sy voel of sy so tussen waak en droom in handel. - Lank hou hy haar so innig in sy arms, en soen haar lippe, wat sy willoos na hom ophef.

‘Ek moet nou loop,’ sug hy eindlik, dronk van geluk ... Toe stap hy stadig na die deur en maak hom oop. Die koue naglug dring in die bedompige woning, en 'n frisheid deurtrek daadlik hulle gedagtes.

‘Ek wil nou trap! Jy moet dit dighou hoor!’

‘Ja, Ampie, sekerlik! ... Jy moenie my ring vergeet nie nê? So'n blinke met baie steentjies soos klein ger-

naatpitte ... een wat jou oë seermaak as jy daarna kyk.'

Die duister van die winternag het vir hom al aan haar blik onttrek; maar lank nog het Annekie in die koers geslaar, waarin die eensame Ampie verdwyn het ... en sy voel nou regtig hartseer oor hy weg is.

### **Hoofstuk III.**

#### **Weelde.**

Die vroeë môre hang swaar oor die dorp. Huise en bome is verwaas in newels, waardeur enkele lui rookwolkies bo die wonings van baie vroeë mense, breed uitwarrel.

Ampie staan ontroer as hy op die hoogte uitkom en die dowwe dorp in 'n mistige verborgenheid hier voor hom sien. Hy huiwer; en staar oor die skouspel, bevange deur die geheimsinnigheid.

Naby, onder die hoogte, lig 'n voordorpie hom uit die newels uit. - Verpotte sinkkamertjies en met blik toegelapte huisies, langs mekaar gepak, is 'n broeiplek van ons arme blanke. Die hartlose welvaart het hulle uitgedruk, eers na die beter huisies aan die ingang van die voordorp. Hoogmoed het nog vir so'n ruk die skyn van vernaamheid blinkende gehou. Maar werkeloosheid kan geen huisgesin lank uithou nie. En die armeblankedom filter deur smal strate en benoude jaardjies na die sink en blik huisies. En wat in blikkiesdorp nie meer kan lewe nie, soek uitkoms op die plase, vanwaar hul vroeër na die dorp toe getrek het. Die harde eise van die maatskappy kwel hulle buite nie, al bly daar baie dae honger in die huis.

Een van hulle staan nou op die hoogte en aikyk na 'n dunnerige rokie, wat bo een van die blik huisies optrek. Tant Fyta woon daar, 'n niggie van sy vader. Dikwels het hy met sy pa saam daar vertoef as hulle dorp-toe

moes. En sy het altoos 'n pinkiebeker koffie met 'n bokwagter sny brood vir hulle gegee, en baie gesels oor hulle armoede en die verkeerde wette van die land. - Ampie het lus vir koffie; maar hy oorweeg die moontlikheid, dat sy pa, as hy sy spoor vat, daar by tant Fytahulle eers sal informeer ...

'Soe, dis vir jou geniepsig hier op die bultjie!' Sy hande diep in die broeksakke, stap Ampie dapper oor die skotige afdraende, wat van blikkiesdorp af padgee, en oorgaan in die hoofstraat van die dorp. - Hy sal maar eers kyk of hy nie 'n ring vir Annekie kan koop nie. Ou-Moosa se winkel sal seker nou al oop wees. Dan sal hy perbeer om 'n stukkie kos raak te loop; daarna kan hy dan so op sy tyd na die slagpale toestap, en as hy eers daar is, sal hy wel verder oor die bult kom. Hy ken vir ou-Moosa, dikwels het hy gemmerbier daar gekoop. Ou-Moosa sal hom seker nie te veel vir 'n ring vra nie. Hy sal maar maak of hy kastig baie arm is.

Die deur is nog toe; maar die venster wys darem baie, wat vir Ampie mooi is. Daar lê of hang agter die klein vuil raampies 'n wavrag amper van alles, wat sy hart begeer; maar daardie leer belt, waarin 'n mens baie geld kan bêre, is vir hom vèr die aantreklikste. Hy hang so lokkend met sy skrefie bo, net klaar om die ponde daardeur weg te sluk, in sy donkergeel derm. - En jy kan maar vir hulle instoot, so een agter die ander; omtrent vyfentwintig agter mekaar - en jy kan hulle altoos vas om jou lyf voel, sonder dat 'n ander dit sal agterkom. - As jy hom goed vas gèspe, is die geld so veilig as in die geldkis. - Hy 't Annekie se ring vergeet.

Instinkmatig druk hy die hande dieper in sy broeksakke en skuif sy skouers boontoe, en sy twee voete plak soos dik plat ysters op die leiklipstoep; maar vol begere droom sy oë deur die dowwe ruitjies op die belt.

'n Deur piep en knars, hardhandig oopgestoot, met sy skuifgrendel rammelend oor die vloer.

'Hoe laat so'n vervlakste koelie my skrik!' Met 'n oorblufte blik bespie hy die langbaard, dikbuik koelie, wat nou sy uitstalling buitebring, sonder om van Ampie notiesie te neem. Nou gewaar Ampie ook dat dit koud is.

'My voete wil verklum; dis van die stilstaan ou-Moosa, ek wag al heel môre dat jou winkel moet oopgaan.'

'Ja? En wat wil jy dan hê?'

'Gee laat ek daardie belt sien! Ek is haastig en wil my geld bêre!'

Die towerwoord van geld ruk vir ou-Moosa uit die staanspoor warm, en hy nooi vir Ampie baie vrindlik binne.

'Kom kyk maar binnekant meneer!'

Ou-Moosa gooi sy taal die winkel in, waar, nugter weet vanwaar twee drie koelietjies gedienstig al om Ampie drentel, met belte wat hulle prys en verheerlik of dit relekieë is.

Toe Ampie sy tabaksakkie losmaak, om vir die belt te betaal, presenteer een van hulle vir hom 'n stoel, wyl die ander vra of hy dan nie koud kry nie, en aanbeveel:

'Ons het baie sterk warm baadjies meneer!'

Toe hy die geld uithaal, merk hy die voorslagriempie. Hy het so wrentig waar glad Annekie se ring vergeet. - As hy nou maar genoeg geld sal oorhê! Maar hy sal perbeer om die klein koelietjies onderdeur te spring. - Hy hou die riempie, by elke knoop 'n duim en wysvinger, duidlik op, en sê dat dit persies die maat is van die ring, wat hy wil hê.

'Dit moet 'n blinke wees, met baie steentjies op die geaardheid van 'n gernaat.'

'O ja meneer! Ons het baie ringe en goedkoop meneer.' Die koelies gooi mekaar met hulle taal, asof hulle net praat oor gewone sake, en ou-Moosa kom self



met 'n kaart vol ringe, wat blink en steentjies opmekaar hou so na Ampie se hart. - Almal koper gemors, saam geen vyf sielings werd nie.

'Hulle blink dat dit so klap,' sê Ampie. 'Akkuraat so op 'n haar!' toe hy een van hulle met die riempie gemeet het.

'Hulle is almal nommer pas meneer, en ek sal dit goedkoop maak.' Hier maak ou-Moosa 'n geheimsinnige gebaar, terwyl hy fluisterend geheel Ampie se aandag wen. 'Jy moet dit nie vir ander mense vertel nie; want dis maar net vir meneer wat ek die prys sal laat. - Toe maar! vat maar! Een pond tien sielings, goedkoop! goedkoop!'

Ampie is verslae. - Wat sal hy oorhou vir homself? Maar gou-gou het sy skelm kop 'n plan verwerk. Hy sal vir ou-Moosa onderdeurspring.

'Nee, ou-Moosa, ek het nog net tien sielings, jy vra glad te veel. Die ring sal maar moet bly of jy moet afkom.'

Weer is die dikbuik koelie vol geheimsinnigheid en hoogs vertroulik.

'Kyk meneer, jy sal vir niemand dit vertel nie. Toe maar! vat! dê vir een pond!' wyl hy die ring toegedraai in Ampie se hand wil stop; maar Ampie voel nou of hy vir ou-Moosa klein kry.

'Ek sê mos vir jou dat ek net tien sielings het en ek wil ook nog 'n mondfluitjie koop.'

Die koelietaal is weer die winkel vol, en 'n klein koelietjie grabbel in 'n rak na mondfluitjies. Ou-Moosa laat die ring so spoggerig blink.

'Vat maar vir vyftien sielings meneer! dê!'

'Olraait ou-Moosa!' roep Ampie bly omdat sy koop nou deur is.

'Moet ek hom toedraai, of sal meneer hom somar nou om die vinger sit?'

'Is jy dan reg ou-Moosa? Dis mos die nooi se ring hierdie!'

Ou-Moosa lag met Ampie saam oor hy so dom was, en Ampie se hart gaan oop vir alles, wat hy sien. Hy 't vir die koelie lekker toegetrap, en hy 't nog geld genoeg om baie goed te koop. 'n Mondfluitjie skuif al tussen sy lippe deur, en een van die klein koelietjies maak ook of hy vrolik wil word, toe Ampie van die stoel afklim en askoek trap. - Die mondfluitjie is syne.

'Laat ek julle knipmesse sien!'

Die kooplus tintel in sy are en ook 'n knipmes behoort aan hom. Hy kyk onbeslis die winkel rond.

'Wil meneer nog iets gehad het? Sigrets, dadels, pype.'

Ampie voel of hy die hele winkel sal kan leegkoop. Hoe heerlik is dit om geld te besit, dit smaak hom of hy magtig as 'n koning is, en maar kan order.

'Gee vir my 'n pakkie sigrets! Gee maar twee! Maak gou, want ek wil loop!'

'Hoekom nie drie nie meneer!'

'Gee maar jong, en ook 'n trippens se vuurhoutjies. Haai jong! terwyl jy loop bring somar vir my 'n hopbrood saam, en ook 'n blikkie sardiens! Ou-Moosa jy kan vir my 'n bottel gemmerbier gee nê, jy weet van daardie groot bottels wat ek almelewe koop ...'

Toe Ampie buite kom, waar die dag se bedrywigheid in volle gang is, besit hy geen pennie meer nie. - Hy stap met die gemmerbier in sy hand, en die hopbrood onder sy arm na blikkiesdorp se kant. Altyd sku, vermy hy die gewoel, maar stuit tog telkens weer op nuuskierige persone, wat maak of hulle nog nooit van te vore 'n mens gesien het nie. - Die goed is orig hier, vir wat neem hulle dan so danig notiesie van hom? Hy moet 'n plekkie opsoek, waar hy stil allenig sy stukkies kos kan eet, en ongehinder sit en rook. As hy net 'n leë jaard

kan raakloop, agter 'n huisie waar die mense uitgetrek het. - Hy skuif verleë deur die mense wat hom met hulle oë volg, en hy gril eintlik, toe hy verby 'n poliesman stap. Hy voel dat daardie poliesman hom agterna kyk, maar hy is mos g'n skelm nie, en wat kan hulle met hom maak? Hy 't tog geen mens gemolesteer nie! Hoe hy ook redeneer en dink, die onrus kruip sy liggaam deur. - Hy wil allenig wees, hy haat die vreemde mensdom in die toe strate. Hy vind so'n verlate woninkie met 'n oop jaard daaragter, waar hy insluip en hy voel hom daadlik rustiger, toe hy op die agterstoepie sit ... Nou wonder hy hoekom die huisie leeg is, en hoe hy binnekant lyk. Altemit kan hy hier slaap vannag. Hy perbeer om die deur oop te maak toe eensklaps, as 'n ontploffing die poliesman se stem hier by hom om die hoek bulder: 'Wat soek jy hier?'

Maar Ampie het geen mag om selfs die woord te uiter nie, so het die vrees hom verlam.

'Trap! Jy het hier niks verloor nie!' Ampie kry hom maar weer buite in die strate, en onwillekeurig stap hy na die veld toe. Hy sien die bult daar oop lê in die son, of hy vir Ampie uitnooi.

Die dorp se afloopwater kruip langs 'n vetterige spoortjie deur 'n diep sloot, wat die vloedwaters in die aarde gesny het. Die walle is uitgekalkwe en gekerwe en oopgebars op honderde plekke, en een van hulle lok vir Ampie as 'n uitsoek wegkruipplek. Daar sal hy kan versuim so lank as hy verkies, en woon ook as dit al is. Hier loop g'n mense nie, en 'n poliesman kan hom hier ook nie hinder nie. - In die winter is daar g'n hoog-water nie, en teen die somer sal hy self sy huis hê. En as hy dan vir hom so'n skuilinkie maak, kan hy tot solank eersteklas hier klaar kom. - Orals lê stukke ou sink in blikkiesdorp, wat hy vanaand sal bymekaar soek. Sy gedagtes kom soos blitse, en hulle pas mooi agter-

mekaar tot een complete plan. Hy glorie in die heerlike gevoel van onbeperkte vryheid. En dronk van weelde gooi hy hom lankuit op sy rug, teen die skuins wal van die gerieflike skeur, waar die sagte sonnestrale onbelemmerd al hul warmte vir hom gee.

Sy brood, sardiens en gemmerbier lê eenkant op 'n plat klip. - Hoe rustig werk die wete in sy hart - dis syne daardie, en hy kan eet en drink wanneer hy wil en soos hy lus het. Hy skep behae in die moedwillige onthou van daardie lekkernye, asof hulle mensies is, wat hy wil vermaak of aan 'n lyntjie hou, tot wanneer dit hom gelief, om sy aandag aan hulle te gee. So lê hy roerloos vir 'n ruk, versinkend in die ongekende genot. Die lug lyk innig en naby, of vir hom alleen die hemel welf. Hy kry die son se strale lief, wat hom daar vertroetel, met hul sagte warmte in die stille nessie. Geen geluidjie steur die soete wegsink na volkome voldoening nie.

Eindlik besluit Ampie om te brekfis. Hy beur sy bolyf orient, en toe hy die lekkernye gryp, word hy meteens haastig. Sy oë so passies nog gevang deur droomland, skerp skielik van begeerte. Sy liggaam heers nou weer en wil versadig word. Hy sukkel die prop van sy gemmerbierbottel met sy knipmes uit, en daadlik kloeng-kloeng hy tamaai slukke weg. Met stote breek sy opgehoue asem uit, terwyl hy gretig met 'n volhand 'n stuk uit die hopbrood uitknyp. Hy prop sy mond so vol, dat sy wange bak bly as hy kou. Die sardiensblikkie het hy oopgesny en 'n vissie uit die olie gegryp met sy vuil vingers, en dit langs die brood in sy begeervolle mond geprop, dat die olie langs sy mondhoeke afkwyl. Sy wegkruipplek weerklink van die gesmak. Hy verswelg die lekkerste brood, wat hy nog ooit geëet het. Dit smelt eintlik in sy mond, so gulsig verwerk hy dit na binne. Hy grou en gryp en sluk en smul, deur lang

gespeende eetlus vraterig, soos 'n losgebreekte vark, wat in 'n groentetuin verjaar. - Die weinige wat oorbly, bêre hy in 'n skeurtjie, wat hy toemaak met die plat klip. Die skuins wal vang hom op in onbelemmerde rus, en nou rook hy sigrets!. Lui volg sy oë die dwarreling wat hy uitblaas breed en yl. - 'n Rustige gevoel van voldaanheid sus hom stadigies na droomland toe. Die son se sterker gloed maak hom ook loom en lui. Hy lê so roerloos as 'n akkedis op 'n klipmuur en bak. Die dampies rook alleen bewys dat Ampie wakker droom en fantaseer.

Hy 't vir ou-Moosa darem fyn gekul. Annekie sal lekker lag as sy dit hoor. Hy wonder of sy sal tevrede wees. Daardie meisiekind het partykeer baie fronsies. Hy sal haar gouer haal, as eers sy plan was. Hier op die dorp is kos en drank volop ... geld sal hy maak, dis nie altemit nie. Geld sal hy verdien ... en donkies ... trollie ... ag donkies ... Annekie.

Die veldseun slaap lekker in dié stil wegkruipplek, langs die stink afloopwater van die dorp.

Die son geware nie meer vir Ampie nie, toe hy ontwaak, starend in die vreemde, kille noute. Die ganse wete daag in sy harsings, toe hy die pakkie, half met sigrets sien lê, en daadlik skiet sy hand uil soos 'n klou; ook glinster weer sy slaapbevange oë. Die rookdampe borrel uit neus en mond en krul al dwalend boontoe weg. Hy suig gretig die ligte rolletjie kort, maar sy gedagte dommel weer. Hy 't geen bekommernis nie, hy is volmaak tevrede.

Wonderlik hoe swak die groot haltplek van sy swerftog hom nou trek. Die sloot is vir hom nou die ideaalste plek. Maar eindlik sê hy vadsig: 'Ek moet glo nou laat spat, slagpale toe!' Aarselend rig hy hom orient. Op die walle merk hy eers hoe lank hy geslaap het. Die son staan middaghoogte en skiet lewe in sy gees en

litte. - 'Dis wrentig naby twaalf uur se kant! Ek moet my roer!'

By die slagpale het die dag al baie bloed geloop. 'n Span kaffers werskaf elk so op sy plek, met 'n lomp massa vlees, nog warm van die pas ontvlugle lewe. Dit gaan so ongeërg en handig, of die doodmaak, afslag, oopsny, kaartspeel vir hulle is. - Daar wag nog, rusloos in die benoude ruimte van die kraal, bang mekaar verbydwalend, vol uitgegroeide beeste in stoere lewenskrag, op die duister sekerheid wat hulle instinkmatig voel. Skrikkerig passeer hulle heen en weer die vasgeboude hek, en staar met oopgespalkte oë, wild van angs die ruimte in, waaruit die wrede vangstok moet kom met sy gevaarlike lus, wat kort-kort een van hulle wegsleep.

Ampie se oë vlieg van mes tot mes, wat gly deur die juiste plekke, akkuraat en skoon. Hy loer na die opgekatrolde karkasse, wat hulle so netjies staan en vierendeel. Toe vra die kaffervoorman hom parmantig, wat hy daar verloor het.

'Nee niks nie outa, ek het niks verloor nie; ek soek werk hier by die slagpale!' sê Ampie openhartig en gemoedelik. Maar toe hy die wrede oë van die voorman ontmoet, sak sy hart.

'Outa? ek is nie jou outa nie!' en hy lyk moordlustig met sy yslike slagtersmes.

'Ek sal vir jou werk gee netnou!'

Ampie slink onderdanig aglerloe. Die voorman stap met 'n tamaai vangstok na die kraal toe. 'n Groot lus sal netnou een van daardie beeste om die horings vang, dan sal die riem hom nadertrek, tot leen die ring, wat vasgeanker in die aarde is. Ampie moet ook saamtrek anderkant die ring, en as beloning 'n stuk lewer kry.

Uit die bang opmekaar gebondelde beeste, stuif 'n reus van 'n afrikaner. Sy praglige lyf dril soos hy daar

dwarsweg verby skiet, en met vervaarde springe wegding van die riem se pal getrek, en telkens maar weer wegsteier, waardeur sy springkans telkens kleiner word. Toe die os hom magteloos gespook het, is dit of daar gedagte in sy weerstand kom. Met al sy krag beur hy nou reguit teen die sterkgespanne riem. Die plomp pote viervoet vasgeplant, swel soos die spiere rem om nie te buig nie, vir die ongenadige gewig, wat die horings wil afbrand teen sy kop. Die taai seningklompe wil haas breek, en 'n angsbrul klink wreed in die lug, as hy opspring in dom verset teen die gedurige geweld, wat hom weer naderpalm, telkens nader.

Dan skater Ampie dit ook telkens uit, oor die verspote gebokspring van so'n onwillige bees, en die benoude gebrul.

'Jy brul verniet! Jy kan maar spring ou-bees! Dit sal jou tog niks help nie! Netnou maar sal ek jou plat kry op die aarde!'

Dis vir Ampie of hy allenig spook met daardie bees. Met stote kom die koggelwoorde uit, kort as sy asem is van die heftige kraginspanning. Hy trek heel voor. 'n Tiergenot gloei in sy dierlike blik, en wellus klink in sy gelag.

Die kaffers het vroeër ook gelag. Nou is die wrede dagwerk vir hulle net soos padmaak of klippebreek.

Maar Ampie voel hoe heerlijk dit sal wees, om aldag hier te werk; hy sal hier nooit moeg word nie. - Die osse kan maar brul en snuif en spring en steier, hy sal vir hulle bring. Sy vaal keps het hy weggesmyt. Die 't hom gepla om oor sy oë te hang. Nou glim sy swart boskasie met nat punte oral om sy kop, en die sweet het oor sy lanklaas gewaste gesig, skoon spoortjies getrek.

En al intenser lewe sy moordlus hoe nader die bees hier voor hom brul en blaas. Hy sien hoe die kloue in

die aarde sny. Hy sien die magtelose gebeur. Hy word bewuster ook, want die woeste afrikaner os is gevaarlik naby. Effens voel hy vrees. As die riem nou breek? Hy gee 'n weinig skiet, toe die angs hom baas wil raak. En of die bees dit merk? 'n Lang smartklagende gebrul rol oor die veld. Hy ruik die bloed van al sy maats; hy ruik die dood hier by hom. Een wanhoopspring, geweldig vorentoe om daardie vyand in te vlieë ... en Ampie los verskrik die riem om weg te hol. - Die kaffers lag. - Dit was die bees se laatste kraginspanning.

Met 'n stuk lewer keer hy na sy wegkruipplek terug. Onderwyl soek hy vuurmaakgoedjies bymekaar, en stukkies ysterdraad om 'n rooster van te maak. Dis agtermiddag, met nog 'n uur se son, toe hy in sy nuwe tuisplek afspring. - Dorstig gryp hy die restant gemmerbier en slaan die laatste druppel weg. Hy sukkel toe 'n vuurtjie reg, en vervorm sy stukkies ysterdraad waarop die lewer moet rooster. Toe 'n dik rooksuil breed optrek, en 'n skemerte in die donga druk, gooi hy hom weer teen die skuins wal en blaas die rook van sy sigret in die digte misvuur wolke. Daar kom orde in sy gees, 'n bedaarde oorweging van moontlikhede, wat sy toestand raak ... Môre moet hy vroeërig by die slagpale wees om die baas te sien. Hy kan tog nie gedurig vir 'n stukkie lewer alleen werk nie.

Die gevoel van voldaanheid, oor wat die dag met hom gebeur het, stem hom dankbaar. Hy is gelukkig omdat Annemie se ring hier in sy baadjiesak veilig is. - Hoe verlang hy skielik na die meisiekind. Wanneer sy tuisplek hier behoorlik reggemaak is, kan hy haar amper hiernatoe bring. - 'n Paar sinkplate dwars hier bo oor hom, en dis so te sê 'n kamer klaar. En buitekant die kamer kan sy kos gaar maak. En skelmpies kan hy hulle drinkwater in die hande kry uit blikkiesdorp. - Hy



kan gerus sy bottel daar nou vol maak. - Toe kruip hy versigtig na 'n verlate huisie en in die stille agterplaas tap hy sy bottel vol. - Die slag het die poliesman hom nie geware nie. Die mense loop mos net die strate vol. - 'n Mens kan maar sê hy het die jaard bekrui. - Ampie sien toe tot sy blydschap ook 'n paar sinkplate los daar lê. - Dis wat hy bitter nodig het; dan kan hy somar nou die skermpie opsit, terwyl dit nog lig is. Hy neem twee plate saam terug sonder enige bedenking, 'n Mens kan maar sê hy het hul opgetel. Dit lê mos sonder 'n baas op die vlakke, somarso. - Bly daal hy in die diep sloot af en volg die loop na sy verblyfplek toe, wat hy beginne liefkry. - Daar lê g'n stuk beswaar meer voor nie. Die hele wêreld sal aan hom en Annekie behoort, hier waar geen mens hom hinder nie en Ampie is die gelukkigste mens op aarde, toe hy die plate reg sit voor sy kamer.

## **Hoofstuk IV. In die Hande.**

Die rokie dwarrel almar deur bo die sloot uit. - Die poliesman wat vir Ampie vroeg die môre, met baie agterdog nagestaar het, het die geval aan sy opvolger meegedeel en die het 'n seun met sinkplate op sy kop in die sloot sien verdwyn. Die rokie is sy baken. - Terwyl Ampie hard hom roer om sy plekkie gerieflik te kry, in sy heerlike alleenheid, voel hy skielik dat sy tuiste donker word, en angstig oopgesper kyk sy oë so reguit in die gevreesde man se wese. Slegs 'n hees klag kan hy uitbring.

'Ag toggie asseblief tog!'

Sy oë is vasgeanker aan die poliesman s'n, willoos deur die skrik. - En skielik klaar in die dienaar van die wet 'n voorval, toe hy as Afrikaner seun, 'n bobbejaan bekruip het in die berge, met sy roer perdomps so bo die klip uit teen ou-ta. Ampie se starre angsblik en sy hees gehyg is nes die bobbejaan gemaak het, en onder geen omstandigheid kon hy sy lag bedwing het nie, vernaam toe daardie bogseun perbeer om saam te lag, hoewel sy oë doodsbenuid bly staar. - Die beste wat hy kan doen om sy gesig normaal te kry is, skop die vuurtjie uitmekaar. - Die half geroosterde lewer rol in die vetterige spoortjie van die afloopwater.

Maar toe blits die plan in Ampie se kop om uit te spring, en soos 'n ribbok oor die vlakke uit te sny voor. - Hy raap ineens sy lyf teen die wal op, hy staan al bo

en wil laat spat, toe hy op die grond neerslaan, soos die os wat hy vandag sien val het, sonder krag. - Die wakker Afrikaner seun hier by hom was ratser nog as Ampie en het intyds sy fris gespierde hand om daardie skurwe enkels vasgeklou. - Nou is by Ampie selfs die gedagte aan weerstand weg. Hy voel hom uiters weerloos en sy oë skiet vol tranes, wyl hy jammerhartig soebat:

'Asseblief my omie! as jou duisendste asseblief tog! Ek het niks gemaak nie; sowaar my omie! die Here hoor my! Ag ek sal dit nooit weer doen nie!' Maar Ampie moet saam, en gou-gou ook.

'Ek skiet jou as jy weghardloop! Verstaan!' Die poliesman is nou net haastig. Hy ruk vir Ampie soos 'n perd wat wegspring onder hom. 'Kom!' Geen krag besit Ampie meer nie, uiters ellendig sluip hy langs die moedswillige man, wat somar goedsmoeds 'n mens wil skiet, en aan hom ruk en pluk asof hy jarelang bandiet was. Wat vir kwaad het hy dan tog gedoen? Hy weet nie; maar voel heeltemal verlore, want hy gaan tronk toe. - Net soos die os vandag verniet gespook het, weet hy dat sy teëspartel niks sal help nie. Dis vreeslik om onskuldig weggesleep te word. Hy voel 'n oppervlakkige berou oor wat hy uitgerig het. Nie 'n hartseer oor die beestemarteling nie, maar omdat hy begin dink dat hy daarvoor gevang is. Toe hulle die hoofstraat ingaan volg 'n tou van opgeskote kaffertjies hulle en seuns wat leef van rondloop. Hy voel of hy daar binnekant die poliesman kan wegkruip van skaamte. Vernaam toe hy ou-Moosa sien, met 'n duisternis van koelies om hom voor sy winkel, toe borrel stil verwensings uit sy hart by al sy skaamgevoel. Nooit koop hy weer 'n trippens se goed daar by ou-Moosa nie! Hy loop gevoelloos en verbyster; die ondervinding is te skielik vir sy argelose veldgeaardheid. Hy is as lewend-dood. Dit gaan alles dof langs sy sinne verby en hy kan hom geen rekenskap

gee van wat hy daar in die kantoor gesê het nie. In die groot kamer het hulle vir hom hot en haar gestamp, telkens as hy gevra het 'hoe sê omie?' En toe het hy maar stil gebly. So'n growwe poliesman het aan sy baadjie geruk-en-pluk en lelik gevloek toe hy in sy broeksakke gevroetel het. - Daarna het hulle hom weggelei na 'n groot kamer met klein venstertjies agter tralies, hoog in die mure. Hy het toe platgeval op 'n strooisak, daar op die sement vloer. En toe het hy eers geware dat hulle alles van hom afgevat het. Sy belt, knipmes, fluitjie, Annekie se ring, tot die koper hakspeld toe. Hy 't niks, niks meer nie! Sy gedagtes is weggeslaan, of iemand hom met 'n knopkierie gemoker het. - Hy druk sy kop vas in sy arms op die strooisak. Dit smaak hom dat hy liewerste wil sterwe, want hy besit tog niks meer nie en Annekie sal hy nooit weer sien nie ... al die mense is sy vyande en almal konkel onder mekaar om sy end te kry. - 'n Vreemde smart verteer sy binnenste, gewysig deur 'n gevoel van verset teen alles op die wêreld. Hy is geketting aan die onmag, wat hom kanker en vanwaar hy weg wil breek om die wêreld te verniel.

Dit help hom niks nie, al sou hy al die mure stukkend skop, die deure aan splinters moker en al die tralies middeldeur breek, al voel hy dat hy nou die hele dorp kan platdruk - dit help hom niks nie. Die mensdom lê hom voor en inwag en die haatlike mensdom het g'n tyd vir Ampie nie, en daarom hou hulle hom binnekant die tronk somar so verniet. - Wat het hy tog gemaak dat hulle hom so moor? Hy het die goedjies, wat hulle van hom afgevat het nie gesteel nie. En hy voel onbekwaam om hulle duidlik te maak dat hy onskuldig is. Hulle sê mos almal uit die staanspoor dat hy lieg.

'n Gees van opstand raak die vreemde smart nou baas. As hy maar eers hier uit is. Hulle sal hom nooit

weer sien nie. Hy sal die wêreld uittrek na die bosveld toe, diep in die digte bosse. Hoekom het hy tog maar nie lieverste soontoe koers gevat nie, pleks van na die vervlakste dorp? Wat sal Annekie vir hom sê as hy haar weer eendag op die lyf loop? Sy sal mos nooit vir hom glo nie as hy vertel dat hulle haar ring gevat het. - Sy sal hom uitkoggel en bespot en sleg sê. Maar dan sal hy haar gorrel vir haar toedruk, so wragtig waar! Laat sy net vir hom spot, ja net 'n speld se dikte. - Ag, hoekom kan hy nie die ring vir Annekie bring nie? Virwat hou hulle hom hier vas? Hy voel gebreek en uiters hulpeloos hulpverlenend. - 'n Diepe drang na iets of iemand wat sy siel verstaan vervul sy hart. En na die hemel klim sy klagte op. - 'Ag Here, help my tog in my ellend!'

Toe bly hy dooierig daar op die strooisak lê.

Daar is meer mense in die verdrietige tronkkamer, en Ampie word bewus dat twee persone fluister. Hy let nou fyner op en hoor duidlik, hoe daardie twee in Afrikaans gesels. - Die een, wat amper alleen praat, spog hoe dikwels hy die loer-oë van die speurdiens blind gemaak het. Lewendiger as flus en goed hoorbaar vertel hy: 'Ou matie, en dit so direk onder 'n detektief se oë, dag vir dag, vir drie volle maande lank! Dit was maar net van die sikspense hopbroodjies. Nou ja, die kaffer het mos graag so'n hopbrood, en hulle was net danig gewillig om tien tot vyftien sielings vir een te betaal; want elkeen het so'n baba binnekant gehad. 'n Kaapse jong het die 'game' weggegee. Dit kos my ses maande. - Maar matie! daardie tyd het ek iedere aand 'n beurs vol geld gehad!' Dit klink vir Ampie soos 'n wonderlike storie; hy luister baie aandagtig toe die verteller een van sy ander kordaatstukke meedeel.

'Maar een aand was dit nerf-nerf, of oom-kool het my gevang. Dit was nog voor ons met die hopbroodplan

begin het. Ek was toe nog onnosel en te hout-gerus. Die brandewyn het ek daardie tyd onder my musiek in die voorhuis gebêre. En daardie aand kom 'serts' hulle my huis, want een ou-maat van my kon mos sy bek nie hou nie. Hy en die Kaapse jong was ook van eenderse vere. Van daardie tyd af het ek nooit weer 'n maat van my vertrou nie. Hy 't darem nie geweet wàr ek die drank gebêre het nie. - My liewe ou-vrou het my intyds gewaarsku; want sy het lont geruik. Sy is so vinnig as 'n valk om enig iets te ontdek. - Ek sê toe vir my dogter dat sy maar kinder-harpliede moet speel, en haar nie steur aan hulle nie. Ou matie! en sy het vir hulle propper in en uit gespeel, want wie sou ooit gedink het dat daar onder daardie trappers brandewyn gebêre was?'

Ampie hoor hom soetjies lag; maar nie die ander nie, wat nou begin te praat. Sy stem klink harder. 'n Harde klank vol bitterheid.

'Neef en vir wat het hul die drankwet so gemaak? Dis om ons nasie uit te roei. Wat op die aarde moet ons arm mense uitrig, as daar nie werk vir hulle is nie? En smokkel is die maklikste geldmaak. Dis 'n verleiding, wat min, wat honger ly kan staan. Vernaam as vrou en kinders, of 'n moeder kos vra, aanhou kos vra. - En ek sien glad g'n kwaad daarin nie. - Hoekom mag 'n witmens soveel drank koop as hy begeer, terwyl as ek 'n kaffer net 'n sopie gee, ek agter die tralies kom? Die swartgoed word hier mos direk beskerm en vir die blanke 'n val gestel. - Virwat is al die kerke, sendingstasies, skole en opvoedingsinrigtings daar, as hulle die kaffer nie die nadeel van suip kan inprent nie? Ek sê, wil hy homself tog uitroei, laat hom suip! - Juis deur die drank belet is, wil hy dit eerder hê en gee g'n flenter om, wat hy vir kafferbier betaal nie, juis omdat die wet daar is. Dis net 'n agterstevoor affêre hierdie. - Straf die swartgoed as hulle dronk is en ander mense mole-

steer; maar laat hom vry, en ek sê die wêreld sal hom beter gedra ...

Hier sit ek vanaand binnekant die vier mure. Getrep! Ja, wragtig neef, getrep! Omdat ek vir my ou-moeder gesorg het. - Ek was drie maande pal sonder verdienste en toe het ek daardie besigheid beginne. Veertien dae lank het ons goed gelewe ... God weet wat nou van my arme moeder gaan word. Ses maande harde pad is my voorland!

Hy 't uitgesels, en 'n gees van bedruktheid maak die ou bandiet ook stil. - Maar Ampie het sy hartseer en wrok vergeet. 'n Nuwe moontlikheid dring in sy vlakke harsings deur, wat baie ontvanklik, die sopas gehoorde opgeneem het. Hy sal ook eendag perbeer om drank in die hande te kry, en dit in erdvarkgate wegsteek. Daar buite is mos niemand, wat sal weet nie en hy is nie so dom as daardie ou bandiet nie. Teen middernag en donkermaan sal hy dit uithaal en skelm verkoop. - Hy sal ook nie daarmee aanhou soos hierdie twee, en hom, laat vang nie. - Dis somar slegtigheid om jou te laat betrap; virwat het 'n mens dan oë en verstand gekry? En wie sal in 'n erdvarkgat soek na bottels brandewyn? - Nes hy genoeg geld bymekaar het om ses donkies en 'n trollie te koop, sal hy met Annemie na die bosveld wegry. Hy wil maar liefste baie ver van mense af woon. Sy pa weet seker nie van daardie ding nie, anders sou hulle nie so arm lewe nie. - Maar hy sal dit baie dighou vir sy pa. Dit sal daarmee net so gaan as met ou-Jakob, as hy sy pa die ding vertel. Sy pa sal tog maar weer sy brandewyn vat en dit verkwansel vir 'n vark ...

Op die oomblik glips uit die donkerte 'n lig, so in die midde van die tronkkamer. Sy oë raak dom, dit gaan soos goëlery. Die deur klingel van baie sleutels en kraak op.

Hulle kos word gebring.

Hy ontvang 'n groot kors uitgedroogde hopbrood en 'n beker flou tee. Hy sop die harde brood en suig dit gulsig weg. Dit smaak hom heerlik en hy verwonder hom, dat daardie twee so triesterig sit en peusel aan die kos. Hulle kyk maar meeste na hom, met wonderlike oë - ook verspot nes al die ander mense.

'Wanneer hè-jy laas geëet?' vra die een wat flus van sy kordaatstukke vertel het.

Daadlik sluk Ampie sy mondvol leeg. Baie agterdochtig en onwillig om met mense te gesels sê hy 'Omie?' Die ou bandiet beskou Ampie baie aandagtig en hy wonder of die seun nie dalk 'n pakkie rookgoed in die baie bêreplekke van sy handige ou baadjie weggesteek het nie.

'Jy het seker baie honger nê? - Wat hè-jy dan gemaak dat hulle vir jou gevang het?'

'Niksnie Omie!' sê Ampie botweg.

Die ou bandiet lag ongelowig. Die ander een lyk baie bedruk en sê: 'Dê seun, vat myne ook maar; ek kan tog nie eet nie en ek sien daardie bietjie sal jou net lus maak.'

Ampie staan op en vat gretig die rantsoen. Die ou bandiet het toe vinnig sy skerp oë oor Ampie se vertoning gegooi. In daardie baadjie sal hy rookgoed vir 'n week kan wegsteek. Hulle 'serts' 'n mens maar oppervlakkig hier in die kantoor; vernaam vir so'n wilde oorblufte bog as daardie seun. 'Hè-jy nie dalk 'n pakkie sigrets aan jou nie?'

'Nee Omie hulle het die laaste ding van my gevat,' sê Ampie lewendiger en hy voel minder sku.

'Voel agter in jou baadjie se voering jong, ek sweer daar hè-jy vir die poliesman gekul.'

Ampie voel. Sowaar dis net soos daardie kêrel sê. Sy stem bewe van verrassing.



'My mapstiks omie, hulle het die pakkie sigrets nie agter gekom nie!' Die ou bandiet lag baie vrindlik.

'Jy sal 'n uitsoek smokkelaar uitmaak ou-seun. En jy sê jy 't niks gemaak nie?' hy lag weer ongelowig. 'Kom sit hier by ons ou-kind. Dê vat my kos ook maar. Ek is net honger vir 'n sigret. Gee, laat ons rook jong!'

Daar op die ou bandiet se strooisak, groep die drie nou bymekaar om vir 'n ruk die kwelling van gevangenskap te vergeet. - Ampie hoogs gelukkig met sy drie rantsoene kos, wat hy baie gulsig minder maak, om netnou ook te deel in die begeerlike gerook.

Ampie, so oppervlakkig beskou lyk ver die meeste op 'n tronkvoël van die drie. Maar 'n eerlike natuurlikheid lê oor die veldseun se wese, wat oneerlik en vol agterdog is in elke sosiale kring, waarvan hy al te lig 'n slagoffer kan word. Die uiters ongebonde lewe is syne, met al sy verwaarlosing en degenerasie, soos dit is. - Die ou bandiet pas beter in die wêreld, sy voorkoms, los maniere en persoonlikheid kan maklik die maatskappy verblind, omdat hy vals is teenoor homself. Was hy natuurlik, volgend die onbelemmerde luste van sy hart alleen, hy sou geen staanplek in die maatskappy behou nie. Maar soos dit is, kan hy gevier bly, - tot hy uitgevind, as 'n misdadiger gebrandmerk word, nes Ampie wat deur pure onnoselheid en eerlikverkeerd doen, 'n bandiet kan word. Die ander is een van die baie, wat eerlik deur die lewe perbeer het om vorentoe te beur. Deur werkeloosheid het die lewe hom geknyp en met 'n groot verleiding hom tot 'n gevangene verlaag. In 'n gesonde maatskaplike lewe sou, redelik beskou, alleen die ou bandiet waarskynlik 'n tronkbewoner word.

Terwyl hy die brood sop vir hom, spring 'n oorblufte verwondering in Ampie se oë, toe die ou bandiet 'n vuurhoutjie uit sy baadjie se soom toor en ook 'n stukkie van 'n vuurhoutboksie. Hy knipoog vertroulik teen Am-

pie en die ander. En nou kry Ampie 'n snaakse eerbied vir die slim kêrel, wat so speel-speel die poliese kan kul. Hy voel hom groot meneer daar op die strooisak van die ou bandiet. Hulle rook saam so gesellig om Ampie se laaste sigret uit die pad te kry, as lang gespeende rokers.

Die ernstige man sê selde iets, hy luister maar die meeste van die tyd in die begin. Die ou bandiet praat amper gedurig en prys vir Ampie as 'n bruikbare kêreltjie in die onwettige drankhandel. Hy rook darem nie minder as die ander nie; hy ken die kuns om te gesels met borrels rook om sy hele gesig en rook in sy longe. Net kort-kort gee hy so 'n kraglose hoes. - 'En jou naam is Ampie Nortjé nê? Ek het ook 'n Nortjé geken. Ou-skelm Piet Nortjé het ons hom genoem. Dit was verniet om te perbeer om vir ou-skelm Piet te trap. Hy was te uitgeslape vir die beste detektief, en altoos so ewe houtpop ongeërg. Hy 't mees 'n boesmanmeid gehad, wat die bottels onder haar rokke rondom haar weggesteek het. 'n Boesmanmeid is maar gewoonlik baie gesit om haar stêre, sodat g'n mens suspesie kon gekry het nie. - Hy 't duisend planne uitgedink om dit veilig reg te kry, so half onnosel as die ou gelyk het en dis die wat ek sê Ampie, jy sal 'n uitsoek smokkelaar uitmaak.'

Die ou bandiet het Ampie se aandag heeltemal gewen, so luister hy met 'n dom gesig, wat kort-kort deur 'n idiote lag verbree word. Die ou bandiet rook drie sigrets teen Ampie se een daardeur. Hy rook verstandig ook. Die vuur moet geen kans kry om dood te gaan nie. Vuurhoutjies is 'n grote weelde in die tronk en met die paartjies, wat hy nog besit sal hy ses maande op sy genadigste moet uitkom.

'Kyk, Ampie, hou jou vroom. Jy moet baie eerlik met die Jode wees wat vir jou die drank lewer. Hulle maak

die meeste geld, en dis baie selde dai hulle in 'n moeilikheid kom. - Dis seker omdat hulle eenmaal die uitverkore volk was en nou beskerm die duiwel hulle! Daar is nie so'n ding as arm Jode in ons land nie. Arm Afrikaners, ja, by duisende! - Maar dis nou minder. Elkeen moet vir homself sorg en sy eie potjie krap! Dit was my slegtigheid dat hulle my gevang het. Ek moes die Kaapse jong nooit vertrou het nie. Maar ek het baie geleer, en sal in die ses maande wat ek sal moet sit, 'n ekspert word soos ou-skelm Piet Nortjé. Dieselfde dag dat ek weer los is verkoop ek brandewyn dat dit so bars! Hulle sal my nie weer vang nie. Dis maar 'n uitsondering as hulle iemand vang soos nou die geval met my was. Die goewernement spandeer duisende van ponde aan die speurdiens en aan trepstelsels, en kry tog maar 'n enkele in die hande. Vir èèn wat hulle vang, loop vyftig ongehinderd los. - En die, wat hulle vang is mees die nuwe hande, wat nog ongeleer is in die vak, soos hierdie maat van ons!

Die ernstigste van die groepie daar op die strooisak, het hier hom reggeskud met 'n driftige gebaar. - 'Ek sê ou-neef, jy print die kind verkeerde dinge in sy kop. Dat ek vanaand hier in die godvergete plek sit, is deur my lompheid om te smokkel. Ek was soos 'n vaalpenskafter wat baar is in die kombuis se werk ... Reg genoeg ek was dom, maar ek moes lewe om vir my moeder te sorg. As ek my stukkies kos op enig ander behoorlike manier kon verdien het, sou die onwettigheid my nooit gevang het nie. - Ek moes my toevlug daartoe neem; maar sal g'n mens dit aanraai nie. - Dis sonde ounneef! Laat staan vir hierdie kind! Ons is op die afdraende pad, moenie vir hom daarop lei nie!' - Ergerlik het hy toe opgestaan na sy strooisak, waarop hy gaan lê.

Die ou bandiet knipoog weer teen Ampie en Ampie

kyk oonoesel soos iemand wat die ernstige ou nie verstaan het nie. Die stories van sy maat hier by hom het hom meer geboei. Hy het 'n stil konklusie oor die awontuurlike dranksmokkellewe gevorm. Daar is nog drie sigrets oor in die pakkie. - Die ou bandiet se toon is nou intiemer soos dit skyn. - 'Môre sal hulle vir jou los Ampie, ek ken hulle maniere hierso en ek sal eendag vir julle kom kuier op die plaas.'

'Dan sal omie mos nie meer vir my daar kry nie, as omie kom kuier oor ses maande eers.'

Daar klink 'n triomfklank in sy stem.

'So gou as ek daar grondvat, sukkel ek om 'n ryding agtermekaar te kry en dan skraap ek vir Annekie en ons twee trek na die bosveld toe.'

'En wie is Annekie dan?' vra die ou vol gekskeer.

'Kyk hoe kan omie dan vir my so'n strikvraag vra?' sê Ampie dat die skaamlag hoorbaar omdraai in sy gorrel; en hy vertel nou openhartig die geheime van sy hart, terwyl sy oë straal van blyheid.

'Jy sal môre Annekie se ring terugkry,' troos die ou hom en vervolg as of hy vir Ampie order: 'Jong nou moet jy loop slaap! ons het genoeg gesels.'

Die sigrets is klaar en Ampie voel toe skielik of hy in die pad is daar langs die geselserige ou, wat nou so suur lyk. - Hy kruip na sy eie strooisak.

'n Rukkie later maak 'n poliesman die deur oop om te sien of alles reg is.

'Julle het gerook nê? Gee die rookgoed op die plek!'

'Kom serts ons!' sê die ou bandiet.

Ampie trek sy kop toe met die kakiekomers, en slaap die nag dwars deur.

Hulle het goed gedink om Ampie 'n kwaai dreigement te gee met 'n order dat hy oombliklik na sy huis moet gaan. - Hulle het toe al sy goed weer vir hom teruggegee. Alles gaan vir hom soos drome. Hy voel wesen-

loos daar in die magtige kantoor vol geweldige poliesmanne. - En toe hy in die buitelug van die hoofstraat hom bevind, voel hy die lewe terugstroom in sy lyf. Net een gedagte druk hom vorentoe. Hy moet huis toe, anders skraap hulle hom netnou weer.

Hy vat sy koers deur blikkiesdorp.

## **Hoofstuk V. Doelloosheid.**

Ampie se plan is om by Tant Fyta 'n stukkie kos te soek vir die lang pad, wat voorlê.

Die strate van Blikkiesdorp is vol doellose bedrywigheid, want gereelde werk is daar iets seldsaams. Klein kindertjies kruip rond in die stof, die opgeskote jeug is gedeeltelik skooltoe, omdat hulle soontoe moet, die ander deel het by die huis gebly oor kafredes; die half volwasse mense dood die tyd met rondloop of 'n doellose gepeusel in die huisies aan een of ander liefingwerk, of hulle speel kinderharp liederes op 'n ou musiek, 'n oorblyfsel nog uit beter tye, en deur die strate klink hier en daar die tone, langgerek en ru, van 'n psalm, slepend en mistroostig. - Groot mense gesels onder mekaar oor die politiek, of kerklike sake, of spit 'n tuintjie om, wat later deur hulle buurman se hoenders kort gehou sal word, of peuter aan 'n ambag, wat hulle half geleer het en doen 'n werk, wat nie bepaald noodsaaklik is nie. - Die sielbederwende kwaad van werkeloosheid druk op die samelewing, en as gevolg broei ongeregtheid in eertyds brawe kristenharte. Die geeste word geskerp om planne uit te dink, wat gebrek uit die beknopte woninkies sal hou. En afgesien van reg of wettigheid, word planne deurgedruk, waar selfrespek geen sê in het nie. Dit skyn daardeur of in enkele dele van die dorp 'n sekere welvaart is, tenspyte van die

werkeloosheid en dis die heerskappy van sin en luste wat dit bring. Die mensdom groei daar op in die atmosfeer van morele agteruitgang en sedelike bederf, en vinnig word 'n ramp voorberei, wat later ondenkbare moeite en koste sal vereis om te bestry. - Arbeid en bearbeiding alleen sal daardie atmosfeer reinig en selfrespek aan die verslegte blankedom teruggee.

Toe Ampie by die huisie aankom, waar sy tant Fyta woon, kom sy met 'n suigling op haar arm en 'n sieling se goedjies van die winkel af. Sy groet vir Ampie en vra na die welstand by sy tuiste, wyl sy die suigling op die grond sit en die goedjies in die amper leë kasplank koskas skuiwe, een kers, een dosie vuurhoutjies, een koekie seep, trippens se suiker en trippens se meliemeel. - Tant Fyta sug groot sugte, toe sy die goedjies daar uitpak, en temerig vertel sy vir Ampie dat dit haar laaste sieling was. Sy hoop dat haar man vandag tog iets sal tuisbring. 'Jou omie loop nou rond om die heinings te knip en dis maar selde dat hy iets te doen kry ... Hoe gaan dit met jou pa-hulle?' vra sy vir die tweede maal gedagteloos, terwyl sy teenoor Ampie so teësinnig gaan sit.

Ampie het gekom vir koffie en 'n sny brood soos hy altoos daar gewend was.

Maar die kind kruip die deur uit en tant Fyta roep met 'n gilstem 'Betta!'

'n Dogtertjie van omtrent ses huppel van agter die huis na binne en kyk sku vir Ampie se woens en verwaar-loosde uiterlik, nieteenstaande sy vroeër herhaaldelik vir hom gesien het.

'Loop kyk na Fritsie!' order tant Fyta haar bitsig, en daarna lyk dit vir Ampie of hy vir haar 'n sny brood sal moet vra; want soos sy daar sit geware sy hom nie eers nie. Sy sug net.

'Ek weet 'n plan om maklik geld te maak!' sê Ampie

om vir haar op koers te kry en sy toon ineens belangstelling.

‘Dit sal goed wees Ampie, want ons krepeer van ellend!’

‘Tannie moet laat oom Frits smokkel!’

Haar oë rek wyd van verwondering. Waar sou die halfbaar kind gehoor het van so iets? Maar sy voel nie so ernstig daarteen as 'n ruk gelede nie, en sy luister gretig toe Ampie vertel hoe skrande die ou bandiet gewerk het en van sy kordaatstukke.

- Die seun het vir haar interessant geword, so kinderlik geselsend oor verbode sake.

- Maar Ampie hoop in stilte dat sy hom brood en koffie sal gee.

Tant Fyta breek nou los, 'n halfbenoude blyheid lewe in haar op.

‘Dis te gevaarlik ou-kind!’ tog brand dit in haar boesem, die wete dat dit met haar man, met haarself ook allig daarheen moet. Dit was haar laaste sieling vandag en Frits het in drie dae niks tuis gebring nie.

‘Dis teen die wet Ampie!’ sê sy flou, ‘en jy sal tog maar eendag in die tronk te lande kom en dan is dit klaar, uit en gedaan met jou!’ sy huiwer, maar vervolg heftig:

‘Dis mos wat ons regering wil hê; al ons ou boere brandarm, veragtelik en agter die tralies. Hulle het mos vir jou ook somerso opgesluit nie waar nie? Hulle wil ons armes dooddruk, as hul dit kon regkry! Maar boer se kind is vir hulle te taai Ampie!’

Sy het opgestaan, die klein kind, wat in kom kruip het opgeswaai in haar arms en nou abba sy die baba te heftig, wat die kind laat huil. ‘Betta! kom vat vir Fritsie! Hoekom pas jy nie die kind op nie, hê? Ampie, en jy 't heel nag in die tronk moes bly?’ vra sy bedaarder, nog taamlik afgetrokke.

‘Ja, tant Fyta en ek sal baie bly wees as tant Fyta vir



my 'n knippie brood kan gee asseblief, as daar te spare is.'

'Ou-kind en dat ek dit nie eerder gedoen het nie. - 'n Mens se gedagtes is teenswoordig almelewe apsent. Glo vir my Ampie, hier loop vandag honderde van ons mense, wat nie eers 'n sny brood in hulle huis het nie. Ek het darem nog 'n halwe brood Ampie.'

Sy neem dit uit die koskas en gee hom 'n dik ronde sny, en sy vervolg, nie so seer teen Ampie nie, maar meer om aan die drang te voldoen, wat die verkropte gevoel van onreg in haar opstu, totdat sy heftig uitpraat:

'Ja, Ampie, so gaan dit in die wêreld. - Daar is die myne, daar is die goud! Dag vir dag grou hulle in ons aarde... in ons boere se aarde. En hier in blikkiesdorp word groot gebrek gely; mense versleg hier, en as hulle dan drank smokkel om tog te lewe, dan word hulle gevang. Ek sê, wie se skuld is dit? wie s'n? - Hier bly Kootjie Swarts. Die myne het hom uitgesmyt, maar hy kry g'n taaises geld nie; hulle sê hy is nog olraait. Kootjie is maar 'n oorblufte mens, maar trou in die diens van die Here, en baie vir vrede en liefde. - Kootjie het toe perbeer by die munesiepelletie om op die strate te werk. Hulle sê vir hom dat hulle kaffers goedkoper daarvoor gebruik. Toe het hy perbeer om te smous langs die huise, met groente, wat hy smôrens op die mark opkoop; maar die koelies het daardie hele besigheid in hulle hande en Kootjie was ook maar verplig om so hier en daar skuld te gee, en dit moes hy nie gedoen het nie. Hy het die meeste van die uitstaande gelde nie gekry nie, en ou Kootjie Swarts moes opgee. - Toe word hy onverskillig en beginne drank smokkel. Hy was maar onnosel en 'n mens kon somar aan ou Kootjie se oë sien, dat hy iets gedoen het, wat verkeerd was. Hulle het hom somar gou-gou getrep, en vandag is

Kootjie Swarts 'n bandiet. Toe hy die dag sy vonnis hoor, drup daar net sulke groot traandruppels uit sy baard uit ... en ek het sy arme vrou so jammer gekry! - En toe?

'n Persoon wat op haar huisie afkom het haar oë gevang.

'En wat kom soek jy dan? - Môre Dawid!

'Skink vir my koffie in Fyta jong! ek is nou moeg geloop agter die vervlakste kind!' kommandeer Dawid Nortjé.

Ampie wil wegraak in die klein kamertjie so hopeloos naby sy vader. Hy sluk en sluk droë slukke agter die droë brood aan ... 'En hier sit die skelme vabond so ewe poliets en eet. En wat die swernoot hê jy aangevang. Dit let my nou nie veel nie of ek trap jou hier voor jou tante,' dreig Nortjé. Sy suster het hom egter daadlik gekalmeer en op 'n stoel laat sit.

'Jy moet jou bedink Dawid, die arme kind het heel nag in die tronk deur gebring' en inderhaas skink sy 'n pinkiebeker swart koffie en skep van die suiker uit die trippense kardoesie, wat sy flus gekoop het. Vir haar broer gee sy die helfte van die stuk brood, wat sy nog besit. Alles gaan stil en stemmig. Tant Fyta sit weer as 'n siellose wese teenoor hulle, vol gedagtes, wat haar harsings deurmekaar krap. Sy kyk die voordeur uit oor die ellende, wat daar in blikkiesdorp opmekaar pak en sy verwag haar man so half en half met 'n paar sielings. Maar in die swerweling se oë gloei die angs vir die eensame wandeling netnou met sy vader huistoe.

Skuins agter sy pa aan stap Ampie wild en wakker, vir 'n moontlike uitval van die kwaai vader van hom, wat stil oorweeg hoe om sy seun se malkopdaad agter te kom. Virwat was hy dan in die tronk? Hoe het hy daardie nuwe belt in die hande gekry? Hy weet dat Ampie hom sal voorlieg. Dit sal verniet wees om vir hom te

vang; want Ampie sal weghardloop sodra hy na hom gryp. - Dawid Nortjé loop in gepeins skuins voor sy seun. Dis 'n treurige wandeling teen die klaende voorjaarswind, wat elke dag amper oor die velde stryk. Geen woord word gewissel nie en dis vir Ampie of hy deur onsigbre kettings saamgetrek word, so willoos volg hy die stil figuur van sy vader. - Die lewe is so leeg. Daar is geen doel meer nie. - Breed loop ou Nortjé met sterk stappe. Geen mens sal raai dat hy die môre al dieselfde pad geloop het nie. Taai en onvernielbaar amper, is hy 'n ideaal vir die doen van die grofste werk in 'n steenkool myn. Sy vaal baard is swart en verkleur van die gedurige lewe in rook en by gemis aan seep, en sy leepogies is vieslik om na te kyk. Hy kon geen pasliker bynaam gekry het nie as 'Goor Dawid', soos die buitegemeenskap hom tiepeer. - Jammer dat verslegting daardie fris man, vir die gemeenskapslewe tot 'n las gemaak het.

Nortjé voel dat hy vir Ampie nou moet uitvra. Hy raap 'n klip van die grond af op en staan ineens reg voor sy seun, wat net wou wegspring, toe sy vader dreigend uitroep:

'As jy weghol, gooi ek jou met hierdie klip dood!'

Dit verydel Ampie se plan. Nou sal hy fyn agter mekaar sy saak bedink en perbeer om vrede tussen hulle te kry ...

'Virwat sal ek dan weghol, my pa?'

'Waar is ou-Jakob se geld?'

'Laat ek nou alles duidlik vir pa vertel. Die skelm afslaer stop my net een pond en agtien sielings in my hand pa. En ek het gepraat en gesoebat, maar dis net so goed en praat met daardie klip waar pa my mee sal gooi, as ek weghardloop. Ek het hom gesê: hy is 'n skelm en 'n geldvreter pa!'

'Jy staan my weer en voorlieg! Swernoot! praat die

waarheid. Hoekom hê jy toe weggeloop pleks om vir my te kom vertel?’

Ou Nortjé hurk neer en sy klouvingers frommel met sy baard. Klein goor ogies, wat lyk of hulle aan toegroei is, kyk agterdogtig na sy kind, wat baie rustiger, sonder bedenking maklik verder sy pa aflei en vertel:

‘Nou vra pa my iets, wat ek nie mooi kan duidlik maak nie, want toe ek my kom kry, was ek op die pad na die magistraat, om my klagte in te dien,’ en try maak sowaar indruk op ou-Dawid.

‘En toe? Wat sê die magistraat?’

‘Pa, hy sê ek lieg!’ sê Ampie met so 'n verontwaardiging, dat hy self alles begin te glo, wat hy nou vertel: ‘hulle het my hot en haar geruk en toe ek wou weghardloop, het hulle gesê dat ek gesteel het. Ek sê kom ‘serts’ my, en hulle het my toe ‘geserts’ en alles gevat behalwe hierdie belt pa, want my broek wou met geweld afsak, en toe set hulle vir my die heel nag in die tronk soos 'n bandiet. - Van môre los hulle my toe en toe kry pa my by tant Fyta.’

‘En jy wil vir my wysmaak dat hulle al ou-Jakob se geld gehou het? Ek is g'n poenskop nie, jy staan my hier en voorlieg!’

Maar onbeskroom druk Ampie verder deur.

‘Nee pa 't my nie mooi verstaan nie. Ek het mos vir pa gesê dat ek hierdie belt gekoop het van die geld; want waarna lyk dit om voor die magistraat te verskyn met 'n broek, wat net wil afgly? Ek moes mos tog ordentlik lyk, nie waar nie?’

En daarmee moet Nortjé ongelukkig saamstem. Ampie is so dig as 'n bottel brandewyn in die drankstoor. Jy kan alles sien, maar niks proe nie. Nortjé voel dat sy seun hom voorlieg, dog sien min kans om meer uit te vind, hoewel hy ergerlik en ontevrede voel.

‘Gee die belt laat ek sien!’

Ampie hou sy lyf skraal, terwyl hy vir sy pa die punt aanpresenteer, op sy hoede vir 'n verdagte beweging.

Nortjé hanteer die belt met 'n groeiende begere en deëlik bevoel hy dit of daar dalk nie geld in is nie. Daarna gèspe hy hom vas om sy lyf en sê, terwyl hy aanstap: 'Ek sal die belt vir my vat.'

Ampie kom verleë agteraan met 'n gevoel van verkropte onmag. Dis onreg daardie en dis 'n skande om so te werk! Hy sal niks oorhou nie van al ou-Jakob se geld, as sy pa die knipmes en die mondfluitjie agterkom.

Nortjé gee voedsel aan die spyt wat in sy hart woon en aan die twyfel aan sy seun se verklarings, toe hy neerslagtig verder aanslenter met stadige passe. Moet hy daardie seun van hom nou glo? Hy lyk so ernstig en verontwaardig, of hy die grootste onreg gely het. - Ag! en sy begeerte na die bees van 'n slagvark is so sterk, dat hy nie kan dink aan onkans om die vark te koop nie. Dit was sy hartewens vir weke. Hy 't so geniet deur die gedagte alleen om binnekort sy lang gespeende vleeshonger te versadig ... Daar is g'n geregtigheid meer in die land nie! So gaan dit almelewe met 'n arm mens, die laaste swernoot verneuk hom! Sou Ampie hom dalk ook nie kul nie? 'n Opbrusing van toorn verhaas sy pas. - 'n Mens word nie somar verniet gevang nie. En 'n Magistraat het g'n reg om die geld te hou nie. - As daardie kind hom goedmoeds staan en voorlieg het? ... So wrentig, Ampie het hom weer verneuk ...! Die toorn bekrui sy sinne, maar hy bedwing sy haas.

'Ampie!'

'Ja pa!'

'Kom stap hier langs my, ek wil met jou praat!'

Ampie kom 'n weinig nader tot 'n halwe tree skuins agter hom.

'Jy sal bars as jy vir my lieg hoor!'

'Ja pa!' sê Ampie sedig, klaar om weg te koets as sy

pa net roer en vinnig sal hy uitsny voor sy pa die kans het om weer 'n klip op te tel.

'Ek sê jy sal bars!' herhaal sy pa heftig, terwyl hy skielik stilstaan en Ampie twee tree agteruitdeins. - Daar lê g'n klip naby nie en Ampie voel gerus, so wild en wakker as hy is.

'Waar is ou-Jakob se geld? Ek wil dit hê! Bring! Lewer uit! Lewer uit!'

En uit die staanspoor is hy onkeerbaar. 'Bog! Vabond! Jy dink glo dat ek jou vuilgoed is nê?'

Die woede vlam deur sy harsings en skiet deur sy senings. 'n Malmens is ou-Dawid Nortjé, toe hy vir Ampie bespring, soos 'n valk 'n kuiken opskep. Die losgebreekte woede was te plotseling vir die geringste vlugkans, en Ampie, weerloos en vasgeklou deur 'n magtige gryp van woede hande, bly stom as 'n skaap, wat hulle keel afsny. - Net sy oë, vol doodsangs, sper oop en staar mal in die ruimte, asof die doodsbenoudheid hulle wil oopskeur, 'n doodsbenoudheid wat die sterk hande, soos kloue om sy keel, kop toe pars, en hy hoor die waansinkrete, soos dowwe hamerslae op sy kop.

'Jy moet vrek! Verdomde kind! Jou end is hier! ... hier! ... Ek moor ... God ek vermoor jou!' ... brul ou Nortjé in dierlike klanke.

En soos dit nou toevallig moes gebeur het, het 'n manspersoon die onmenslike gebrul gehoor. Dis Flip Staander, oom Kasper Booyen se bywoner, wat, uitgegaan om 'n paar beeste te soek, toe hy 'n leegte uitklim, op die spokery afkom. - Alles het soos 'n rolprent hom verby geflikker. - Hy herken Goor Dawid en sy seun Ampie. Die vuiles gaan sy kind vermoor hier in die veld. Hy bars in volle vaart op die vader los en ruk hom met 'n onverwagte ruk opsy, en dit is heeltemal voldoende om vir Nortjé tot besinning te bring. Dit bruis

in Staander se binneste op om vir ou-Dawid in te storm met 'n woordevloed vol minagting en slegsê; maar Ampie het inmekaar gesak en hy perbeer om hom orent te sukkel. Slegs 'n gemompel van verwyf grom hy teen Nortjé wat nou eers merk hoe sekerlik hy sy kind hier sou vermoor het ... Hy sidder vir Flip Staander, wat vir Ampie regop hou en van onder sy groot wysbroue die wrede vader dreigend aankyk. - Nortjé, 'n man, wat vir Staander met een vuishou pap kan slaan, is bang vir daardie stil man, en Staander, wat hom geen sekonde sou bedink om vir Nortjé in te vlieë nie, as hy dit sou waag om weer sy hand vir Ampie op te tel, kan, wyl hy verstandig vir Ampie regbring, sy sê nie sê nie. - En dis wat Staander in sy lewe altoos gehinder het, waarom hy bywoner van Booyen geword het.

Nadat Ampie heeltemal weer reg is, stap hulle drie saam verder.

'Die kind het van die huis af weggeloop neef Flip, en ek het hom van môre op die dorp moes gaan haal.' Sê Nortjé eindelijk om die spanning te breek.

'As ek 'n minuut later gekom het Nortjé, sou ek jou moes opgebring het vir moord.'

Hy skrik vir die gedagte en voel dankbaar dat dit nou onnodig is. Hy sou nooit die vrypostigheid besit het nie en net swaar gekry het onder die verpligtingsdrang.

Nortjé voel heeltemal normaal en kry die neiging om witvoetjie te soek.

'En wat bring jou dan so verdwaal in hierdie gebuurte neef Flip?'

'Ek is agter drie osse aan. Hulle is van eergister môre af al weg. Hè-jy hulle altemit nie geware nie? Dis twee donker rooies, omtrent ses jaar oud, een met weglê horings en een met knyp horings; die ander os is 'n afrikanermof, 'n rooi kop met sulke half gedraaide kort horinkies.'

'Neef Flip ja, dit wil my byval, dat ek gister middag, onderkant my huis drie osse gesien wei het. Dit was vreemde beeste. Ek het my dogter nog gestuur om hulle van die vlei af op te ja, dis nou 'n tyd dat beeste lelik vasval neef, en in die vlei is baie vals plekke wat gevaarlik is.'

So nader hulle, los geselsend, die laaste bult waaragter Nortjé se verblyf is. - Ampie het geen woord gepraat nie. Hy voel ongelukkig en as iemand, wat lieverste uit die wêreld uit wil padgee.

Dit lyk of die ellendige verblyf daaronder vir hulle staan en inwag, soos 'n stompstert gedierte, met 'n tamaai groot kop. Outydse murasies, wat gedeeltelik onder 'n ruigte-strooidak die huisgesin van die Nortjés herberg. Die onbedekte deel trotseer al die seisoene se geknaag in die oop lug en omvat die kastinge kombuis en vandag se eetplek. 'n Vaste eetplek is daar egter nie, elkeen eet, waar hy of sy die kos ontvang. Nortjé het dit nog nie nodig geag om die hele murasie onder beskutting te bring nie, en hulle leef nou al twee jaar so, heeltetal gaaf. Geen prikkel spoor die begeerte na die gerief van 'n witmenslewe meer nie. 'n Strewe om hoër te staan as die kaffer, wat net so, en beter in baie opsigte as hulle lewe, is dood. - En daarbinnekant krioel nou die kroos onder 'n gedurige gekekkel, waardeur 'n dreungemompel van die moeder val, soos pompomskote tussen klein geweervuur, as sy gevoelloos onpaslike dreigemente uiter.

Fyta, die oudste dogter, ruim vier jaar jonger as Ampie, is 'n halwe idioot, wat 'n lap ou sis tot repe skeur vir haarlinte en 'n band om haar rok mee op te hou. - Netnou sal Ampie kom en sy moet tog ordentlik lyk, dalk bring hy 'n gawe jongetjie vir haar saam. - Mina, die tweede oudste dogter, is die enigste wat 'n begrip en ook 'n begeerte vir persiesheid het. Sy veë met 'n



bossie dekgras die ongelyke vloer, dat die stof die murasies binnekant deinsierig maak.

‘Sit soontoe Fyta!’

‘Ek sal nie, hoor jy! Ag! ... loop ... wat!’

‘Ma, sê tog vir Fyta, sy moet padgee!’

‘Fyta ek voeter jou netnou!’ dreig die dooie dreunstem.

‘Ag Ma, ek is mos besig.’ (Sy klap met haar tong, kastig verontwaardig.)

‘Ek hinder mos g'n!’

Mina stamp nou vir Fyta uit haar pad uit.

‘Mina, jy moet sê as jy slae kort kom!’ brom harder die moederstem.

‘Sien ma dan nie, ek maak die huis aan kant nie?’

Die moeder van ses nog lewende Nortjéjtjies - vier is al begrawe - besweer die gees van rusiemaak verniet. - Sy het die geeskrag nie daarvoor nie, sy is tam. - Net wanneer die verdronge emosies van bitterheid en mensehaat te sterk opstu, dan is sy onkeerbaar, nes ou-Dawid, 'n felle furie, waarvoor die kinders tjoepstil, sidderend wegkruip. - Dis egter iets seldsaams. Haar simple onderworpenheid is te gewend aan ongerief en wanorde en kindergeraas, dat dit haar kan hinder. En dis vir haar 'n geluk dat sy simpel is in daardie omstandigheid, want sy voel tevrede in die roue werklikheid om haar heen. Die brom-dreun dreigemente is maar net die uitinge van haar onbewuste, wat somar so opborrel.

Sy abba die heel kleinste. - Al die kinders het maar klein gebly. Die twee, wat op die vloer rondkruip lyk ewe groot: Ampie se kleinboetie en 'n dogtertjie van vyf. Hulle krap die sand en stof en ander vuil op die vloer, bymekaar tot walletjies, wat 'n beeskraal voorstel en 'n pad, wat na die deur toe lei. Gekleurde klippies, bont opgestel is dan die beeste, wat uitgaan

weiveld toe. Die tweetjies speel baie lekker daar in die gemors; maar gou is hulle genot verby. Die nydige dekgrasbos van Mina vee hulle hele fantasie weg. Die kleinboet spring verwoed op en trane spat in sy oë. Hy stamp sy suster met sy tengerige vuisies in haar sy, soos 'n bombardementjie, waaroor sy lag en aanhou vee. Die dogtertjie het haar boetie se voorbeeld gevolg.

‘Kleinboet julle maak net 'n gemors! Ma, kyk vir Kleinboet en Kleinsus!’

‘O julle soek my nê? Julle sal my kry!’ sê die moeder sonder om haar oë na die twis te draai en 'n paar keer herhaal sy die bedreiging. ‘Julle sal bars.’

Sy het van eergister af, toe Ampie nie tuisgekome het nie, 'n snaakse kwelling, wat haar wonderlike hart deurmekaar gekrap het. Vanmôre vroeg het 'n vlaag van vroomheid haar hardnekkig laat sing:

‘Salig hy die in dit lewe,’ waarin die suiwer, maar harde stemme van Fyta en Mina gaandeweg gedeel het, toe hulle drie om die vuurkan in die môreskemer gesit het. Die kleintjies het toe nog geslaap en ou-Dawid was al agter Ampie aan. - En naderhand het die moeder vir Mina georder om die bybeltjie te soek. Toe het Mina hulle voorgelees van die eerste bladsy, wat sy oopslaan en dit was uit die Hooglied van Salomo. Die ander het vol eerbied gestaar in die vuurkan se springvlamme om 'n groot swart ketel, en die oomblik was vir die moeder heilig. Die bloed van voortrekkers wat nog deur haar are vloei, het uiting gegee aan 'n godsdienstrang, toe haar hart gekwel geword het.

En toe Mina die bybeltjie toeslaan, het om die warm vuurkan maar weer dieselfde lied van flus opgeklank in die kille winterdageraad. Toe het die kleinspan wakker geword en hulle in die gewone kleurlose lewe teruggesleep. - Maar die moeder het die klou-gedagtes van gister-heel-dag-al gedurig gevoed. Die skelms het vir

Ampie gevang. Hulle weet mos dat hy geld het. Hy lê daar langs die pad, soos die Jood, wat die barmhartige Samaritaan naderhand opgetel het ...

Gister het sy die heeldag aan ou-Dawid getorring. Hy moes tog maar uitspring. Hy kon maar gerus reguit dorp toe peil, want al die skelms en diewe en moordenaars bly daar.

Nortjé het hom toe geërg.

‘Wat wou? Ampie het niks oorgekom nie! Die vloek is skoonveld met ou-Jakob en al, of met die geld. En die vark kan ons maar op ons pens skrywe, en doodvee met die hemp!’

‘Ek sê hy lê daar teen die bult, net deuskant die dorp, kaal uitgeskud nes die Jood, wat langs die pad gelê het, in die bybel.’ - Ou-Dawid ken sy vrou. 'n Mens kan net so wel perbeer om Winter in Somer te verander as om haar nou 'n gat in die kop te praat. Sy hoofgedagte was:

‘Die duiwel sal hom ry!’

En vroeg voor die rooidag nog het hy toe getrap. En sy het, onverskillig vir alles om haar heen, net na die tuiskoms van Ampie uitgesien. Vroeër was dit niks, as hy vir dae weg gebry het nie; maar nou het hy mos baie geld by hom gehad. - Die arme kind ... en hy lê daar half vermoor langs die pad ...

En terwyl sy die rustelose klein Nortjéttjie abba, bly haar blik die deuropening deur, op die lang bult vas.

Sy 't weinig sorge nou meer in haar lewe, wat gewend geword het aan die bot onverskillige laat-kom-soos-dit-wil. - Maar hierdie wegbly van Ampie onder die vir haar so besondere omstandighede, gee haar dae ...

En plotseling guds die storm van blydschap deur haar bloed, hoewel haar starre oë effens maar 'n glans oortrek. In haar bevange brein knap die gedagte los, wat soos 'n band haar harsings vas gesnoer het.

'Daar kom hulle!'

En nou begin sy in haar ordelose huishouding te lewe.

'Dê Fyta, vat die kind!'

Fyta borrel met die baba en die ander die murasies uit, om te sien of Ampie nie dalk 'n jongkêrel vir haar saamgebring het nie. Sowaar dis drie, haar pa, Ampie en die ander wat sweerlik na haar sal kom vry. Haar liggaam tintel van geluk. Dis daardie blou-oog jongetjie, waar sy so baie van gedroom het.

'Dê Mina, vat die kind! Ek wil my regmaak, hier kom mense saam met pa en ouboet-hulle!'

'Ek sal nie!' martel die suster haar.

'Ma, sê tog samblief vir Mina dat sy die kind moet vat! Kyk hoe lyk my hare, ons kan ons naam mos nie laat val nie!'

'Mina, luister vir jou ous! Sy 's reg, dalk is dit nog die magistraat, wat hulle saambring om te ondersoek, waar Ampie bly.'

'Laat Kleinboet die kind vat,' sê Mina, 'ek het heel môre huis aan kant gemaak!' en sy trap eenkant toe.

'Ag ek sal nie dê!' sê Kleinboet kwaad nog vir sy suster wat sy spel gebreek het.

'Julle moenie nou vir my bodder nie!' brom die moeder haastig.

'Kom help Mina, laat die pap gaar kom!'

En voor die hunkerende oë van Fyta, draai die derde persoon van die ander weg, die veld in. - Dis seker somar om hom reg te maak vir vanaand, dink die simpele dogter nog blymoedig in haar waan.

In die deinsigerige murasies terug, is gou die hele voorval vergeet. Dis weer die gewoonlike geraas en deurmekaar gewarrel van die Nortjees.

Die vader, moeg en lyfseer van die groot inspanning, vertel luiierig vir sy vrou, wat hy van Ampie weet, en Ampie, sku naby die deur hoor die verhaal, met wat sy

pa nog aanlas. Hoor hoe lieg die ou! Hulle het mos nie vyf pond by die Magistraat van hom afgevat nie ... Hoor maar sy pa kan spek skiet!

Maar wat hom opval is hoe wonderlik opgeruimd sy moeder die geval opneem, waar sy pa so triesterig gebukkend sit, omdat hy nie sy sin kan kry met die vark nie.

‘Dawid, vir wat is jy dan so hartseer oor die vark? Loop koop die ding op skuld!’

‘Jy is mal vrou! Wie sal vir ons nou skuld gee?’ Sy het met haar bekrompe insig 'n idee gekry en koppig vasgehou, dat Ampie al die geld gebank het.

‘Ou-Dawid, my man! Ek sê loop koop die vark! Ampie sal vir jou borg staan. Hy het die geld gebank.’

‘Gebank?’ Sy leepogies kyk baie venynig vir sy wederhelf.

‘Wat weet Ampie van 'n bank? Die vervlakste kind het ons besteel. Jy is verspot vrou! Jy praat somar deur jou keel!’ Hy staan op en Ampie vang 'n kwaai blik van sy pa en toe spring hy na buite.

‘Ek ontsien my twee bene!’ brom Nortjé. ‘Ek wil gaan slaap,’ vervolg hy, toe hy na die ander kant van die murasie stap, waar die rusplekke van die huisgenote is.

‘Ek sê koop die vark!’ dreun sy vrou hom half dof agterna. Sy beskou die bank as 'n heilige geslotenheid. Geld daarin is vir ewig veilig gebêre, en iemand, wat geld in die bank het, kan alles koop op skuld.

En daarbuite slenter Ampie doelloos deur die veld. Onbewus daarvan hou hy 'n voetpaadjie na een van die plekke, waar hy 'n karwielband gestel het as 'n wip vir hase. Sy lyf voel stywerig van die rukkies stilsit in die huis, en hier binnekant in hom, lê die swaar gewig van leed. Hy voel of hy daar ook baie moeg is. - Moeg ook vir die bly daar in die haatlige murasies, waar sy

lawwe moeder so ontydig is om te dink dat hy die geld gebank het. - Netnou kom daar weer splinternuwe sonde oor die kastige vyfpond, soos sy pa haar voorgelieg het. - As sy tog maar liewerste haar mond wil toe hou. - Sy sal nou anhou neul met hierdie verbeeldentheid van haar, tot sy die ding vergeet het. En tot solank sal hy sy lyf moet skraal hou vir sy pa.

Sy pa 't hom amper bokveld-toe gehad. Hy 't net begin om niks meer te voel nie, nes een wat doodvas aan die slaap is. Hoekom moes oom Flip hom juis op daardie oomblik kom verlos het? Hy kon maar liewerste daar gebly het, dood en uit die wêreld uit.

Hy voel soos een, wat regtig kennis met die wêreld gemaak het. Hy het in die drie dae 'n ondervinding deurleef, ver meer as alles saam, wat hy vroeër ervaar het, en hy is heeltemal ontmoedig. Die wêreld is vir hom soos 'n vals gedierte, wat hom van agter bekruip, en met al die mense kan hy glad niks uitrig nie. Hy sal kan wegvlug uit die wêreld uit, bosveld toe; maar wat sal dit hom help? Daar is ook poliese en sy pa sal tog maar weer sy spoor vat.

Net een ding het hy geleer. Solank as hy iets besit, beteken hy iets. - Kyk vir ou-Moosa se winkel, toe hy kon speel met die geld, was hulle baie vriendlik, en toe hy langs die poliesman daar verby stap na die kantoor, toe het hulle vir hom gestaan en lag! En die ou bandiet het net met hom gesels solank as sy sigrets gehou het, en toe die gedaan was, kon hy maar gaan slaap. - En toe sy pa agterkom, dat hy niks besit nie, toe wou sy pa hom somar goedsmoeds vermoor. - Hy gril as hy sy hals betas en skrynerig sy vingers daar voel. - Hy sal nog fyntjies in sy spore moet trap hier vandaan, tot sy pa die slagvark ook vergeet het, en dit sal nog 'n rukkie vat. - En die belt sal hy nog uit sy pa uithaal. Dis darem laag om somarso die ding te vat.

Dis openlik steel so onder sy oë en hy moet maar tjoepstil bly.

Die wielband lê plat; maar niks daaronder nie. Ampie het nou skaars 'n oog vir iets, wat enkele dae terug nog sy lus en lewe was. Hy het somarso hier op die plekkie uitgekom. Hy weet self nie vir wat hy nog rondstap nie. Hy voel gedaan; moeg vir die wêreld.

Lusteloos slenter hy maar weer oor dieselfde voetpaadjie huis se kant toe.

En onverwag spring sy moeder in die paadjie, vol lag en ontydigheid. Maar hy het skaars geskrik. Hy is vererg daaroor; moeg en afgewerk as hy voel; asof niks hom ooit weer met die lewe sal versoen nie. - Hy voel ongemaklik nou sy Ma hier langs hom stap. - Dis nie verniet nie! ... Sy ma is ook ewig ontydig!

'Ampie jy steek verniet vir jou ma weg; - ek weet alles!'

'Maar dan kan ek mos nie iets wegsteek vir ma nie!' antwoord hy bars.

'Jy wil nie hê, jou pa moet dit agterkom nie nê? Maar ek sal stil bly Ampie. Jy 't vir ou-Jakob se geld gebank, nie waar nie?'

Gedurende die aand, ongemerk naby die deur, het sy geestesgang dieselfde doellose groef van swaarmoedigheid gehou. Hy 't dof geword deurdat sy harsings gedurig 'n klouende swaar verwerk, so lui, asof hulle lus kry om te toef in die onbepaalde somberte. Hy 't selfs sy kleinboet nie opgemerk nie, toe die 'n lang ruk stil, vas teen hom gestaan het, asof hy iets wou vra, dog bang geword het en naderhand ontevrede weg gestap het. - Dit draai maar in sy kop. - Hy 't niks meer nie ... hy sal nooit iets bymekaar kry nie ... Met ou-Jakob het hy alles verloor ... Sy eerste groot ambiesie het jammerlik gesterwe en daarmee ook sy eerste liefde verslaan. Hy huiwer selfs om oor Annekie

te dink; omdat hy hom gevoel as 'n niksnuts, 'n windmaker wat kastig so baie geld sou gaan verdien om kastig eendag met haar te trou. - En die ring sal hy ook nooit vir haar durf bring nie. - Met ou-Jakob het hy alles verloor! ... Alles wat in die wêreld lewe is sy vyand! ...

In die versuftheid staar hy na die huisgesin, wat om die vuurkan groep. Ampie merk niks van kou hier langs die deur nie. Die kinders is stil, hulle kry lekker warm daar, want die pa se groot plek kan nou deur die kleintjies opgevul word.

Sy moeder kom van die vuurkan af, en bring vir hom warm koffie en dis iets baie ongewoons.

'Kry jy dan nie koud nie Ampie?' vra sy so simpatiek as hy nog nooit haar stem gehoor het nie.

'Kom sit nader by die vuurkan tussen ons.' En in sy kille lyf begin die lewe te gloei en in sy hart 'n nuwe gevoel, wat hunker na 'n medegevoel en liefde.

En toe kry hy skielik 'n groot verlangste na ou-Jakob ...



## **Hoofstuk VI.**

### **Ampie en sy Maat.**

Augustus meen dit vandag regtig. Die wind speel met die laaste deeltjie stof. Die lug is deinsigerig en die transportstreep net een stofstreep. Die wind draai so lastig om Kasper Booysen se huis, dat die vrou al heeldag uit haar humeur is. Almal vergeet om die deur agter hulle toe te trek, alles bly ewe vuil; skoonmaak help nie, elkeen loop waar hy nie moet loop nie, en die huis is so trekkerig, net mooi instaat om die sterkste mens 'n kwaai influensa te besorg. - Die meid werk brom-brom van al die skroberings van haar nooi, die kinders baklei meer as ander dae, en Booysen het nukkerig die huis uitgestap na sy boerdery, waar die populierbos so'n laspos van 'n wind ordentlik teëstaan.

Die eentonigheid werk op 'n mens se senuwees. Laat die beste orrellied van sonòp tot sonònder aanhou, en vroeg-vroeg sal 'n mens met plesier vyf sielings aanpresenteer, om tog asseblief maar die end van daardie gedreun te kry. En wie kan die klaagtoon, altoos dieselfde treurgeluid van die wind om die huis, kalm heeldag aanhoor? Die huisvrou moet, en soos sy sal ieder gewoon mens uit sy humeur raak.

Maar daardie armoedige jongkêreltjie, wat so vinnig kaalvoet oor Kasper Booysen se plaas aanstap, so maklik en lig deur die graspolle, is vandag baie bly. Ampie voel die ongerief nie. Hy het daaronder in die

kamp sy ou-maat geware, en soontoe dryf sy sterk verlangste hom, en die wind is vir hom soos 'n marsmusiek, waardeur hy heerlik loop.

'n Paar dae lank was hy onbeslis. - Hoe sal hy weer vir ou-Jakob kan terugkoop? ... Maar sy groot verlangste het sy harsings weer verruim, sodat die planne daarin getrek het, bont en los. As hy net die eerste bottel brandewyn kan in die hande kry. - Daarvandaan sal dit stryk. In die spruit kan hy dit wegsteek, of in 'n erdvarkgat. As die kaffers hom net nie sal verrai nie ... Hy is maar wild vir die poliese. Die beste plan sal wees, om maar vereers weer droë miskoeke bymekaar te soek en smid toe te bring in streepsakke. Dis baie ver om hulle soontoe te dra. Hoe lekker het ou-Jakob altyd vir hom daarmee gehelp ... Dis sikspens 'n sakvol. Twintig sakke - en tien sielings is syne. Dit sal hom vyf dae vat, bygesê as die miskoeke nie te ver uitmekaar uit lê nie. - Daarmee kan hy sy eerste bottel brandewyn betaal. Hy sal dit in die dorp moet gaan koop ... 'Nee wragtie nie!' In daardie vuil plek sal hy g'n voet weer sit nie! Die poliese sal hom somar weer goedsmoeds vang, vernaam as hulle 'n bottel brandewyn by hom geware ... en die sal hulle vat, en dan het hy weer niks nie ...

Grillerig het hy telkens die gedagtes opsy gedruk; maar telkens weer het soort-gelyke in sy lewendige brein gedring. Tot hy op die Augustus môre, deur sy groot verlangste alleen, weggevoer word na ou-Jakob toe - sonder 'n plan.

Dis of die skeiding maande was, so klop sy hart van vreugde, toe die donkie ophou met wei en sy groot lomp kop hoog oplig en die diep donker oë merk dat Ampie naderkom ... Daardie vaal ou-donkie het hom altoos verstaan, en leidsaam geluister na sy malste koersvat, tydig of nie ...

Ampie streel die groot kop, troetel dit in sy arms en liefkoos dit teen sy wang aan en hy verval in 'n soete mymery, waarin sy siel hom ontboesem in saggiese gesels, wyl sy hart teer en ontvanklik word en hy groot van gedagte.

'Ek wil vir jou terughê, kom wat wil! Die aarde is leeg as jy uit my lewe uit is. - Ek was nou hot en haar op die wêreld, in die kort rukkie dat ons twee uit mekaar uit is, en orals is dit net maar moeilikheid en oppas om in jou spore te trap; en ek weet sowaar nie in watter spore ek moet trap nie. - Die een ruk is die mense vriendlik en netnou spot hulle vir my, of gee my 'n loesing. - Net jy ou-Jakob is vir my altoos deur, die een met die ander dag, dieselfde. Of ek 'n sieling verdien het, of glad niks meer besit nie, ek kan op jou staat maak. - Ek wil vir jou hê my ou-maat!'

Hy voel 'n blye weemoed opklim in sy boesem en verhewe, of die wind vir hulle saam wil oplig van die aarde. - En terwyl hy nou vòòr ou-Jakob staan, en in die geduldige oë sien, waarin hy liefde en trou lees, wel plotseling die begeerte op in sy hart, om van nou af pal by ou-Jakob te bly; om reguit na oom Kasper Booyen toe te stap en vir oom Kasper te sê: 'Oom Kasper, jy het vir ou-Jakob gevat, jy sal vir Ampie ook moet vat!'

En op die plek spoor die begeerte hom tot die daad. - Die donkie volg hom tot by die hek van die kamp.

Die los lappe om sy lyf, wat vir hom nog broek en baadjie is, fladder in die wind, en dit gaan soos 'n jong warrel waar Ampie stap. Wat gee hy om? Die beste pak klere sal hom vandag nie gelukkiger maak nie; hy mis dit nie, omdat hy nog altoos die toiings gewend is, wat ander mense baas geraak het. - Hy voel plesierig en sy kop is lewendig van al die fyn planne, wat hy on-

der die loop anmekaar las. - Oom Kasper is mos baie ryk en hy sal buiten ou-Jakob nog geld verdien ook. As hy hom aan oom Kasper vasgemaak het, is sy pa laat. - Sal hy nie lekker lag as sy pa laat is nie? Hy moet al vas in oom Kasper se werk staan, as sy pa hom kom kry. - So stap hy opgeruimd na Booyesen se woning. - Maar op die stoep is dit of iets hom à op die bors druk; sy vrypostigheid raak skielik weg en 'n vreemde gevoel, so half bangerig raak hom baas. Hy kan nie besluit om aan die voordeur te klop nie en hy gaan versigtig terug onder die stoep. Niemand het hom gehoor nie en hy 't lus om huistoe te hardloop. - Dis baie hoë mense wat hier bly, en al die deure en vensters is so onvrindlik toe. Hy sal maar liewerste kombuis toe stap.

Saggies klop hy aan die agterdeur en ruk hom gou 'n paar tree terug, vas teen die muur. - Die meid maak brom-brom oop en daadlik weer toe as sy vir Ampie sien.

Dis die afleiding, wat weer die harmonie in Kasper Booyesen se huis sal herstel. Daardie kind van die ellendigste huisgesin in die omtrek, sal vandag die eentonigheid van die wind se treurgeluid breek en laat vergeet.

Baie teësinnig kom Mevr. Booyesen agterdeur toe, vas van gedagte om weer 'n gebedel van die Nortjees aan te hoor. Slegte mense! Veraglik in hulle lui en vuil lewe! Daar staan hy, so verwaarloos en onbeduidend as 'n slegte kaffer! Hoekom werk die mense nie? ... Sy is vol ergernis en vra bars en vinnig:

‘Ja, Ampie? En wat wil julle dan nou weer hê?’

Verleë haal Ampie sy groot sakkerige keps af en sê bedees:

‘Middag Tannie!’ onderwyl hy versigtig 'n tree naderstap. En daadlik voel sy 'n jammerte vir daardie openbaring van die droewigste armoede, wat haar bekend is; vernaam noudat Ampie haar vreesagtig, hulpbehoewend aankyk, met sy groot oorblufte oë. - Werklik

daardie kind het g'n onaardige gesig nie; sy donkerbruin, bang oë ... In haar gewone humeur groet sy hom nou en vra vrindlik wat hy wil hê.

'Tannie ek wou baie graag vir Omie gesien het asseblief,' sê hy saggies, asof sy stem haar dalk sal affronteer. En so meelywekkend is sy kindergesig, vuil as dit is, dat sy vrindlik verder vra: 'En waarvoor wou jy vir oom Kasper gesien het Ampie?'

'Ek wil my verhuur Tannie. - Ek wil my lyf in Omie se boerdery insteek.' Almaardeur lag hy so half onnosel en wys die sterk, wit tanderye.

Mevr. Booysen het dit nie verwag nie. In 'n oogwenk sien haar gees die gesukkel, wat haar man steeds het met kafferhulp, en wanneer Ampie onder Flip Staander se toesig werk, is hy stellig enige dag so goed as 'n kaffer; en bemoedigend sê sy:

'Dis 'n eersteklas plan Ampie! Spring uit om iets te verdien jong!

Ampie voel hom nou somar vrymoedig en 'n groot man. - Hy voel of hy maar lieverste met Tannie alles wil klaarpraat. - Vir oom Kasper is hy nog maar wild.

'Tannie kan maar alles vir Omie vertel asseblief, as tannie nie omgee nie. As ek ses pond geld en vir ou-Jakob terug kry, dan sal ek heel jaar dwarsdeur my lyf in Omie se boerdery insteek. Ek sal enige werk doen Tannie.'

'Wag Ampie, ek sal vir Omie gaan roep, dis beter. Versuim maar so'n rukkie hier in die kombuis.'

Sy het g'n vrymoedigheid om daardie vuil flenters in haar agterhuis te nooi nie.

Maar Ampie voel hom tuister waar hy is, en sê:

'Ek sal maar solank hier wag, Tannie.'

Die wind waai nog lastig en eentonig; maar die harmonie is tussen daardie twee herstel, toe Booysen en sy vrou aangestap kom.

‘Hoe lyk dit Ampie? Wil jy weer vir ou-Jakob uit my uitslaan?’

Ampie lag sy hele gesig blink oop. Hy voel bly toe hy verleë uitbring: ‘Ja, oom Kasper!’

‘Nou ja, Ampie, kom dan môre vroeg met jou pa saam, dan kan ons saam gesels daaroor.’

‘My pa, Omie?’ vra Ampie baie teleurgestel; want hy het sonder twyfel gedink, om somar daadlik by oom Kasper te kan bly.

‘Jy is mos nog nie jou eie baas nie Ampie! Hoe oud is jy?’

‘Ek word in Septembermaand twintig, Omie.’

‘Wanneer jy een-en-twintig is, dan word jy mondig, en dan kan jy jou eie baas wees, volgens die wet Ampie.’

Verdrietig begin hy die terugweg huistoe. Sy pa sal maar weer vir ou-Jakob vat en vendusie toe stuur soos laas. Wat gee sy pa om? En sal sy pa vir hom by oom Kasper laat werk? Dis nog 'n ronde jaar voordat hy mondig sal word. - Vinnig stap hy met sy skurwe voete, oor die koppiesveld, met die taaigheid van 'n Soeloe-soldaat, en die planne woel alweer in sy kop. - Sy pa sal nie aan ou-Jakob ruik nie! Oom Kasper sal sy esel vashou tot hy die dag mondig is, en dan sal hy mos net kan maak, wat hy wil! Hy sal vir ou-Jakob vat en inspan voor sy treppie, wat hy nog wil koop, en vir Annekie gaan haal met daardie karretjie en stadig langs sy pa stap-stap verbyry, neffens haar op die kar. - Sy hart swel groot en die lewe lyk so heerlik met Annekie hier langs hom.

Maar, toe hy in die verte sy tuiste sien, begin hy kalmer sy planne reg te sit. - Sy pa weet nog niks van hom en oom Kasper nie, en hy sal soetjies sy pa bydam. - Om 'n haas onder die wielband te vang, kamp 'n mens eers mooi 'n paadjie soontoe af met fyn doring-

takkies. Hy sal maar doodstil bly, tot sy pa sal begin uitvra. Dan sal sy pa weer oor die vark begin - sy pa wil mos doodgaan oor 'n vark ...

Buite, langs die sonkant van die bouwal, en uit die slag van die wind, speel sy kleinboet en sustertjie met kleiosse.

So ongeërg kom Ampie binne die murasie. Om die vuurkan sit die ouerpaar en hulle oudste dogter Fyta ... Hulle slurp swart semel-koffie, elk uit 'n groot stroopblik, wat die pa 'n oor aangesit het. Hy is nogal vernuftig op sy manier. - Gewoonlik is die kookplek in die gedeelte van hulle woning, wat dakloos is, maar gedurende winderige en reëndae, word die vuurkan in die huis gebring, soos hulle daardie skuiling noem. Die hoogste instinktiewe uiting van vandag is, om uit die slag van die wind te wees.

Ampie stamp sy simpel suster eenkant toe.

'Gee pad van my plek af!'

'Ma, kyk vir Ampie!'

'Ampie jy bars!' brom die ma, sonder om te roer.

Ampie sit so ewe houtpop langs sy pa, wat nou vrot tabakblare uit 'n kortsteel pyp rook, en skelm sy goor ogies eenkant toe gooi na sy seun, vol agterdog. Virwat is Ampie dan so danig inkruiperig?

'Was jy vanmôre by die wippe?'

'Ja, pa en toe loop ek Kasper Booyesen op die lyf, en hy vra my toe somar om by hom te kom werk.'

'Het hy vir jou gevra?' verneem ou-Dawid baie ongelowig. 'Ou-Booyesen is seker baie verleë om hulp.'

'Pa, hy 't my eintlik gesoebat; hy 't net lelik na my gevry; maar ek wou nie somar kop gee nie en ek sê toe vir hom, dat ek eers my pa sal moet vra. Want ek is mos nog nie mondig nie?'

Nortjé voel sy hart week word.

‘My kind, dis goed van jou; jy moet altoos na jou pa luister, dan sal jy nooit spyt kry nie.’

‘Ja, pa!’ sê Ampie soos 'n boetvaardige en vervolg: ‘En toe het Booyesen gesê, dat ek pa môre vroeg sekerlik moet saambring, om die akkoord te maak.’

‘Ek dink ons sal darem die vark kan koop ou-seun, want Booyesen kan daadlik betaal. Hy is mos ryk!’

‘Pa en wat kry ek dan, pa?’

‘Ampie luister! Ek het 'n mooi plan. Ek gee vir jou al wat oor die vyf pond gaan en dan koop jy vir jou daarvoor 'n kombes. Ek koop die vark en sal vir jou 'n karmenaadjie gee.’

En verder sit hulle swygend om die vuurkan ...

Daardie seun van hom slaan hom vandag totaal dronk ... Nortjé loer onderlangs vir Ampie, wat so sedig kyk as 'n koster met nagmaal. So handelbaar en gewillig was die kind nog nooit nie. Ampie het mak geword. Die melès, wat hy in die dorp gemaak het, het hom goed gedoen.

Ja, daardie wilde kind van die veld is op die oomblik mak. Hy weet wat voorlê. Van môre af is Kasper Booyesen sy baas, en daarvandaan sal hy mondig wees; vry om te maak net wat hy wil, onder sy pa uit. - Nou kan sy pa nog ewe eiegeregtig 'n belt van hom afvat, dan sal sy pa verniet vir hom iets vra. Hy sal met Annekie hier langs die murasie verbykom, agter ou-Jakob aan en sy pa sal maar net mooi die spul moet sit en aankyk.

Dis of hy die toekoms daar soos goud en geluk, in die gloed van die vuurkan sien; - so lekker gly hy weg in droomland - en die wind waai so wonderlik gelukkig om die murasie, of hy vir Ampie wil saamneem vorentoe ...

Vroeg die volgende môre staan hulle twee voor Kasper Booyesen se kombuisdeur, en altwee lyk of hulle



begrafnis toe kom, die klere toiings uitgesonder. Ampie voor, as hoofpersoon, skralerig en sku, sy pa agter hom, onverskillig vierkantig en breed gebou. Hy het hom vanmôre so effens met water skrik gemaak, en in vergelyking met sy seun, het hy klere aan; maar selfs vandag op sy beste, is die bynaam van Goor-Dawid nog baie paslik.

Booyesen bekyk hulle krieties vir enkele sekonde, en nooit hulle toe binne. Hy voel medelyde met Ampie in sy kompleete verwaarlosing, tog met 'n glans van vreugde in sy oë. En op die oomblik sou niks vir hom begeerliker wees, as om daardie kind vir altyd aan die geesvernielende sfeer van die Nortjees te onttrek nie. Swygend soek hy die skryfgereedskap bymekaar. Daar heers 'n plegtigheid in die vertrek, asof daar werklik begrafnis sal gehou word. - Nortjé sit ongemaklik, skrylings op sy stoel. Oor sy gesig glim 'n verleë lag; maar Ampie wil liewerste bly staan en kyk net voor hom op die grond. Die vader wil iets sê, maar kan geen woorde vind nie, en Ampie dink maar net hoe hy hier deur sal kom; dis so benoud hier binnekant en so vyandig.

Sy kop was rooidag agtermekaar om, wat volgens sy begrip van besitsreg aan hom behoort, te besorg. Die belt, wat sy pa van hom gevat het, 'n lantern, wat hy by sy vorige baas opgetel het, het hy in die skemer ver van die huis af iewers weggesteek. Later sal hy dit wel daar kry. Toe het hy 'n riem, waar hy 'n sweep van wil maak en 'n gebreide steenbokvel vir voorslae, styf opgerol en in die tamaai voeringsak van sy baadjie gebêre en ook sy vraeboek. - Hy sal by oom Kasper leer dat dit so klap ...!

Hulle twee het die slag langs mekaar gestap soos boesemvrinde. Hulle het mees geswyg, maar altwee was gelukkig, waar hulle begeertes haas vervul sou word.

Maar in die plegtigheid van Booyesen se netjiese huis,

word die natuurlikheid verdring, soos altoos, wanneer vreemde mure of toestande hom omknel. - Hy skrik nou vir die nuwe lewe, wat voorlê. Gister was oom Kasper mos baie vriendliker; vandag lyk hy soos 'n suurpruim. Hy voel nou regtig bang vir oom Kasper. Amper net so bang as vir die konstabel, of sy pa, as die baie kwaad is. Tog voel hy, toe die onderhandeling vorder, 'n begeerte om onder oom Kasper te staan. Dis 'n ander soort bangheid hierdie, 'n ontsag, wat weldadig is.

'Oom Kasper, en ek het nou Ampie vir jou gebring,' begin nou Nortjé met 'n vreemde vrypostigheid, toe Booyesen klaar is en hom sit en aankyk, of hy iets vra. - Maar hy voel so uit sy plek uit as hy selde was. Booyesen kon maklik vir hom oom gesê het, as hy respektabel was; want Nortjé sou grys hare kon gewys het, indien sy krotlewe hulle nie omplak het, met rook en vuil nie.

'Ek verstaan dat Ampie die hele jaar deur sal werk vir ses pond, as ek die bedrag nou uitbetaal - nie waar nie?' vra Booyesen korrek en duidlik, en Ampie het somar, toe daar roerentheid gekom het, helder bygestaan. Vinnig keer hy hier sy pa voor.

'Omie moet vir my asseblief een pond daarvan gee, om vir my 'n kombes te kan koop - en ou-Jakob kan Omie vir my gee, as ek die dag mondig is; solank as ek hom net kan ry, wanneer ek hom nodig het.'

En Ampie kyk reguit in Omie se gesig, soos 'n generaal wat 'n oorwinning behaal het.

'Wag maar Ampie, ou-Jakob kom reg!' sê Booyesen met 'n lag en Nortjé lag teësinnig saam.

'Doen jy maar net jou bes en wees gehoorsaam,' vervolg Booyesen ernstig.

Toe kom die vader se tong ook los, onderwyl Booyesen skrywe: 'Ja, Ampie, doen jou bes ou-seun! Wees gehoorsaam en hou jou hande van ander mense se goed af. Ek is vandag arm, maar die Here hoor

my! Nooit het ek my hande aan ander mense se goed gesit nie.'

Hier vertel Nortjé die waarheid; maar kleinighede wat so af en toe, somarso in sy murasies ingedra is, het hy nooit navraag na gedoen nie.

Ampie dink aan die belt, en hy voel bly, dat hy sy pa mooi onderdeur gespring het.

'En jy moet elke aand jou vraeboek leer; want jy is nog maar baie dom en dis kaffersleg as 'n mens ongeleer bly.'

'Hier het ek reeds my vraeboek,' sê Ampie trots en hy duik die gedaan en vuil bevingerde boek halfpad uit sy baadjiesak uit.

Nortjé kan van gister af sy seun nie meer begryp nie. Dat die kind so skielik oor alles gedink het, en so aстранt word, is hy mos nie van hom gewend nie.

Toe Booyesen die kontrak voorgelees en Nortjé blyk van tevredenheid gegee het, moet die vader hom teken. - Nortjé sit nou baie ongemaklik en sê:

'Oom Kasper, jy weet die griep, ek meen die kwaai griep van voorverlede jaar, toe ons almal plat gelê het?'

'Ja, Nortjé, dit was 'n bitter tyd daardie! Wat daarvan?'

Ek het hom in my rug gehad en my hande was daardie tyd glad dood, en ek het glad verleer om my naam te teken ... Kom, Ampie, vat die pen onder; ek sal bo vat!'

Die oudste hand beef ongemaklik bo en dis 'n meesterwerk van Ampie daardie, om D. Nortjé nog leesbaar onder die kontrak klaar te krap.

Vanmôre was dit stil, toe die son rustig agter die half afgebrande bult uitgeklim het, en die stemming van die aarde, was soos 'n erediens op Sondag. - Maar dis Augustusmaand se ou manier.

Toe Ampie afswaai in die kamp na ou-Jakob toe, stryk die wind eers soetjies, maar gou-gou sterker, al sterker, oor veld en koppie soos gister - en weer net Ampie is opgeruimd in wind en stof. Hy moet vir sy esel gaan vertel, dat hulle twee van nou af weer maats is.

Toe ou-Jakob vir Ampie gewaar, lig hy sy groot kop omhoog en twee lang ore klap regop, soos wagters op hulle pos. - En as daar lewe in die ernstige eselsoë blink, gty blydschap droewig oor die somber kop, wat deur sy oopgespèrde neusgate probeer om 'n groet vir Ampie te runnik ...

Ampie druk die kop liefkosend teen sy lompe vas, 'n lang ruk, stil en innig ...

'En nou ou-Jakob moet ons koeliewinkel toe, om 'n kombes vir ons te koop!'

Hy is op die rug en ou-Jakob luister sonder toom. Dit jubel in sy hart, en Ampie oorskree die windgeraas, soos hy sing, die wêreldse liedjie, wat sy moeder so dikwels sing in haar ellende.

'Hoe moet ik my beklagen?

Helaas, ik ben een bruid!

Waar syn myn vrye dagen?

Myn blydschap syn nu uit!

Uitbundig deur sy groot geluk, voel die seun weer losgelate op die velde, die knelster van sy pa se mag nou los vir ewig.

'Ons ry die wêreld plat vandag ou-Jakob! Ons gaan nou eers ons belt haal uit sy wegsteekplek!' So vinnig as hulle ry, swel die lustigheid in sy gemoed. Hy ruk die mondfluitjie uit sy sak en rukkerig gly die instrumentjie tussen sy lippe deur met 'n wyslose klankegewarrel, wat 'n jubellied vir Ampie is.

Effens versuim hulle, toe Ampie sy belt weer om sy lyf gèspe.

'Ou-Jakob jong, my pa is laat met hierdie belt! Hy sal aan ons belt nooit weer ruik nie! Ons gaan nou eers 'n slag na Vlakplaas toe. Die kombes kan ook maar wag tot ons genoeg weer saam gery het. Die nooi sal bly wees as sy vir ons sien! Ek het mos nog 'n persent vir haar en jy moet by wees, as ek dit vir haar gee. - Ons gaan dit saam bring! Aits ons trouing! Hier-jy jou spoggerige ding! Ou-Jakob ons rym vandag op 'n akkoord.'

Die esel druk sy spiere teen die wind en gee sy uitgeruste krag geheel vir Ampie. En as hy proes en snuif en lustig poteklap, wyl Ampie gedagtes sonder denke uitbaljaar, dan klink dit as een lied, saam met die winde, soos vroeër baiekeer, maar nou wilder, in die roes van maatsvoel in die onbeperkte veld, onder die vrye hemel en die frisse windsang om hulle heen, na Annekie, na Annekie!

## **Hoofstuk VII.**

### **Ampie en Annekie.**

Ampie speel nog altoos deurmekaar akkoorde, wyl sy maat 'n maklike pasgangetje hou.

In die eenkamerwoning op Vlakplaas, skuil ook die gehele huisgesin van oom Tys, vir die onplesierige wind, behalwe hulle musikaalste loot, Bart wat nog buite iets moet verrig.

Toe hy vir Ampie geware, staan hy stil en sak weg in 'n groot lap dekgras, langs die pad. Vandag sal hy vir Ampie lekker laat val. Hy sal uitspring, nes 'n ongedierte met 'n yslike gebrul, as hulle naby is. - Iets boei hom egter. In die windsang bo sy kop meng 'n warboel van akkoorde hulle tot een swerwende geluid, en hy, die musikant van die Tysfamielie, kan daar onmoontlik bly wegkoes. So skelmpies loer hy bo die grassaadtoppe uit, en bemerk dat Ampie deur sy mondfluitjie blaas. - Ampie het mos nooit 'n flenter om musiek gegee nie en nooit 'n trompie selfs bespeel nie. Daardie mondfluitjie het g'n onaardige geluid nie. Hy wens dis syne ...

Ou-Jakob het al iets vreemds daar voor geware, en toe hy stadiger stap merk Ampie oor die regop ore van sy maat nog intyds hoe Bart daar wegsak.

Ou-Jakob wei-wei stadig van hulle af weg, toe Ampie met sy neef daar plat sit in die digte dekgras, waar geen wind sy bestaan laat merk nie. - Bart het geluister hoe Ampie laas vir Annekie gevra het, en skrande van begrip, lei hy vir Ampie koud.

‘Jong jy 't mos à te haastig weer vir ons kom kuier.’

‘Die dorp geval my nie, neef Bart! Dis daar te toe, 'n mens kan jou nie roer nie!’

‘Wat sukkel jy dan so met die mondfluitjie? Of raak hy vir jou baas? Gee laat ek sien jong!’

‘Ek het hom op die dorp gekoop neef Bart en betaal vyf sielings vir hom.’

‘Hier by die koelie kan ek net dieselfde vir twee sielings koop,’ sê Bart, wyl hy die instrument 'n paar keer deur sy lippe heen en weer laat skuiwe. ‘Hy is vals Ampie; dis somar 'n ordinêre mondfluitjie hierdie!’

‘Wat wou! Jy is vals! Gee hier my goed!’

Ampie gryp maar Bart ruk agteruit.

‘Wag jong, laat ek speel, altemits was dit somar!’

Teësinnig sit Ampie en luister. Hy voel nie op sy plek nie en gee g'n flenter om die speel of probeer-speel van Bart nie. Sy wens is dat hy vir Annemie hiernatoe moet bring in die digte dekgras.

Maar as Bart 'n klankie hoor dan is hy onregeerbaar.

‘Neef Bart, gee hier die fluitjie, ek wil met jou gesels.’

‘Jong kom ek ruil jou eers! Vat hierdie trompie. Hy is goed, sterk en geskik. Wat jy wil speel sal hy vir jou gedienstig weergee, enige ding. Luister Ampie!’

Bart hou die ding vir sy oop mond, wat oop en toe beweeg, 'n verskeidenheid van klanklose suggeluidjies oor die veer uitstoot. En effens dreun 'n klank van neef Bart se duim se gestrum oor die omgekrulde hak.

Dis waar wat Bart gesê het. 'n Mens kan maklik enige ding op die trompie speel, en as jou mond nie moeg word om oop en toe te koggel nie, en jou voorraad van sugte voldoende bly, dan het die trompie nie 'n end nie, want al die ander elemente is van staal. - Bart laat 'n sugwysie deur sy lippe hoor - 'n Seties, so sê hy, en hy gee sy bolyf mee op die maat. Sy manewales, meer as die geluid, beheers vir Ampie. Bart beïnvloed hom deur

die kombinasie van sugklanke, gesigtetrek en bolyfgedoente.

‘Gee hier laat ek 'n slag perbeer!’ En Ampie kry die beginsel reg. Die klanklose geluid swaai op die maat van sy asem soos hy dit uitstoot, volgens die lied, wat hy wil voorgee om te speel. Maar sy bolyf roer te geweldig vir die droewige wysie:

‘Hoe moet ik my beklagen?  
Helaas, ik ben een bruid!’

Dit sug so grapperig deur die trompie, en Bart lag vir die ongeleerdheid.

‘Jong jy moet mos jou bolyf stil hou as jy iets stemmigs speel. 'n Seties of 'n polka, ja, dan kan jy jou bolyf roer. - Maar netnou sal jy hom verstaan. En hy hou vir altyd, want hy is van yster. Jy kan die trompie in die water laat val, en in die son laat bleek vir dae, hy sal niks oorkom nie; maar as die mondfluitjie in die water val, of in die son bleek, is hy vals en jy kan hom maar in die vuur smyt. Die vuur sal vir 'n trompie ook niks maak nie.’

En Bart het vir sy neef heeltemal oorgehaal tot die ongelyke transaksie; maar in die gouïgheid het Ampie 'n plan uitgedink.

‘Ek sal jou ruil ja, maar jy moet vir my iets doen boonop.’

‘Laat ek hoor!’

‘Bring vir Annekie hiernatoe.’ Ampie lag so breed en onweerstaanbaar, dat Bart se druk verswak.

‘Ek moet vir Annekie noodsaaklik allenig sien en daar in julle huis moet ek juis wag tot julle slaap en ons kan opsit.’

‘En sê nou sy is nie in die huis nie?’ veronderstel Bart vol berekening.



‘Dan soek jy haar en bring haar hiernatoe. Ek sal hier, wag tot twaalf uur.’

‘Ampie jy gee my baie moeite. Jy kan my gerus nog iets toegee. Ek sal moet politiek gebruik en allerhande planne om vir Annekie te paai,’ betoog Bart.

‘Ek gee jou hierdie knipmes boonop, as jy haar bring. Ek het vir hom drie sielings moet betaal.’ Bart beskou die mes en stryk sy duim oor die skerpte, terwyl hy indagsaam sê: ‘Hul kos hier by die koelie maar net een sieling.’

‘Nou ja, jong, maar op 'n dorp moet 'n mens ook almelewe dubbel betaal. Toe jong, loop nou! Anders word dit laat!’

‘En sê nou sy wil nie?’

‘Sê jy net vir haar dat Ampie die persent vir haar gebrink het, en dat hy baie haastig is, en dat sy moet kom.’

‘Gee die mes, ek sal vir Annekie bring.’

In die graspriëel, plat op die grond, sit Ampie hom en vermaak met die trompie. - Hy probeer al die liedjies, wat hy ken en die wysies, wat somer in sy kop kom; maar die dowwe geklank boei hom nie, dit gaan vir hom soos die gehamer op 'n skoensool, wat hy bo 'n ysterlees vasslaan. Hy voel effens ongeduldig op Bart, omdat die neef van hom die beste van die transaksie gekry het, en boonop nog sy knipmes. - Daardie bog, met sy gelol oor water en vuur, en die onbreekbaarheid van die trompie ... hy is 'n jood so uit die kas. - Driftig verdwyn die sterk instrument in sy geheimsinnige baadjie voeringsak. - Hy sal vir Bart ook eendag onderdeurspring. Wag maar! Sy kans kom nog! Hy was flus maar net verleë, en as Bart vir Annekie bring ... wat gee hy dan om vir 'n mondfluitjie, of 'n knipmes, of 'n trompie? ... As hulle tog maar gou sal kom. - Stadig sak hy agteroor in sy arms onder sy kop, en lê lankuit op sy rug.

Die mag van die veld is versamel hier in die noute, omring deur 'n digheid van sagroerende pylers van goud opmekaar. 'n Kind van die veld wag daar op sy liefste met 'n hart, waar 'n heerlike verlangste in groei. Verlangend staar sy dromerige oë op na die sagte blou van die hemel, na die speelse rumoer in die grassaad se toppe, wat, verdof tot gefluister, sy ore bekruij. Hy voel hom so salig alleen, afgesluit van die mense, deur die natuur se volmaakste beskutting, as in die heiligheid van 'n tempel.

Die wind ruk en pluk die dekgras se toppe in speelse gewarrel van ontelbare pluimpies, en wiegel gedurig die ruijgte in golwe van goud. - Waar hy lê sal 'n kersvlam nie bewe nie, so hou die rank, regop grasse eendragtig die fynste luggie buite.

Maar eindlik, toe 'n vlag sy droombevange brein verwaai, spring hy driftig op. Sy digte haarbos fladder met die grastoppe saam, waardeur hy die omtrek opneem, dog niemand gewaar nie ... Toe spekuleer hy oor hulle koms. - Sy is seker nie in die huis nie. Dalk sukkel Bart om haar alleen te sien; altemit moet hy politiek gebruik ... sy is partykeer maar 'n harde kop. Dit sal hom niks verwonder nie of sy is so steeks soos 'n perd. En dan sal hy nog lank moet wag ... Bart sal haar darem bring. - En as sy nou glad nie wil kom nie? Verdrietig val Ampie weer plat, ontmoedig, toe die gedagte posvat ... Hulle kon maklik al hier gewees het. - Sy het hom tog die jawoord gegee ... en sy wil amper mal word oor 'n ring. - Die sal haar bring ... sy sal wel netnou kom. - Versigtig sit hy die ring op sy skurwe hand en beskou hom baie ingenome. Ja, hy blink eintlik soos 'n spieël en die steentjies korrel opmekaar soos jong gernaatpitjies, nes sy begeer het. - Hy sien haar al spog en so ewe ongeërg met die vinger wys, so oulik na enige ding wat sy daar kastig sien, en

haar gesig so ernstig, of sy haar hele lewe dwarsdeur 'n ring gedra het ... Nee, daardie meisiekind met haar lang donker hare, wat lyk soos 'n perdestert, so mooi! ... Aits vir die vaste lyfie wat so swaai-swaai wegstap! So wragtig, sy moet nou kom!

Haastig spring hy orent. Sy asem is gejaag, of hy 'n lang distansie gehardloop het. Sy oë, vol vreemde gloed, vlam oor die dekgras, toe nêrens 'n menslike wese sigbaar is nie. Die drif jaag onbesonne deur sy liggaam, en sy mal gebare beduie hoe hy sal maak en wat hy sal uitrig.

'Ek sal haar bring! ... O, ek storm haar, tot voor haar ma en ek pluk haar hare uit haar kop ... En daardie Bart! as hy my kul, ek sweer as ek hom in die hande kry, ek sal hom in 'n erdvarkgat begrawe ... As hy my kul!' herhaal hy wreed, opgesweep deur die gedagte, tot amper raserny. - Woes spring hy die dekgras uit en vermeld die ruigte deur, wat hy vertrap om by ou-Jakob te kom, wat rustig wei en skielik opkyk na sy maat.

'Wat staan jy dan ook so oorbluf?'

Ampie gee die stomme dier 'n harde skop, dat die esel eenkant toe staan, met iets wonderlik vragends in sy oë, asof hy vir Ampie vra:

'Hoekom dan so verkeerd?'

En daadlik voel hy jammerte en baie van sy drif bedaar, toe hy vertel:

'Ou-Jakob, hulle wil vir ons kul! Kom ons laat spat na hulle huis. - Ons gaan vir hulle daaruit haal en jy sal vir hulle trap, dat daar net 'n nat kol van hulle oorbly!'

Met lang galopsprings, sny hul' deur die dekgras na die pad. - Toe sien hy die twee van die huis af kom en ou-Jakob is alweer alleen die dekgras in. Ampie se oë is vol krag, ja hy gewaar daadlik hoe haar rokke

fladder in die wind en hoe die wind wakker met haar hare speel, en hoe haar kappie se valle dans al op haar hare, en wyl sy hart dans van geluk, stap hy haar tegemoet. - Hy hoor hoe sy met Bart gesels, oor hulle so ontydig is om haar op die vlakte in so'n orkaan te bring; sy, 'n meisiemens, van goeie edukasie en dit nogal vir Ampie, die verspote bog! Wat sal hy van hom dink? ...

'Ek is vir jou kwaad Ampie, en as ek geweet het, dat dit so ver was, Bart sou my nie geroer het nie!

Ampie groet haar wyl hy verleë lag en hulle soen mekaar baie deftig soos twee ou-mense, wat gebuk gaan onder 'n bekommerde lewe. Ampie grinnik net. Hy het geen woorde beskikbaar nie en vertoon as 'n seuntjie, wat vir sy kwaai tannie in vol geselskap moet kom groet.

'Bart sê dis net hier-hier!' sê Annekie met voorgewende verontwaardiging. 'Dis somar origheid van julle!' Haar gesig wen baie daardeur. Tog gaan sy saam met hulle in die hoë dekgras, waar 'n klein ruimte as 'n stil plekkie hulle nooi om neer te sit.

'En vir wat is jy dan so danig, om nie na ons huis toe te kom nie hê?' En toe sy in Ampie se oë 'n oplewende gloed bemerk, draai sy skamerig haar kop na Bart toe. 'Bart en vir wat moes ek nou hier gekom het?'

Ampie is weer normaal.

'Ek moes jou noodsaaklik sien, want vanmiddag moet ek in my werk staan!' vertel hy haar grootmeneeragtig. 'Ja ek het sowaar geen tyd nie Annekie!'

Verwonder kyk sy toe vir hom en vra:

'Die slagpale is mos nie hier nie; sal jy dit dan nog maak?' Hy skuif nou tot vas teen Annekie en vat haar hand.

'Nee Annekie die slagpale kan na die hoenders gaan vir my part. 'n Mens is daar jou lewe nie seker nie, dit wil net moor en doodmaak, en dit lyk vir my of hulle 'n

mens ook naderhand somar lewendig sal afslag. - Ek moes net vlug, want 'n kaffer wou my met geweld doodsteek. Sy oë het gelyk of hy my op die plek wou vermoor! sowaar!

'Haai! en wat se werk is dit dan?'

'Kasper Booysen het vir my gehuur.'

'Nou ja, dis mos somar hier-hier; vernaam op ou-Jakob. Maar vir wat moes ek dan hiernatoe gekom het?' vra Annekie ongeduldig, en sy ruk haar hand los. Wie is Ampie dan so danig? Sy sal mos nie agter hom aanloop nie! Sy 't sowaar lus om huis toe te stap ... Waar is dan die kastige ring?

Ampie het nou die meeste swarigheid, hoe om Bart uit die pad uit te kry. Die kalant sit of hy daar vasgeplant is soos 'n neet, aan hulle twee.

'Bart jy sal mos nie omgee om vir ou-Jakob te laat suip nie? Jy kan hom maar na die spruit toe ry; maar jy moet net versigtig wees hy 't 'n skaafplek aan die hotkantse blad. Oom Kasper-hulle se tuig was te knap vir hom,' sê Ampie so vaderlik en goedwillend moontlik. Maar Bart het glad g'n lus nie. Hy kry nou lekker. Bart ontwikkel 'n besigheidsplan in sy geslepe, stil kop.

'Ek is gewend om donkies te ry, jy kan vir ou-Jakob mos netnou ook laat suip wanneer jy ry.'

Ampie voel nie bereid om rusie te maak nie. Hy besef dat Annekie dan sal weghardloop, as hy en Bart aanmekaar spring. - Nou sal hy ook, soos Bart sê, politiek gebruik.

'Kyk jong, ek het vir jou 'n mooi knipmes persent gegee, doen jy my nou ook 'n diensie, en laat ek met Annekie alleen gesels, asseblief jong! toe!'

'Jy kan maar naby bly,' sê Annekie.

Amper voel Bart lus om in te gee, maar hy het baie sinnigheid in daardie belt van Ampie, en dit wil hom voorkom, of die ding sal stryk.

‘Die mes het ek mos fêrplie verdien, nie waar nie? Ek moes net baie sukkel om vir Annekie hier te kry.’

‘As ek alles geweet het, sou ek nooit gekom het nie,’ sê Annekie ontevrede.

‘Ek sal vir jou anderdag 'n persent saambring, toe loop nou jong!’

‘Gee vir my die belt en ek sal trap.’ En Bart se oë blink van lus, toe Ampie hom die belt toesmyt.

‘Dê! Vat en trap!’ ...

En nou is hulle twee alleen daar in die digte dekgras. 'n Ruk van spanning volg. Annekie skuif koel en ingetoë, van Ampie af weg, en hy het weer geen woorde nie.

‘Jy moet nou gou vir my die ring gee Ampie, want ek moet huistoe,’ sê sy koel en saaklik.

‘Ag Annekie, en virwat is jy dan nou so haastig?’

‘Dis jy wat haastig was. Hê-jy dan flus nie gesê, dat jy vanmiddag in die werk moet staan nie?’

‘My liefste Annekie, as ek vir ou-Jakob aanja soos vanmôre, is ek binne 'n half uur op Booyesen se plaas, en - die verloofsring het ek hierso.’

Nou kom hy weer vas teen Annekie sit en wys vir haar die ring. ‘Kyk hoe mooi krop die steentjies Annekie, opmekaar soos jong gernaatpitjies. Hy vang jou oë soos hy blink. En van nou af sal jy gedurig dink dat ons twee verloof is, nie waar nie?’

En gretig gryp sy toe die ring. Hulle soen mekaar. Tenminste Ampie soen haar heftig; waar sy net dink oor hoe die ring aan haar vinger sal lyk. - Sy pas hom en hy gly los in.’

‘Ag dis te wyd - hoe jammer!’

‘Ou-Moosa is 'n vuilgoed van 'n koelie. Ek het die maat so suiwer geneem, en hy 't gesê, dat al die ringe eenders is - aimal nommer pas - dit was sy woorde. Perbeer jou middelvinger Annekie, hy is 'n ietsie dikker as die ander.’

Daar pas hy beter en die dogter voel somar soos 'n bruid; hoogmoedig bly haar oë op haar vinger en Ampie beskou haar vol geluk. Toe vra sy skielik.

'Hè-jy vir my ook lekkergoed saamgebring?'

'Nee!' sê Ampie vererg.

'Jy lieg Ampie, jy het!' seur sy plagend.

'Kom serts my as jy my nie wil glo nie!'

'Ag sies jong, en ek het so'n lus vir lekkergoed.'

'My liefste Annekie, virwat lol jy oor lekkergoed, ons moet mos nou ons sake deëlik goed bespreek, dan nie?'

'Ek weet nie! En virwat dan?'

'Ons is verloof en 'n groot besigheid wag mos vir ons daarvoor. Kyk, as ek by oom Kasper klaar het, is ek mondig en heeltemal my eie baas, en ek sal nie dat pahulle meer met my bodder nie. - Dan moet ons trou Annekie; want ek sal 'n sorg moet hê, of hoe sê jy?'

'Ek weet nie Ampie!' is al wat sy kan uitbring. Dis alles vir haar so stemmig en so onbegeerlik. Hulle kan maar liewerste nog aanhou vry-vry-speel vir so'n jaar of twee. Wat wil die arme bog so haastig met 'n vrou maak? Hy kan bekwaald vir homself sorg. - Besluiteloos sê sy met oulike erns:

'Ek het mos ander dag vir jou al gesê dat jy te haastig is. Ek sal my ma-hulle nie somar gou laat staan nie. Nee jongie, ek is vir my ma-hulle te lief.'

'Ons sal mos naby bly Annekie, en julle kan amper dag vir dag, oor en weer, vir mekaar gaan kuier.'

'Nou ja, dit kan wel wees, maar nog 'n groot saak, jy is mos nog nie aangeneem nie?'

'Ek sal by oom Kasper leer dat dit so klap. Hy is 'n gawe witman en sal my aanneemleste oorhoor, as ek nie na julle toe kan oorkom nie ...'

'Nou ja, maar dan is jy mos nog nie aangeneem nie,' hou Annekie staande.

'Nou ja?' sê Ampie vraend: - sy kop totaal onmagtig, om 'n antwoord uit te dink.

'Jy sien Ampie, ek wil maar sê ... trou is nie somarso nie ... dis gewigtig!'

'Nou ja! Wie stry dan?' Ampie voel ergerlik omdat sy woorde wegbly hoewel sy gedagtes vol is in sy kop.

Maar Annekie haar meesterskap voelend, begin self te oorweeg en die kwessie te beredeneer. Indagsaam sê sy toe:

'En waar sal ons dan bly?'

En toe het spontaan 'n groot plan Ampie se kop vervul. Sy wese straal van hoogmoed en wyl hy vir Annekie vas teen hom aandruk, en ook haar kop so teen sy skouer voel, vertel hy asof hy 'n droom vir haar meedeel - hulle heerlike toekoms.

'Oom Kasper sal vir ons 'n lappie grond gee om 'n deel.' Sy stem, so ongewoon teer streel vir Annekie. 'Oom Kasper sal vir ons die grondjie ploë en so'n stukkie tuingrond spit ek en jy saam om. Daar saai ons wortels en ons plant artappels en pompoene. Jy kan vir jou ook blomme plant soveel as jou hart begeer.' - Sy kan vir haar so'n paar hoendertjies aanskaaf en ook 'n goeie varksog; van die lang swartes, met slap ore; - die kortsnoetvarke kry al te lig pitjies. - En sy kan haar hoendereiers ruil vir ons vir koffie en suiker en kerse ...

Dis vrede in die hoë dekgras daar. Volkome veiligheid en vrede suis die grassaadtoppe op hulle af, en liefde streel die rustige tempeltjie as met soet gefluister van bo af.

Sy stem, sleep langsaam, vol gevoel, met al die heerlikhede weg, en sy val hom liefies in die rede met 'n fluisterstem:

'Haai jongie! En wat omtrent ons huis?'

'Oom Kasper sal vir ons 'n huisie opsit by die



grondjie, en baie van ons huisraad kan ek somar tussen my werk in vir ons maak. Ek sal laat oom Kasper vir ons 'n paar stoele en 'n katel op die vendusies koop. Hy sal dit vir ons doen, want hy is wonderlik gek na my. Hy sal ons saad ook gee, dat ons genoeg brood kan wen vir ons gebruik. En as ons dan genog patats in die aarde het, en so'n akker mielies, dan sal ons baie lekker lewe.'

Sy stel haar eise verder met 'n vleistem, waar hy verruk na luister. Sy bloed begin te bruis en hartstog groei daarbinne, nou sy ook opgaan in die heerlijkheid. 'Ampie, maar ek wil 'n mooi huis hê, en jy moet vir ons 'n mooi klerekas ook koop, met 'n groot spieël, en 'n stoof, want ek wil nie sukkel met 'n vuurkan of 'n essie nie. Ons moet propper boer!'

Gelukkige eiewaan beheers vir Ampie nou. Dis vir hom of hy alles self sal kan volbring en Booysen is uitgeskakel.

'Ek bou vir ons 'n huis met twee vertrekke en 'n kombuisie. Bekommer jou tog nie daaroor nie hartlam! Ek sal jou nooit laat sukkel nie. Ek koop vir ons 'n stoof en sal wel 'n klerekas met 'n spieël raakloop, een van die dae. Al my goed sal ek bêre, net daar voor. Ek sal vir jou mos alles doen, my liefste Annekie!'

Sy, leunend teen hom vas, luister in 'n roes van soet verlange, na die skone lewe, wat vir haar en Ampie wag. - Hy voel hoe vas haar vaste lyfie teen hom druk, haar kop sp teen sy skouer dommel, en hy sien die rooi lippe van haar liewe mond, en sy hartstog breek die bande van sy ongeskoolde wil. - Toe hy haar wild gesoen het op haar mond en voorkop, sê hy heftig:

'Ek voel of ek somar nou, op die plek vir jou kan vat, vir altyd met my saam!'

Toe skok 'n skrikkie haar gedagtes weg. Sy omvat hulle verhouding en sien weer alles om hulle heen on-

rustig, half met angs. Die grassade suis bo hulle, en stil, afgesluit van die wêreld, deur 'n ringmuur van digte dekgras sit hulle twee alleen, sy innig alleen met Ampie. - En instinkmatig word sy kalm en ingetoë. Sy ruk haar self van hom af weg en lag, half bangerig vir sy wondervreemde oë en sê: 'Ek moet nou loop, Ampie. Jy is verspot met daardie praatjies!'

'Ek kan vir jou nie nou laat los nie, Annekie. Bly nog 'n ruk. - Toe asseblief tog, toe! Kom ons twee trap die wêreld uit na die bosveld toe, waar g'n mens vir ons kan hinder nie!'

Hy hakkkel die malgedagtes uit; maar sy lag hard en roep vir Bart, terwyl sy opspring, en deur die dekgrastoppe vir haar broer gewaar.

'Nee jongie, jy praat nou te bont. Oom Kasper sal jou in die pad steek, as jy langer bly.'

'Ek gee g'n flenter om nie! Annekie bly nog 'n ruk, toe!' ...

Hy voel dat sy beheer oor Annekie verdwyn het, en vol hartseer hoe die soetste stonde op 'n end is. - Sy staan so waardig, hoewel sy vrindlik bly en sê:

'Kom groet my Ampie, hier kom Bart!'

Hy soen haar innig met 'n hart vol heimwee, na die gelukkigste oomblikke van sy lewe.

## **Hoofstuk VIII.**

### **Oor ander Sake.**

Op Kasper Booyesen se plaas bly Flip Staander, met sy vrou Saartjie, hulle dogter Hester, behalwe nog drie jonger kinders, in 'n netjiese huisie, omtrent 'n kwartmyl van Booyesen se woning af. - Staander is 'n werkesel en so trou as 'n brak, wat om die huis groot geword het. - Dat hy vandag op die grond van 'n ander sit, is te wyte aan die groot teëslag van sy lewe, toe sy buurman Piet Herbs hom oorgehaal het om borg vir hom te staan; want Staander was destyds grondbesitter. - Flip Staander het toe ja gesê, omdat hy te swak was om nee te sê, hoewel sy hart hom magtig teen die daad verset het. - Saartjie het dit pas agtergekom, toe Flip uit sy erfdeel uitgeraak het. En al sy tekere gaan oor Piet Herbs het hom niks gebaat nie. Hyself was oorsaak van die swaar, wat op sy huisgesin toegesak het, en sy vrou Saartjie het hom dit duidlik laat voel, en daarvandaan het haar bitse verwyte sy geeskrag uitgeput. Hy het die skuld gevoel soos koue koorsrillings, as ou Saartjie hom so telkens daaraan herinner.

‘Vandag sit ons in die verknorsing deur jou slegtigheid ... Jy 't ons in die ellend ingesleep ... ons het ons eie grond, wa en osse gehad, vandag moet ons ander mense na die oë kyk.’

Dit het Flip platgedruk, en hom gelaat, 'n man vol

broeigedagtes, waarin hy wegsuf, as hy geen afleiding het nie. - Slegs in sy werk voel hy opgeruim. Arbeid is vir hom 'n medisyn. - Kasper Booysen is in sy skik met Flip; 'n man wat nooit lol of kwessies maak nie en soos 'n uurwerk loop; 'n mens wen hom op, en hy loop egaal deur tot hy afgeloop is.

Maar vandag, nou die wind so aanhoudend om die huis sanik, en buite in die werk met die damskrob tot in jou murg insny, en jou bene verbrand, as die modder daarop droog waai, is dit binnekant aangenamer. - Vir Flip Staander egter, waai die wind hier in sy voorhuis net sy kop vol kwelgeeste terwyl hy sit en pyprook; en die naaimasien se geweldige gerikketik dreun soos 'n myngeraas deur sy kop. Hy voel die opgekropte swaar vandag besonder fel en lewendig. Vernaam vandag.

Hier sit sy vrou en Hester voorstelklere en maak vir die dogter, wat eers in Oktobermaand na die aanneme moet gaan, en die goed is laas maand al in die dorp op skuld gekoop net voordat hy sy tabakoes wegbring het. - En gister het hy 'n kwaai aanskrywing van die jood ontvang, oor dieselfde skuld, wat deur die voorstelklere so vat-vat aan vyf-en-twintig pond. As hy nou maar 'n behoorlike prys vir sy tabakoes gekry het, dan sou hy daardie vuur maklik kon doodgooi ... Nou kan hy kwalik die klein vuurtjies hier om hom, by die koelie en die slaghuis, baasraak ... Die ver- duiwelde tabakbelasting! ... Dis die doodhou vir sy boerdery! Die oes het hy vir die vyfde deel van sy waarde moet verkoop ... Hy kon ordentlik hier bestaan het by neef Kasper ... Neef Kasper voel vandag ook waar die skoene knyp ... Sy spogoes het hy, so te sê, ook maar persent gegee! ... Uitroei! ... Uitroei! ... Dis duidelik vandag se politiek. Ons boere moet uit die pad uit! Uitroei! ... verdomp! - Sy groot, donker

wysbroue, wat soos 'n jong moestas lyk, dans nou op en neer van inwendige verbolgenheid. - Daardie wysbroue het altoos die manier om, by tussenpose op en af te wip; maar as ou-Flip kwaad is, of baie bly, of in die verleentheid, dan dans hulle vinniger, en slegs die gloed van sy oë, wat gewoonlik geesloos lyk, gee sy gemoedstoestand te kenne.

Hoe gaan hy daardie skuld betaal kry? Dankie vader dat sy vrou niks van die aanskrywing weet nie ... Sy sal tog maar net weer hom verwyf, al het sy self die skuld gemaak ... As Hester nou maar 'n welaf jongetjie kon raakloop ...

Onwillekeurig staar sy oë stil op die gewerskaf van sy oudste dogter, 'n frisgeboude boerenooi met 'n growwe gesig en vaal hare. Kort-kort laat Hester die masien se gerikketik oorgaan in 'n dreuning en dit lyk of sy al-hoe haastiger word. Staander voel effens opgebeur. - Sy sal enige tyd 'n goeie huwelik kan doen, en die aanneme is nie meer so ver nie! - As hy net die skuld uit die pad uit kan kry ... die vrot, onregverdige en ontydige tabaksbelasting! ... Hy sal maar verplig wees, om vir neef Kasper te vra vir hulp. Neef Kasper kan maar net vir drie maande borg staan by die bank, en sy kar en twee donkies, sy huisraad ook, as dit moet, kan hy maar vir neef Kasper as 'n sekuriteit gee ...

Die saak lyk vir hom opgelos, en blymoediger begin hy met Saartjie te gesels oor die groot gewigtigheid, wat vir Hester wag in Oktobermaand. 'En hè-jy al gedink oor 'n plan om vir ons te vervoer dorp-toe en ons verblyf daar? Dis 'n volle week, wat ons daar sal moet bly, want Hester moet positief die laas week se katigesasie van ons leeraar bywoon.'

'Ons sal maar 'n plan moet maak,' sê Flip besluiteloos.

‘Hoekom vra pa nie intyds vir oom Kasper sy wa en osse en kerktent nie pa?’ vra Hester so ewe onverwag.

‘Ja my kind, daar is nog baie tyd voor; ons kan so’n plan maak!’ en in sy hart dring baie moeilikhede vorentoe. Alweer ’n swaar, wat hy aan homself te danke het ... Die vabond van ’n Piet Herbs, met sy vrindelike bakkies. Het sy tong tog maar liewerste aan sy verhemelte vasgeklou, toe hy vir my vra om daardie onheilige bewys te teken as sy borg ... En nou al begin die japsnoet van ’n dogter, oor die wa en osse van neef Kasper ... en Saartjie sal van nou af aanhou neul daaroor. - Hy moet neef Kasper reeds netnou vra om borg vir hom te staan.

Toe Staander in hulle agterhuis inkom, kry hy vir Booyesen en sy vrou besig met ’n ernstige redenasie, wat hulle daadlik afbreek, en almal se houding lyk ongemaklik. - En toe Mevr. Booyesen vir hom ’n koppie tee oorhandig, vra sy kastig belangstellend: ‘En wat werk nig Saartjie? Nog altoos besig aan Hester se voorstelklere?’

Daadlik set Flip die koppie tee nog ongeproe op die tafel. Dis of nig Grieta hier ekspres sy vrakans oopstoot.

‘Ja nig Grieta, hulle werk maar gedurig daaraan, en dit lyk vir my dit kom nooit klaar nie. Die groot moeilikheid lê ook nog voor. Hoe ons by die Kerk sal kom, weet nugter!’

‘Ou-Flip! Jong, as julle donkies te swak is, vat vir ou-Jakob by! Hy is enige tyd so goed as twee ander donkies!’

‘N-N ... jaa neef Kasper,’ sê Flip baie langsaam en vinniger vervolg hy: ‘Baie dankie, neef Kasper, ons sal nou darem oor die bult kan kom.’

‘Ou-Jakob hoor, so te sê alweer aan sy vorige baas,

maar dit sal g'n beswaar wees nie. - Ek het mos vir Ampie gehuur ou-Flip.'

'Vir kaffer-sleg se maat, neef Kasper? Nou die ander dag het ek hom nog ontset. Goor Dawid wou hom met geweld verwurg.' En Staander vertel die geval. Hy is afgelei van wa en osse, en 'n borgskap.

'Dis tyd dat Ampie onder daardie dwang uit kom,' sê Booyen ernstig. 'Ja Flip, baar as 'n vaalpenskaffer, vuil as 'n koeliemeid; maar dis 'n witman, 'n afrikanerkind, en sy wil is goed soos dit my lyk.'

Staander skud sy kop. 'Ek glo mos nie aan daardie Nortjeesgeslagte nie. Ampie sal wegloop soos 'n slegte kaffer.'

'Ek dink jy is verkeerd. Hy is te lafhartig om weg te loop. Hy sal hier bly, uit vrees vir jou en vir my. Vrees is die beste eienskap, wat hy nou besit, om vorentoe te kom. - Ek en die vrou het juis ernstig oor Ampie gesels toe jy ingekom het. - Jy kan ook help ou-Flip. Ons moet van Ampie 'n mens maak.'

Maar Staander lyk nog onbekeerlik.

'n Slegte witman is slegter as 'n slegte kaffer!'

Booyen het vanmôre, toe hy so offisieel te werk gegaan het met die opstel van die kontrak, 'n roeping gevoel om die Afrikanerkind te red van algehele ontaarding, om 'n wilde wese, vol vasgeroeste gewoontes en antibeskawings-neiginge op te kweek tot 'n bruikbare mens. Die dokument is waardeloos, dit het Kasper Booyen goed geweet; want die sug na 'n ongebonde lewe, buitekant die wet, is te sterk in daardie klas van individue; maar hy het vashouplek gekry deur hulle vrees vir die geheimsinnige van 'n ernstige wettige verrigting. Hy ken die laaggesonke deel van die ouboervolk, en ook die bevoorregte klas van sy nasie; - hy ken homself, in die klein verneukslaggies, in die gehuigelde beleefdheid, agterdog, wantroue, geslotenheid,

wat onbeholpe uit die daade spreek en waarvan die fyner beskawing amper 'n deug maak, en wat hulle 'smartness' noem.

Die onnatuurlike en onbeholpe aanpassing van gewone ondeugde, was die begin van die ou volk se stryd teen vreemde invloede, wat so indringerig op hulle toegesak het; die begin van ontaarding; want die 'smartness' van die vreemde het hulle ingepalm, en hulle moes saam, terwille van die lewe ...

So het Booyesen gefilosofeer met sy vrou, toe Flip Staander hulle kom hinder het, en nou vervolg hy: 'En hoekom is daar sulke slegte witmense Flip?' Ek sal jou sê. - Vroeër, onder ons ou mense, was dit buurmanskap en vriendskaplike reëling van kwessies, somarso onder mekaar. Later het besigheid-is-besigheid gekom, en daarin het hulle ook direk 'n oneerlikheid bespeur, wat blykbaar geoorloof was. Maar àl te heftig het die besigheidswêreld hulle oorweldig, deur oorlog en verwoesting van hulle eiendomme en hulle was genoodsaak om met lomp besigheidsbegrippe, te stry teen geskoolde besigheidsvernuf, wat hul vyandig was, omdat besigheid nou eenmaal besigheid se vyand is. - En hulle wou maar liewerste vlug, of ingee. Baie het weggetrek van die moderne handelswêreld, wat sekuur stadig agterna kom en vinnig vorentoe vlieë, as die pad voor oop en veilig gemaak is. En daar begin dieselfde storie opnuut. Maar meer nog het ingegee. Die golf van beskawing, wat die seewater op ons nugter ou land uitgestoot het, was te geweldig. - Hulle het gespartel, tot hulle naderhand 'n staanplekkie gekry het; of hulle het willoos afgedryf soos opdrifsels sonder koers, onverskillig vir waar die vloed hulle uit sou stoot. - En die gedeelte is ontaard in ons arme blankedom, wat vir ons Ampies voortbring. Ou-Flip, en daar loop honderde Ampies, wat die adel van die voortrekkers se bloed nog in hulle



are het ... Ja ou-Flip, die wêreld is vir ons te vinnig jong!

Die wind sleep so tragies om die woning, duidelik vir almal, nou Booysen stil bly, en dis of die treurige geluid droefgeestige stemminge in die agterhuis instoot. - Flip Staander het vol eerbied gesit en luister en hy begin swaarmoedig oor die bedrog in besigheid en die hardvotigheid. - Gaandeweg word hy opgewondener, omdat hyself hom as 'n dupe voel.

'Ja neef Kasper, ek kan ten volle met jou instem. Ek weet mos self hoe goddeloos die besigheid vir my toegetrap het. - Piet Herbs het soos 'n buurman my gepaai met mooi woordjies. - Hy was dan sus en so in verleentheid ... die bybel leer ons, dat die een die ander moet help, en hy kon dan kasting homself nie help nie, en ek was te goedertrou neef Kasper, en ek plak my naam op daardie vervloekte dokument ... Had my hande tog maar liewerste voor die tyd afgeval! ... Toe was die strop om my nek en ek het daar vandaan gewurg! Ek wurg vandag nog!'

Flip het homself vergeet. Sy gevoel het los gekom en hy vervolg vol bitterheid:

'Ja ek wurg vandag nog! Ek sit op ander mense se gronde, waar ek my eie gehad het. Vandag moet ek vir ander mense hulp vra as ek my mense wil kerktoe ry. Vandag moet ek self geld perbeer leen, waar ek dit nie nodig gehad het nie.'

Mevr. Booysen breek hier Flip se uitbarsting af.

'Neef Flip, die wêreld is nou eenmaal so! Maar hoe sal ons die ding dan verhelp? Dis verniet vir ons om oor die toestande te redeneer. Die mense moet opgevoed word en die kerk doen reeds baie in daardie rigting; en almal moet geleer word.'

'Ja nig Grieta,' val Staander in, 'ek sê ook so, die kerk se plig is om na die arm mense om te kyk.'

'Julle dink glo dat die kerk almagtig is. As sy een tiende van ons arm blanke kan red, sê ek sy het 'n wonder verrig,' val Booysen vinnig in. - 'En as die skole al die arme-blanke geleerd maak, wie sal vir al die arme-blankes werk gee? Daar is g'n werk vir almal nie. En as daar geen werk is nie, dan verwerk die harsings planne, om sonder arbeid, deur spekulasie, kwansel, drankverkoop en ontug, tog in die beskaafde lewe mee te tel; want die kastige geleerdheid kan fyner leeglê planne uitdink as die ongeleerde Nortjeesoort wat die maatskappy uitgeskakel het.

'n Land moet aan sy mense arbeid verskaf. Dis die eerste vereiste, en geleerdheid, of soos hul sê, opvoeding, die tweede. Die eerste sal liggaam en gees in balans hou, die tweede, onder die hedendaagse toestande, skeep gevaarlike verhoudinge in ons mensdom. - In ons armeblankedom leef darem nog 'n sieleadel; mensliewendheid en mededeelsaamheid van die geringe wat elkeen besit. Die wil om te werk is net verslap deur werkeloosheid en ellende, en die liggaamskrag is daar, al sluimer hy in gedwonge rus. - Dis 'n bate, wat deur gesonde staatkunde, van groot betekenis kan word.'

Op dowwer toon, asof half moedeloos vervolg hy:

'Nou moet dit glo so wees, dat besigheid-is-besigheid die wêreld regeer. Hoe kan daar simpatie wees met ons arme-blankedom? Daar is geen siel in besigheid nie. - Daarom het ons vandag die druk van 'n tabakbelasting ou-Flip. - Die arme-blankes sal nou vinnig meer word. - En die fataalste is, dat waar hy een kant arme-blankes fabriseer, ons regering aan die ander kant perbeer, om ons oë te verblind met kommissies, onderstand werkies en ander poginkies om ons arme-blankekwessie op te los.'

'Hulle wil ons uitroei neef Kasper. Uitroei!'

Lewendig verstoort Mevr. Booysen die somber gesprek.

‘Kyk, daar kom Ampie oor die werf! Dààr lê 'n plig van ons, Kasper!’

‘Jy is reg ou vrou!’

Buite drentel die weggegooide witmens op en neer, met 'n rooi-blou kafferkombes oor sy arm en 'n lantern in die een hand.

‘Jy sal hom maar eers onder hande moet neem vrou, voordat Ampie presentabel is.’

‘Seep het ons genog,’ sê sy blymoedig, half spottend. ‘En 'n ou hemp, 'n ou pak klere van jou, sal hom darem regruk. Sy volstruis-tone kan ons ook perbeer in fatsoen druk, met een van jou uitgetrapte nommer neges; maar vir sy kop gee ek vèrplie in. Maar hier is oom Flip mos! Oom Flip, jy ken mos van alles, en haresny ok. Jy sal eer hê van jou kuns met daardie boskasia. Dis sonde, maar 'n mens kan darem nie help nie, om so ligsinnig te gesels oor daardie spektakel nie. - Ons was flus darem te ernstig ... of hoe sê jy oom Flip?’

Ja nee, nig Grieta! Ek meen ek sal darem perbeer om Ampie se kop in fatsoen te bring.’

‘Dan begin ons maar bo. Kom oom Flip! Kasper, jy sal vanaand vir Ampie seif vra, waar Ampie is,’ voeg sy haar man lustig toe, met 'n knipoog vir Staander, wyl hulle aanstap. ‘Oom Flip en ek sal sowaar nie met Ampie speel nie ...’

En Staander voel eintlik verlig, omdat hy nou onmoontlik vir neef Kasper kan vra om borg vir hom te staan.

## Hoofstuk IX. Nuwigheid.

Soos iemand, wat waarlik nie weet waar om te trap nie, volg Ampie vir Mevr. Booyen na sy kamer toe. Hy vertoon al baie menslik. Sy kop, skoongewas, pronk met 'n krulkuif, soos 'n bokramhoring. Hy wou daardie sieraad behou, en oom Flip het toe àl daar omheen gesnoei. - Dis of hy na die dodesèl gebring word, en of tant Grieta hier voor hom sy tronkbewaarder is, wat hy moet volg, so willoos en onmagtig voel hy op die oomblik. Sy bene slinger soos los gedoentes onder sy lyf, hy 't geen kontrôle meer oor iets van hom nie. Hy volg soos iemand, onderworpe aan sy lot. Hulle maak met hom tog net wat hulle wil. Was, haresny en nou àl agter tannie aan, wat hom flus die nuwe klere gegee, en aangehou sê het, dat hy vir hom tog elke dag so fris moet was, en dit nogal in koue water!

'Hier moet jy slaap Ampie. Sit jou komberse maar op die katel en trek jou nuwe klere en skoene aan. Dan kom jy netnou huistoe, hoor!'

'Ja, Tannie!' sê Ampie wesenloos met bang gesig.

'Jy lyk nou somar 'n ander mens Ampie. Elke dag moet jy deëlik vir jou was met seep hoor!'

'Ja, Tannie!' herhaal hy willoos soos 'n slaaf.

'Jy sal hier al te lekker slaap.'

'Ja, Tannie!' sê hy weer maar met onrus in sy groot

oë. Die pynlike gesig van die wilde seun lyk ongelukkig, hier by al die gerief.

‘Hoe lyk dit Ampie?’

Met klimmende verbasing hoor sy hom aan:

‘Tannie maak verniet vir my so danig baie moeite. Ek sal somar agter die stoor langs die kafhoop slaap. Ek het voor laas week in 'n vlei lekker geslaap. Ek sal nooit hier slaap nie Tannie!’

'n Flou glimlag breek deur die pynlikheid van sy gesig:

‘En sê nou ek droom in die nag? En sê nou ek val af?’

Driftig maak Mevr. Booysen hom stil:

‘En as jy afval sal jy nog nie doodval nie! 'n Witmens lewe in 'n huis, nie in die veld soos ongedierte nie!’

‘Ja, Tannie!’ fluister hy bedees.

Toe hy allenig daar in die digte kamertjie agterbly, voel hy net ongelukkig. Dis anders as in die murasies by sy pa-hulle. Daar kon hy padgee, wegvlug deur die veld, waarheen hy wou. Hier snoer die onbekende, waarvoor hy bang voel, hom vas aan 'n nuwe lewe van gebondenheid. Hy is bewus, dat enigeen nou met hom kan maak net wat hy verkies. Sy wil is weg. Hy sal net luister, luister. Lank bly hy roerloos staan in die vertrekke, en swaar gedagtes oor die onbekende lewe kwel hom. Hy sal nou-strop trek, van hierdie heden af. Wat op die aarde het hy tog aangevang? Hy is vasgekeer in hierdie kamertjie soos 'n haas onder 'n wip. - Hul sê hom glad, dat hy moet was en aantrek, en skoene dra ... Met 'n diep sug sê hy onderworpe: ‘Ek sal my dan glo maar moet aantrek. - Nogal broek, baadjie en onderbaadjie!’ - Maar besluiteloos swaai sy blik sku van die stoel, na die waslafeltjie, met sy grooftskottel, na die blink spieël daarbo. - Hy sien in 'n halwe skemerte duidlik sy dik gekrulde kuif so eenkant oor sy voorkop hang ... Hy kan hom gerus regstoot.

-

So'n spieël maak 'n mens darem dom. As hy wil maak soos Ampie daar anderkant, om sy kuif by te kom, dan gee sy hand hier duskant van sy kuif af pad ... Kyk nou, hoe verkeerd en agterstevoor! ... So'n spieël maak hom net deurmekaar ... dis somar 'n mal gemors, wat met 'n mens die spot dryf. - Hy kan baie goed daarsonder klaar kom, en ook met hierdie katel. - Sy vol gewig druk nou die springmat hol. Nooit sal hy op daardie slap gedoente slaap nie. Wie sal vir hom hier kom afloer? Tannie sal dit mos nie agterkom nie, as hy vannag hom in sy kombes toerol, somar hier op die grond? ... Die plan versoen hom met sy toestand, en alles lyk nou minder vreemd. - Hy sal tog lekker vir tannie-hulle kul ... hy sal hom nou maar eers moet aantrek soos hulle sê.

Toe sy bondeltjie ou flenters daar in 'n hoek gesmyt is, gly sy oë behaagsiek oor die nuwigheid waarmee hy hom getooi het. - Hy kan maar uitgaan, want hy lyk nou soos oom Kasper self, 'n welaf man met baie pitte. - Hy wonder wat Annekie sal sê, as sy hom sien. Sy sal nou seker met hom saamkom. Hy lyk mos nou soos 'n jentelman en Annekie sal glad hoogmoedig wees. - Hy moet oom Kasper nog 'n hoed ook vra, as hy meer eie is ... Vrypostiger as flus begeef hy hom weer op die werf, en toe Booyesen en sy vrou, hul kinders en die huismeid hom terdeë opneem, toe pronk hy vol hoogmoed, met sy eie houding, tog verleë laggend soos 'n kind, wat van geen sonde weet nie.

Die beeste kom kraal-toe, skralerig van die Augustus skaarste en Ampie hou hom reg vir sy eerste taak in Booyesen se diens. - Hy moet melk, en die seuntjies van oom Kasper, uit nuuskierigheid, dwing al om naby Ampie te wees, skamerig om te gesels. - Maar toe hulle hom help om die koeie uit te keer, begin hulle hom te beduie die maniere van daardie en daardie bees, en

hul noem die name. - En op sy beurt, terwyl hy besig is om 'n melkbees te span, vertel Ampie van wys koeie, wat hy laas jaar mak gemaak het, om los te melk, sonder spantou of iets. Toe hulle die melk huistoe bring, fantaseer hy lewendig oor sy ohdervindinge met kwaai beeste, so ongewoon, dat die seuntjies oop mond langs hom stap soos ou maters. En in die kombuis, met oë wat straal van voldoening, wys hy vir Tannie die melk, en vra of sy elk aand so baie kry.

‘Ek is 'n ou melkboer Tannie, en ek kan botter ook maak.’

‘Dis gaaf, en as die veld volop is, dan sal ons sien,’ sê Mevr. Booyen, terwyl sy die melk deursif.

Daar binne in die agterhuis, vanuit die kombuis, bespeur Ampie die regmaak vir die aandete, en uit die staanspoor is sy aandag in beslag geneem, hoewel hy teësinnig die toebereidsele sien. Hy sal aan daardie tafel mos nooit gaan sit en eet nie! - Die hanglamp verlig alles so blink en helderwit op die tafel, dat sy blik as gekluister bly. Die oudste kind van Kasper Booyen werskaf daar so maklik en verstandig. En Ampie vergeet sy teësin, geboei deur Grieta Booyen, die ratse dogter, wat in sy binnenste 'n snaakse lus besorg. Sy oë hang as getower aan daardie fyn figuurtjie, klein maar wonderlik bevallig in haar doening ... Hy luister na die klink van mes en bord so suiwer in haar hande; terwyl sy sierlyk skuiwe om die wit tafelvlak - en soetjies alles regskuif, regskuif nog 'n slag. - Hy sien die sagte swaai-beweging van haar koppie, as sy haar oë oulik oor haar werkies heen laat gly. Hoe vreemd bekoorlik is die dogtertjie wat in sy boesem 'n onrustige verlangste wakker maak, 'n drang na iets, wat hyself nie kan bepaal nie. - Toe glans die oë op, direk na hom toe, ernstig eers en dan verwonder en dan daadlik sagter deur 'n liewe glimlag. -Hy kon die ontdekking

nie ontduik het nie, vasgenaël, so voor haar oë as hy was, en toe hy skielik wegkoes, hoor hy haar lag. 'n Ergernis oor hy so lomp gestaan en loer het, groei in sy binnenste. Hy is betrap deur daardie meisiekind, en sy 't vir hom gelag. Hy voel so uit sy plek uit daar. Hul moet tog asseblief vir hom nie soontoe nooi nie ... die lekkerste ete sal hom nie daarbinne bring nie ... Hy sal viervoet vassteek! ...

'Tannie, ek wil vir Tannie asseblief iets vra asseblief!' en hy fluister toe onrustig bangerig vir Tannie, om tog sy kos maar eenkant-toe te sit hier in die kombuis asseblief ... Hy sal somar in sy kamer ook eet, as sy wil ... Hulle moet tog nie vir hom so baie moeite maak nie, asseblief tog nie!

Mevr. Booyesen het toe aan sy begeerte voldoen. Voorlopig moet die kêreltjie maar meeste eenkant bly - later sal hy self kom bydraai.

Maar toe die aandete verby is, en oom Kasper die bybel voor hom oopslaan, moet Ampie naderkom. Bedremmel toef hy in die deur. Mevr. Booyesen wink hom binne.

'Sit maar op die bank en luister, Ampie!'

Skigtig gluur hy deur die hele ligte vertrek en hengel nog soos 'n perd wat in 'n spoorwegtroks gedwing word. Sy kop buig verleë oor die regterskouer, wat met 'n senutrek vorentoe swaai, terwyl hy na die sitplek sluip. - Hy sou gevlug het as die order van tant Grieta en die stille oogbeduie van oom Kasper, die vreemde blikke van die kleinspan en die sprekende oë van Grieta Booyesen hom nie na die sitbank toe gedwing het nie. En sy litte, willoos onder hom, het soontoe geslinger. Hy voel daar buite in die ruimte nooit so angstig nie, dis hier benoud en toe, soos in die kantoor daar op die dorp, en sy harsings kan g'n stuk gedagte vorm nie.



Die boekevat gaan soos 'n skouspel vir sy gees verby. Hy voel gekluister aan die plegtigheid, deur sy intense vrees. Die stem van Booyesen hoor hy soos 'n ver gemompel. Oor sy gesig kom weer die pynlike trek van inspanning om goed te luister, waar hy onmoontlik die gelesene in hom kan opneem, en hy voel of almal vir hom kyk. Sku, onrustig, steelgewys, gooi hy sy blik oor die mense hier byeen. - Die lamp lig helder op luisterende seuntjies, wat kort-kort vlugtig vir hom loer, en effens dan hul koppies wegsteek oor die snaakse krulkuif van Ampie. En Tannie se oë ontmoet hy ook so effens nou en dan, maar vir Grieta Booyesen sien hy mees, en altoos met haar wye donker oë, vol wonderlike erns, of hulle hom wil indagtig maak, hoe sondig dat hy is. - O ja, hy voel dit soos 'n vuurbrand in sy binnenste, die wrede plek, wat opstoot boontoe na sy keel, met benoude kloppinge. En die gemompel van oom Kasper almaardeur, dreun soetjies eers, en dan weer luider, soos die wind, wat deur 'n populierbos ongestadig ruis. En die gemompel roer sy bang gewete, saam met die ernstige blik van Grieta Booyesen.

Dis anderster as die boekevat by oom Tys. Daar was hy tog eie met sy famielie saam; hier as 'n eenling, onder daardie hoë mense, alles vreemd en nuut en blink; hier iedereen so op sy plek in eie houding, rustig en persies, so ver, so baie ver van Ampie af ... Selfs Grieta Booyesen ook so ver en onbereikbaar.

Die benoude oomblikke raak egter op 'n end, toe gelukkig vir Ampie, oom Kasper die groot boek toeslaan en 'n kleiner een vat. - Hy lees nou glad anderster as flus, 'n storie uit die kinderbybel, wat vir Ampie soos 'n toorgeskiedenis klink. Sy oom Tys het vroeër, toe hy aanneemlesse saam met Annekie geleer het, ook al daarvan vertel; maar nie, nee lank nie soos oom Kasper nou nie. Hy luister skerper as die kinders.

Sy wese druk die begeerte uit om alles in te neem, wat daar in sy eie taal, so verstaanbaar en pragtig voorgelees word, sodat dit saamdring in sy siel tot een heerlike genot; terwyl sy gees bly hunker na die wonderbaarlike. - Hy sien hoe lekker die seewater die grote mag van Farao verslind - en hy lag in sy siel, oor die uitsoek poets, wat daardie saamgevloeiende waterblokke vir hulle gebak het. - Hy voel dit so, en sy geardheid lewe.

Booyesen vra sy kinders omtrent die gelesene en hulle antwoord stemmig, wat hulle weet. Ampie tintel van verbeeldingskrag, toe hy die storie ook kan vertel op sy beurt, en soos hy dit opgevat het.

Oom Kasper, ek het onthou dat oom Kasper geleses het, hoe die eerste span mooi deur die pad, middeldeur die see gekom het, sonder dat een van hulle versuip het. En die tweede span, ek meen ou-Farao se klomp, was toe net mooi in die middel. Hulle dog toe: net nou het ons vir julle daar voor; maar toe klap die water toe, soos 'n gewerskoot, bo hulle koppe en hulle het geswem dat die sweet so van hulle aftap; maar dit het hulle niks gehelp nie - die kante was te ver, en almal moes maar mooi versuip, en het die voorste span toe nie lekker vir hulle uitgelag nie?' Ampie gloei van opgewondenheid en sy oë skitter, toe hy vrypostig rondkyk; maar daadlik voel hy, of hy nooit weer vir oom Kasper sal vertel, wat hy onthou het nie. - Die seuntjies lag hardop; selfs Grieta Booyesen ook, en tannie bêre haar kop eenkant in haar hande, terwyl Booyesen hom baie vriendlik, en so lag-lag sê, dat hy regtig mooi geluister het. - En alles het weer skielik vreemd vir hom geword, sy bang gevoelens het alweer sy gees verdof. - Hy sing nie saam nie, toe hulle die aandgesang, vreemdklinkend in die kamer laat hoor met suiwer klanke, en die stemme van Grieta en haar moe-

der bo die ander uitklink. Dis net die vrouestemme wat hy hoor, en weemoed roer in sy hart 'n heimwee wakker. Nou voel hy wat die groot verlangste was van flus. Dit gaan vir hom of hy doerr, dwalend in die veld vir Annekie hoor sing. Sy sing mos ook so uit, as of die klank so in jou wese indring. - Vol droef gemymer dink hy weg, na 'n salige plekkie aarde, in hoë dekgras in die windgesuis en Annekie hier by hom, vas teen hom in die stilte.

Hy skrik werklik, toe hulle stilbly, en weer bemerk hy dat Tannie haar kop eenkant toe wegsteek, en dat oom Kasper effens grimlag en dat Grieta Booyesen se oë hom vol jammerte bly aanstaar. 'n Heimwee en 'n drang na iets so wonderlik onbepaald pak weer sy lyf en sinne en dit verbyster sy gedagtes, waarin 'n teer vroomheid en 'n groot verlangste met liefde deurmekaar wil ronddwaal, onregeerbaar. Dit smaak hom of sy trane, netnou, netnou maar sal uitbars, sy gorrel is as toegebind ... Hy sal hier nooit kan bly nie. Hy voel allenig in die vreemde huisgesin. Sy hart verlang na Vlakplaas. - Die blik van Grieta Booyesen roer hom in sy siel, en hy kan vir sy liefste Annekie nou in sy arms vat, en saam met Grieta Booyesen bid da die lieue Here tog nooit vir hom en Annekie uitmekaar moet neem nie ...

'Jy kan nou maar gaan slaap Ampie,' hoor hy oom Kasper sê; 'As die wind môre nie waai nie, sal jy met oom Flip Staander saam met die damskrob werk!'

'Ja, oom Kasper!' stem hy werktuiglik in.

'Nag tant Grieta! Nag oom Kasper! Nag nig Grieta! Nag Kasper! Nag Gertjie!' En toe hy almal so behoorlik nag gesê het, verdwyn hy in die duister van die kombuis. - En in sy kamertjie kom hy toe tot besinking. Die dag se wedervare oordink hy kalmer, in die stilte van sy vertrekkie, waarin sy laternlig skemeragtig skyn. Hy

sit op die kant van sy holmat katel en voel besluiteloos oor wat hy nou sal aanvang. - Hy is nog glad nie vaak nie, want hy 't te veel om oor te dink. Hy het die laaste ure so heeltemal uit sy gewoonte uit geleef. Dit sal nooit stryk nie! Die hoë mense is vol fiemies, en hulle het glad te veel onnodige bogtery. Hulle is hier ook nes al die mense op die dorp, wat maak of hulle nooit te vore ander mense raak gesien het nie. - Hulle sal my hier wegja net daardeur! ... En dan die orige moeite hierso, net vir 'n stukkie kos. 'n Mens sou sweer dat eet wat wonders is! Die een perd eet persies net soos die ander perd; en beeste vreet mos almal eenders! Dis net die hoë mense wat anderster wil maak as ander mense. - As hy en Annekie eendag getroud is, sal hy die bogtery nie in sy huis toelaat nie. Hulle twee sal behoorlijk eet, hulle brood en koffie, mieliepap en boontjiesop, uit een behoorlike diep erdebord, wat mens van die tafel af kan laat val, en hy bly heel en bruikbaar. - Virwat is al daardie soorte borde nodig? Net moeite! En virwat al daardie vaatdoeke wat by elkeen se bord lê? Annekie en ek sal met al ons kinders wat ons sal kry, met een klaar kom ... Ai Annekie en ek sal lekker saam boer! ... Ag Annekie hoekom kan ons nie nou al saambly nie? - Sy redeneergedagtes het oorgegaan in mymery, wat dool met Grieta Booyen in die hel verligte agterhuis en dwaal so om en by 'n kol hoë dekgras langs die pad, met Annekie. Nou voel hy eers hoe lief hy daardie meisiekind het, en ook hoe wonderlik sag nig Grieta Booyen sy hart vir Annekie gemaak het. Die teer gevoel, wat hom, in die diensie aan tafel bemeester het, vul sy gemoed alweer. En vroomheid en verlangste, met liefde deurmekaar ontroer sy hart soos flus daar in die agterhuis. Hy wil net dwing om hardop uit te roep, dat die liewe Here vir hom en Annekie moet bymekaar bring, en baie lank vir Anne-

kie moet spaar; maar in sy hart is die gebed so innig, as 'n sielskreet na verlossing; maar sy lippe prewel net: 'Ag Here!' soos die geprewel van 'n sterwende ...

Toe Ampie hom opgerol in sy kombes, daar op die grondvloer neerlê om te slaap, voel hy soos 'n kristen, wat die heerlijkheid van die hemel verwag ...

## **Hoofstuk X. In die Werk.**

Rooidag die volgende môre, drentel Ampie al in die skemerte op die werf en snuif die koue lug diep in sy longe in. Die mense slaap nog almal in Booyen se huis; maar buitekant spring die hoenders een vir een van hulle slaapplek af, en klap 'n haan sy vlerke, of die wêreld dit moet hoor, voordat hy kraai. - In die murasie by sy pa-hulle kruip nou seker ook die kinders uit hul koue streepsakke, na die vuurkan toe, wat sy ma vanmôre, nog vòr rooidag aan die brand gestee het. Dis darem lekker om so om die vuurkan te sit, allenig met jou bene en hande so om die vuurkan, dan kan die ryp maar val! - Hoe verlang Ampie nou na daardie vuurkan met sy baie gate, waardeur die kole en die vlamme loer en lek. 'n Mens dink baie ver; en die gloed, die vonke en die vlamme maak jou gedagtes vry. - Ag, Ampie drentel doelloos op die koue, eensame werf, en hy voel bedrukter, naarmate hy meer verlang. Dit lyk of alles hier so afgebaken is.

Die môrelik stoot stadig gunter die woning van Flip Staander uit die skemerte te voorskyn. 'n Rokie krul al bo die skoorsteen uit. Dis baie vroeë mense, wat daar bly. Hy kan gerus na oom Flip-hulle toe gaan, en hoor omtrent die damskrob, waar oom Kasper gistraand van gepraat het... Die wind sal seker vandag skaflik wees.

Ampie hoor 'n geskuifel in die kombuis, en toe hy met die agterdeur in die huis kom, sien hy nog effens 'n rok, wat vinnig om die hoek in die voorhuis wegraak. Alleen langs die es by 'n wakker vuurtjie, waarvan die vlamme om die groot swart yster ketel rondgalop, dink hy wie daardie vroumens kon gewees het. Tant Saartjie seker nie; sy sal mos nooit vir hom padgee nie. Dis seker hulle meisiekind. Oom Flip het mos 'n groot dogter, Hester heet sy glo. Passeerde jaar het hy haar op 'n buitekerk gesien, maar hy het nie notiesie toe van haar geneem nie. Die mense verbeel hulle mos dat hulle kop van goud is by so'n kerkgeleentheid. Almal is hoogmoedig; en wat sal hulle eendag saamdra as hulle sterwe? ... Hy wonder hoe die dogter van oom Flip nou lyk? - Dis seker sy wat vir hom weggevlug het ... Ampie hoor nou stappe in die voorhuis. Toe kom oom Flip die kombuisie binne, nog ongekam en ongewas, en tant Saartjie net kort agter hom. - Hulle groet vir Ampie kortaf, of hulle nukkerig is; maar Ampie merk die stugheid nie en vra met sy breë glimlag, wie dan vir hom gevlug het flus, toe hy hier ingekom het?

'Dis Hester. Sy het maar net vir haar pa geroep, toe sy so ontydig 'n mansmens voor die agterdeur geware. Hoekom sal sy dan vir jou vlug hê?' sê tant Saartjie 'n weinig bits.

Intussen het sy 'n skottel warm water vir haar man klaargesit om sy hande en gesig te was, waarna sy koffie maak.

Oom Flip vat uit sy binnebaadjiesak 'n stukkie kam en stoot sy hare, baard en snor daarmee baie handig in fatsoen, terwyl hy vir Ampie op 'n ordertoon vra, of hy vanmôre dan nie moet gaan melk nie?

'Oom Kasper het gesê, ek en oom Flip moet mos vandag met die skrob gaan werk. Ek kom oom Flip net sê,' sê Ampie half binnensmonds.

‘Ek weet wat ek moet doen! Maar jy kan mos nie leeglê, tot ons daarmee sal beginne nie? Die osse moet nog vreet.’

Ampie kry ook 'n koppie koffie by tant Saartjie, wat vir haar dogter koffie wegbring.

Ampie sê onder die geslurp deur dat hy die osse sal uitjaag, en dat oom Kasper hom niks van vanmôre se melkery gesê het nie. Flip Staander drink nou ook en daar ontstaan 'n gemoedelike verhouding.

‘Laat ek vir jou reghelp, want jy weet nog nie wat 'n gereelde boerdery is nie. As Booysen vir jou gesê het om te melk, dan moet jy dit gereeld elke dag smôrens en saans doen en daarna eers spring jy in die ander dagwerk in.’

‘Ja, oom Flip!’ sê Ampie weifelagtig en vervolg, terwyl hy weggaan. ‘Ek sal dan glo maar eers moet gaan melk.’

Die dag met die damskrob het Ampie hom nie maklik verweer nie. Die geniepsige ding wou hom maar net tussen die agterosse insmyt, vernaam as oom Flip die span vinnig teen die damwal opdryf. Ampie moet nog leer om met die skrob te werk ... Maar hy 't gehou met die taaiheid van sy onvernietbaar gestel en ook omdat hy bang geword het vir oom Flip, wat hom by die begin kortaf en bars beduie het, hoe hy die lomp gereedskap moet hanteer. Oom Flip het ook net lelik al geraas, toe hy 'n paar keer mis geskep het, of te diep, waardeur die geniepsige ding omgeslaan het. Toe die osse, skraal as hulle is, kans kry om te blaas, gaan Ampie langs oom Flip op 'n wilgerstomp sit om ook wat uit te rus terwyl hy vol hoogmoed sê:

‘Nee, wat oom Flip, dis nou verniet vir daardie skrob om my te wil baasraak! Hy lig my net so effens nou en dan, maar wat hou is ek!’ Sy oë soek die van oom Flip.

Staander knik maar net en laat die jong moestas bo sy oë wiebel. Die skuld, die skuld ...



Dit wil hom mal maak. Hy kry ook glad g'n kans, om vir neef Kasper behoorlik vir sy hulp te vra nie. Almelewe kom daar iets tussenin. Vanmôre het 'n buurman vir Booyesen geroep om 'n skade te takseer.

'Hoelank dink oom Flip sal ons nog met die skrob moet werk?'

'Hoe so?' sê Staander dooierig, afgetrokke, en daadlik daarop lewendiger. 'Kom, vat maar Ampie jong. Nee wag, hier kom Hester vir 'n wonder met kaffie vir ons. Dit kan ek gerus onthou!'

Maar Hester was nuuskierig om vir Ampie te sien. - Vanmôre het die bog haar amper gevang, verwaarloos in haar vroeë môredag. Daardie klas het mos g'n maniere geleer nie. Voordeur of agterdeur is vir hulle net dieselfde. Goor Dawid-hulle het maar net een deur in hulle kastige woonplek, dis die. Sy het gedag dat dit oom Kasper was. - Sy wil maar net vir Ampie wys, dat sy tog nooit vir hom sal vlug nie. Wat sou die bogseun van Goor Dawid van hom dink? Sy 't van Grieta Booyesen gehoor, dat hy al amper ordentlik lyk. En deur nuuskierigheid gedryf het sy toe maar koffie vir hulle ingeskink. Sy kon, om 'n oordeel van Ampie se uiterlik te vorm egter op g'n slegter oomblik gekom het nie. Bont van die modderspatsels is sy oorblufte gesig, vermaaklik om te sien, en ook sy hele vertoning is met kolle klei betakel en sy sterk kaal bene een modder plakkaat. En Ampie self slink sku en nietig weg hier langs oom Flip, toe hy die uitgegroeide boerenooi sien aankom. Die groet is koel; effens het sy geknik of dit vir haar 'n las was om van Ampie notiesie te neem. Flip slurp sy koffie met lang trekke weg en Ampie bedank verleë vir die beker, wat sy hom wil oorhandig.

'Vat jong, al wat jy bedank is jy kwyt!' sê Staander in blye stemming oor sy dogter so bereidwillig is vandag. - En Ampie tas toe ongewis na die koffie wat sy

aanpresenteer. - Sy sien met welbehae sy verleentheid en vra of die skrob hom baas geraak het. Hy sluk 'n groot sluk, half wind, half koffie, en sê toe heserig, sy kop verleë buigend:

'Hy kan my mos nie wen nie!'

Maar Hester het die antwoord nie afgewag nie, onverwag vir haar pa het sy hom ongeërg gevra:

'Het pa toe al vir oom Kasper gesien omtrent die wa en osse en die kerktent?'

'Is julle dan so haastig?' vra hy bars. Die kwelgedagtes het sy dogter alweer oopgekrap. Die jood se skuld het vir hom opgetel vanmôre, en nou kom die japsnoet van 'n dogter hom herinner aan die plan, asof die kerktou ryery al môre moet gebeur.

'Ek is nie haastig nie pa; maar ek sê pa maar net. Hoe eerder ons verseker is daarvan, hoe beter.'

'Daar is nog tyd voor. Die ding sal regkom!' sê hy kortaf.

'Ampie vat die skrob jong!'

Ampie se begeervolle oë het intussen vir Hester skelmpies opgeneem. Die uitgegroeide fris gestalte, as sy selfbewus in haar houding so vry met haar vader praat, waardeur hy eerbied vir die dogter voel, en tewens 'n drang om dig by haar te wees. Hy beskou die nek, so wit as kapok, en die hare, dik gevleg, daarbo gedraai, en die wit strooihoedjie, wonderlik mooi op haar kop. - Hy gooi sy skelm oë oor die mooi gevulde gestalte, met groeiende begere, en dis of een hom van verbode heerlikhede wegruk, toe oom Flip se stomp order hom na die damskrob roep.

Oom Flip het haastig geword. Die dekselse geneul heeldag is hy nou moeg voor. Dit begin nou al te lol oor wa en osse, wat in Oktobermaand eers nodig is. 'n Mens kan sien hulle is nie meer gewend, om met 'n wa te ry nie. Jou siel kry nêrens rus hier op aarde nie!

- Bars skree hy vir die touleier: 'Kaffertjies hou reg voor!'

En Ampie gryp met mag, die sterte van die skrob. Oom Flip, die pa van Hester, groei tot 'n reus vir hom, en sy gevoel van onderworpenheid vermeerder insgelyk. Hester toef ook nog 'n ruk by hulle ... Ampie is as vasgesweis aan die vermalde stuk gereedskap, wat soos 'n nukkerige ou donkie, hom net wil afgooi, so telkens as die span die modder teen die damwal uitsleep. - Sy spiere krop bo sy polse van die vashou, en outomaties beur en pareer hy, as hy kleitrap in die morsigheid; 'n botte kraginspanning van 'n slaafse wese. En Hester roep toe helder uit, sodat hy elke woord in sy hart voel grootword: 'Nou glo ek ook dat jy 'n skrob kan menteneer!'

En effens het sy geglimlag vir Ampie, toe hy haar passeer, voordat sy huistoe gaan; en dis toe of sy krag verdubbel word.

Oom Flip se sweep swiets driftig deur die lug en klap so sny-sny oor die span, dat dit lyk of baie boere op die bulte osse aanja. Staander gee vir Ampie g'n sekonde skiet nie. Dis maar net kom en uitsteek, hou met al die krag wat Ampie kan byeenbring, die damwal uitklim, dan omgooi, en weer kom. - Die klappe klief die lug soos geweerskote, en die osse hou 'n stywe pas, of hulle 'n kerkwa in die groot transportpad trek.

Flip Staander voel dat hy sodoende sy moeilikhede kan oorwen. Hy moet woel en besig wees. En sy woorde rol op barse ordertoon: 'Ampie jy moet hou, ek sê jy moet hou as jy goed is!'

'n Botte vasberadenheid om nie in te gee nie is al gedagte wat nog in Ampie is. Hy voel werktuiglik dat hy moet gaan en kom, met die loodgevaarte aan sy arms. Sy liggaam het sy harsings ingeneem. - Hy het sy tweede wind, en hiervandaan kan hy aangaan tot hy

dood neerslaan. - Flip Staander kan maar opdryf en probeer om Ampie se end te soek. Hy sal dit nie regkry nie. - En netnou is dit uitspantyd.

Hoewel die son nog hoog skyn, is dit ophoutyd vir die beeste. Augustus is vir die vee 'n al te skraal maand. Ampie spoel sy bene so skoon as hulle lank laas was, en ook sy gesig; toe stoot hy sy bokram kuif behoorlik agtertoe en sit met teësin sy haatlake keps daarop. - Hy sal tog môre vir oom Kasper 'n nuwe hoed gaan vra. Die ou afgedraagde, treurige keps skend nou net sy gesig. Hy voel dit. - Staander het vandag lekker met Ampie saam gewerk. Die seun is gehoorsaam en baie taai. Hy 't hom goed geweer vandag, die dam kan môre skoon wees, as daar g'n teëspoed kom nie ... maar hiervandaan tot môre! ... Hy voel benoud vir die lang ure, wat voorlê, waarin hy met sy gedagtes alleen sal moet spook. - Nog net twee dae het die jood hom kans gegee. Dan moet die skuld betaal wees; of anders is 'n dagvaarding sy voorland. Hy gril en sug by die gedagte en mompel iets oor 'bloedtap uit 'n klip!'

'Het oom Flip met my gepraat?' vra Ampie, wat nou die stroppe afhaal van die trekgoed.

'Nee, Ampie, dis somar 'n slegte gewoonte van my daardie. As ek my partykeer kom kry, dan gesels ek een strook deur met my allenig. 'n Mens het baie moeilikhede in die ou wêreld! Ek wens daar was nie so'n ding as skuld nie Ampie; of ek moet baie geld hê.'

'Dis somar maklik oom Flip, om baie geld te maak!' sê Ampie so oortuigend, dat Staander hom verwonderd aangaperig vra: 'Hoe dan?'

'Oom Flip moet brandewyn koop en aan die volk verkoop met baie wins; maar oom moet oppas dat die poliese dit nie agterkom nie!'

'Jy's mal Ampie,' sê Staander teleurgesteld, 'n Mens mag nie die wet goedsmoeds oortree nie. - Jong hier

kom Booyesen. Jy moet die rieme en stroppe maar na my huis toe bring, ek wil nog met neef Kasper praat.'

Direk dink Staander dat dit 'n uitsoek kans is, om al sy swarigheid vir neef Kasper te vertel.

'Julle het vandag nie gespeel nie, neef Flip,' sê Booyesen opgetoge oor die werk.

'Ek sou so dink neef Kasper, ons het vandag goed opgedruk. Dit wil my voorkom of ek saam met Ampie lekker sal werk; as ek net by jou kan bly; maar die toestand knyp 'n mens partykeer so vas, dat jy moet uitspring om uitkomst te soek. Die twakbelasting het ons klaargemaak neef Kasper!'

'Ons moet maar perbeer uithou neef Flip. Ons boere het g'n geld nie, maar kos genoeg en as ek kos het in my huis, dan sal jy ook g'n honger ly nie. Ons perbeer 'n ander soort van boerdery. Ek dink lusern of so iets kan ons vat om mee te boer.'

En toe het Booyesen lank met sy bywoner oor die toekomstige planne gesels, totdat die son wou ondergaan en Staander het geen durf kon bymekaar skraap om sy versoek te uiter nie. Mistroostig het hy na sy huis gestap. - En tog het Booyesen en hy so lekker saam gesels dat hy so te sê die hele moeilikheid vergeet het.

Maar Ampie het 'n uur gelede blymoedig soontoe koers gevat en maar weer met die agterdeur in die kombuis gekom. Die slag het Hester, netjies aangetrek, maar baie eenkant so duidlik met 'n stille vraag: 'En wat kom soek jy hier?' amper vir hom laat retireer.

'Jou pa het gesê dat ek die rieme hiernatoe moet bring,' verklaar Ampie mompelend verleë. En toe word Hester vrindliker. Sy help vir Ampie reg en sê 'n ietsie jammerhartig: 'Jy is seker baie moeg nie waar nie?'

'Nee wat, ek is glad g'n moeg nie!' spog Ampie en sy oë glinster van verleë durf. Toe Hester verder niks meer sê nie, en begin te

werskaf somarso, en Ampie ook g'n woorde bymekaar kan bring nie, toe voel hy weer of hy kan wegvlug, hoewel sy oë vasgevang word deur die vrou-gestalte, met die rug na hom gekeer. 'n Hartstog, om so lank moontlik in hom op te neem, die presiése lyne van die volgeboude lyf, gee hom durf om nog te draal.

'Wou jy nog altemit iets gehad het Ampie?' vra sy toonloos, elke woord so duidlik.

'Nee, nig Hester,' skrik hy op. Hy 't sonder erg haar naam genoem, en skaars kom die geluidjie 'Naand,' oor sy lippe.

## **Hoofstuk XI.**

### **Besoek.**

Ampie is 'n paar môres later weer baie vroeg op die werf. Hy het vannag op die katel geslaap en wonderlik gedroom van sy tant Fyta, wat vir oom Flip 'n vingerhoed present gee, waarmee oom Flip water skep uit die dam se inloop; en Hester kook die koffieketel langs die wilkerstomp, en sy vra hom of sy lyf nie al te seer is nie. Baie snaaks en deurmekaar het hy gedroom, die heel nag amper; maar vanmôre voel hy innerlik tevrede, asof hy ontwaak het in 'n nuwe land van geluk. - Hy geniet die suiwerheid van die lug, die rustige ontwaking van die dag, wat 'n snaakse ontvanklikheid tower in sy kop. Alles is nuut, die hemel bo en die wêreld om hom, nuut soos hyself.

Hy het honderdmaal in die fris môre ontwaak, en honderdmaal die dag sien breek, dog altoos was sy hart soos klip, vir die skoonheid van natuur se stille orde. Vanmôre is sy oë onversadig vir die rustige begin van die dag, en die laaste dagbreekroep, van wat die slaap afskud, streel sy gehoor. - Die liefde lewe hier in sy siel, nou hy die geeslose atmosfeer, wat altoos om die murasies van sy ouers gehang het, nie voel nie. 'n Gees van orde en mensliewendheid beheers die plek en sy hart begin dit te verstaan. - Die hele sfeer op Booyen se plaas, het van hom 'n ander mens gemaak, vrypostiger, en openhartig. Die lewe hier was nog sonder stamp en stoot tot sover. Hy 't uitgevind,

dat hy ook iets beteken. Die damskrob het hom dit geopenbaar. Sy selfbewustheid het ontkiem. Hy moet nou na homself ook kyk, die begrip het in sy kop ontwaak, en in sy hart 'n ongekende lus daarvoor. Hester Staander sal seker dan ook baie notiesie van hom neem. - As hy dit net kan regkry om saam met haar aangeneem te word in Oktobermaand ... Gister het hy met Grieta Booysen laat weet vir Hester dat hy net vinnig leer en hard sy bes doen met die aanneemlesse; en hy wonder wat sy terug sal laat weet.

Hy gaan weer in sy kamertjie en pluk sy klere reg. Sy bokramkuif raak ook al aan die agterstevoor spieël gewend, en oom Kasper se ou skoene aan sy weglêtone. Hy sal tog sekerlik 'n hoed vir oom Kasper vra ...

Die môreson blink raps oor die bult op 'n uitgroeide seun, wat op sy trompie 'n toonlose wysie afkrap. Ampie het hom reggemaak vir sy eerste werk. Hy wag net vir oom Kasper. Sopas het hy met nig Grieta vir haar pa laat roep, omdat hy hom noodsaaklik wil sien asseblief! - Staander was net daar om vir Booysen te sê dat hy dorp toe moet vir dringende besigheid, en Booysen het vir sy bywoner nog planne gegee, wat hy die jood kan voorlê.

'Vertel hom van die tabakbelasting neef Flip, en vra 'n paar maande uitstel. En as hy verkeerd word, laat hom dan maar spook, jy besit niks van waarde nie. Hy sal moet aanneem wat jy voorstel.'

'Ja nee, neef Kasper, ek sê ook so! Wat kon hy maak? Hy kan mos g'n bloed uit 'n klip tap nie! Dis pure twak met hom!'

Toe Booysen na Ampie toe kom lag die seun met sy breë glimlag; ook oom Kasper kyk vrindlik en vra in die beste stemming:

'Jy Ampie en jy 't my laat roep. Wat is dit?'

'Oom Kasper, kyk my keps!'



Ampie druk drie vingers, elke vinger op 'n verskillende plek deur die flenterding.

'Ek wou maar net van oom Kasper gehoor het, of oom Kasper nie dalk altemit vir my 'n orige ou hoed kan gee nie!'

'Natuurlik Ampie, jy kan met daardie streepsak op jou kop, nie meer behoorlik voor 'n mens kom nie. - Grieta, loop haal vir Ampie jou pa se plaashoed nê!'

Terwyl Flip Staander op 'n rywiël oor die plaaspad dorp se kant toe trap, om 'n hopelose poging aan te wend vir uitstel van betaling, by 'n siellose sakeman, stap Ampie met sy hoed op na die kraal. Die wêreld is vanmôre ruim en die son staan soos 'n somerson in die hemel. Sy stap is lugtig of die kweek hom opveer. 'n Melkemmer slinger onder sy elmboog, en die spantou aan sy los vingers van die hand, wat die trompie in posiesie hou. Sy stemming is vir sy doening, verhewe. Dis sy lus om met die beeste te werk en hy begin belangstel in Booyesen se boerdery. Die wete, dat 'n deeltjie van die boerdery op hom alleen rus, en dat Tannie nog altoos tevrede die emmer melk by hom ontvang het, kweek in hom 'n gevoel van verantwoordelikheid. Hy voel gelukkig. Dis môre Saterdag. Dan sal hy in die middag vir Jakob vat en Vakplaas toe ry, na sy liefste Annekie. Hy sal vir haar vertel van Hester en Grieta Booyesen ook, en dan sal sy tog ook 'n slag jaloers wees. 'n Halwe week van volle ongekende lewe is verby. Sy liggaamskragte het gestoei met die egale, werk; sy innerlikheid met die onegale lewe. En binnekant hom, roer die wakker luste na iets geweldig onbepaalds. - Sopas het Grieta Booyesen hom baie vriendlik en so laggerig meegedeel, dat Hester vir hom sal 'duim vashou' op die belangrike dag wanneer hy sal aangeneem word en sy hoop dat hy 'die hiet sal maak'. Die boodskap het hom baie bly gemaak en alles stem

hom dankbaar, sodat hy nou sy hart kan uiter op die klanklose staalveer tussen sy lippe ...

Hy voel uitbundig; wyl hy aanstap swel die lustigheid in sy gemoed en die onmusikaalste uiting stoot nietemin vinniger bloedgolwe deur sy lyf, sodat sy voete vinnig trippeldans, hoewel hy baie stadig kraal toe vorder. Sy vrolikheid skiet los en wild swaai nou sy voete hot en haar soos 'n jonge kalfie, dikgesuip, bokspring oor die kweek. Aits! waar is Annekie van môre?! Hy dwing net om te dans. Waar is die meisiekind van Vlakplaas nou? Hy sal haar rondswaai, dat sy haar draaie nie kan kry nie, en hy maak sy manewales, soos een wat malkop is van lewenslus ...

Naby die kraal gwarr-plaps 'n droe miskoek hier by hom, en skuif die stofmissies omhoog. Sy trompie is op die plek gebêre, wyl hy die wêreld staan en opneem, ergerlik gesteur. - Wie is so bevoeter? Dis moedswilligheid daardie! Hy sal dit hê sowaar! Weer gwarrel een, raps oor sy kop agter op die verdorde kweek. - Onrustig vlieg Ampie se duister oë die omtrek deur. Dit spook hier op die helder dag! Maar toe hy weer 'n draaiende plakkaat oor die kraalmuur sien uitgooi, hoor hy meteens 'n welbekende gelag.

'Kom uit daar! Ek het klaar vir jou geëien!'

Dis weer sy ontydige moeder daardie en hy 't vanmôre die regte gees om haar te ontmoet, 'n Uitbundige stoeilus bevlieg hom. Hy sal die vroumens warm takel so in die vroegte. Die emmer lê al doerr, en hy het die spantou dubbel.

'Wag ou Mamma! Ek sal vir jou wys vanmôre! Jy wil my mos met miskoeke gooi nê?'

Sy hoed verloor hy al, toe hy met die swaaiende riem kort agter die grapperig vlugtende figuur aanhardloop, wat fladder van rokke en wat nogal 'n suigeling bo haar heupkom balanseer. 'Moenie Ampie! Jy sal die

kind seer maak! Swernoot! Jy sal bars as ek jou in die hande kry! Soe! Eina toggie!' Dis almal uitroepe, wat haar vrolike gelag onderbreek. Toe draai sy om, moegehardloop, en met die los hand, weer sy die kastige kwaai slae van haar oudste af. - Twee koulike kindertjies, elkeen met 'n vetterige pakkie in hulle hande, staan oopmond, en met wye oë die vreemde malligheid en aanstaar; nie soseer die gehele vertoning nie, daar is vir hulle baie min besonders in; maar wel hulle Ouboet, wat in 'n pragtige pak klere rondhardloop, dat sy mooi stertjie hare, so dans en swaai oor sy voorkop.

'Jou vabond se kind!' sug en skree die moeder, almar laggend. 'Moenie jong! Soe Ampie! Jy het die kind geraak, hoor hoe huil sy!'

'Ma soek mos daarna nê? Dit sal ma leer om anderdag nie weer vir my so ontydig te bekrui nie. Kyk waar lê my nuwe hoed reeds!'

Hy groet sy moeder nou en ook die kleintjie en daarna vir Kleinboet en Kleinsus, wat angsvallig nader kom na hulle vreemde Ouboet toe.

'Swernoot se kind! En hoekom hê-jy nie jou karmenaadjie kom haal nie?'

In haar oë straal die glans van liefde vir haar oudste en die ontmoeting verberg hartelikheid, onder die roue verwyte, wat sy hom toevoeg.

'Ek is te besig ma, en kry g'n stukkie tyd nie!'

'Jy 't met jou rug in die botter geval, en nou wil jy ons nie meer raak sien nie hê?'

'Ma, jy moet nou nie vir my hinder nie, want ek moet gaan melk. Dit het reeds laat geword deur ma se ontydigheid. Laat staan my nou!'

'Toe loop melk! Ek sal wag! Ek is alles gewènd!'

Hulle staan nou om hom en kyk na sy gedoentes. Die wysste koeie word onrustig, nou die vreemdes hier so naby staan, en hulle gaffel met die horings al na Klein-

boet, wat die bees trotseer, deur uit te spring en pad te gee, met sy klein ratse lyfie.

‘Julle hinder my! Gee pad daarvoor Kleinboet!’ sê Ampie bars; maar hy voel trots daarop, toe sy Kleinboet babbel oor die baie melk, en hy vertoon spoggerig hoe handig hy met die koeibeeste kan werk en hoe geskik hulle vir hom luister. - Sy moeder maak of sy vir Ampie so gewènd is in sy gedaanteverwisseling, en as melkboer; wyl die kleintjies vol verwondering bly oor Ampie en sy doening.

Haar stem klink die wêreld vol, en ook haar lag, toe hulle na Booyen se huis toe stap. Sy loop en vertel van die tamaai vark; en dat sy pa nou siek lê by die huis, van die ongenadige baie eet.

Haar huismeid het Mevr. Booyen al van die besoek verwittig.

‘Dit was my grootste swarigheid, toe jy vir Ampie in diens geneem het,’ sê sy, half ergerlik vir Booyen.

‘Vat hulle kort ou vrou! Steek hulle in die werk as hulle vir jou pla! Dan sal jy gou ontslae wees van hulle!’

‘Jy kan mooi praat!’ verwyt sy hom. ‘Jy kan altoos uitspring; maar ek bly sit met die las.’

Sy spioen die groep, wat oor die werf naderkom. Wat sou die simpel siel hier in die vroegte wil kom haal? 'n Swart verlepte hoed, met 'n wit band nogal, vasgemaak onder haar ken. Sy gru van die armoedige klompie, waartussen Ampie nou uitblink, as 'n meneer wat hulle 'n diensie bewys. As dit tog maar nie 'n gewoonte sal word nie ...

Nouliks het Ampie se moeder vir Mevr. Booyen geware, of sy versnel haar treë, laat alles, wat om haar is agter, en storm reguit, sonder aarseling of geswenk op haar toe; kyk haar wyfelend wild in die oë groet kortaf ‘Môre!’ en bly toe vassteek, stil, stom en starend. Ampie bly eenkant staan, hoogmoedig, met 'n blyheid,

wat sy hele wese oortrek. Sy melkimmers weerskante hom.

Mevr. Booyesen nooi hulle vrindliker binne, as haar bedoeling was omdat sy daadlik jammerte gevoel vir die armsalige kombinasie. Koulike klein kindertjies, met bang, wondervolle hongergesiggies, en hulle vrypostige moeder, so sonderling in haar maniere. Daadlik vat Ampie se ma toe 'n vetterige pakkie uit Kleinboet se hande en presenteer dit vir Mevr. Booyesen, met 'n besondere dreunklank in haar stem:

'Dis Ampie se karnaattjie!'

Toe order sy die kleindogtertjie kortaf:

'Kleinsus gee die blikkie vet vir tant Grieta!'

Skroomvallig langs haar rokke, skuif die dogtertjie 'n passie vorentoe en reik 'n smerige, beoliede stroopblik vol loperige varkvet na die vreemde tante.

'Kleinsus jy 't weer geloop en mors!' bestraf die moeder haar. 'Ek het die blik by die huis gelyk-vol gemaak nig Grieta, maar teenswoordig se kinders is te onpresies. 'n Mens kry geen geaardheid in hulle nie; hulle is nes kaffers! ... Kleinsus staan agteruit! Moenie so ongeaard vir 'n groot mens staan en kyk nie!'

'Baie, baie dankie!' sê Mevr. Booyesen toe so vrindlik as sy kon en sy wys vir die moeder 'n stoel om op te sit. Die kleintjies hurk langs hulle moeder teen die muur en Mevr. Booyesen voel opgeskeep met alles.

Ampie het intussen die melk neergesit en toef doelloos in die kombuis. - Mevr. Booyesen oorweeg. - Sy sal hulle maar so gou moontlik 'n stukkie kos gee. Hulle is honger en as die versadig is, sal hulle wel spoedig huis toe gaan. - Die vlees en vet kan Ampie maar opgebruik - en die meid ook.

Om die gespanne toestand wat te breek, vra sy hoe die vark geslag het, en onwetend het sy daarmee die gedagtes van Ampie se moeder op koers gebring.

‘Daar loop nie nog so'n vark in die hele kontry nie; en spek nig Grieta, ek lieg nie vir jou nie, die der dikte!’ beduie sy met vier vuil knopperige vingers van elke hand bomekaar. - ‘Ons het 'n groot lampolie blik vol vet. Ou Dawid het glad goor maag!’ vertel sy vol vrolikheid en gestikulasie. Haar hande beduie amper hoe haar man te keer gegaan het met die vark.

‘Die ou dwing net om al die varkveis te verkoop. Ek moet net mooi praat en keer. Ek sê vir hom: Dawid jy vreet te veel; maar die ou wou mos nie vir my luister nie. Vannag het ek vir hom twee pakkies engelse sout ingejaag en vanmôre, net voor ek hiernatoe gekom het, 'n stywe jalappe.’

‘Verlang julle nie na Ampie nie?’ vra Mevr. Booysen vir die kleintjies teen die muur, wat nou hulle koppies agter die rokke van hulle ma wegsteek, en doodstil bly. - Sy wou die moeder aflei van die varkgeskiedenis. ‘Kinders, moenie vir julle groen hou nie! Tant Grieta praat!’ Die moeder ruk hulle een vir een orent. ‘Hulle skaam! - Ek wonder vir wat moet 'n mens skaam wees? Ek skaam vir g'n mens ter wêreld nie. Dis somar origheid om skamerig te wees. Ek was nou die ander dag in die kantoor met hierdie selfde kind, kort na sy geboorte, om die bewys te lewer. Ek sê toe vir die magistraat: ‘Magistraat! hier is hy, eerlik en opreg.’ Ek lewer die bewys, en ek hou die kind so voor sy twee oë, dat hy geheel en al oortuig was. En die magistraat was regtig geskik en hy sê hy hoop dat hy my binnekort weer sal sien! Maar die ou is laat. - Hy sal hierdie slag baie lank moet wag!’ Die moeder lag geheimsinnig, tog veelseggend vir Mevr. Booysen. ‘Dis darem à te swaar om kinders groot te maak nig Grieta, en wat het 'n mens van hulle? Nes hulle groot genoeg is dan trap hulle. Kyk vir Ampie ...’

Mevr. Booysen het onderwyl die melk bewerk en

sy werskaf nou om 'n brekvis reg te kry vir die geselserige moeder en haar kleintjies.  
- As hulle buikvol is, sal hulle altemit loop, is haar gedagte.

Kasper Booyesen kom die kombuis deur en groet vir die moeder baie vriendlik en vra wat werk ou Dawid, waarop sy weer verhaal hoe siek die ou hom oorvreet het aan die vark. Booyesen glimlag toe veelseggend vir sy vrou en hy kyk vir Ampie, wat vinnig uitspring na buite.

'Oom Flip is vandag dorp toe Ampie. Vat die gereedskap en draai die snymasien se moere almal vas, soos ek jou gister gewys het. - Hy groet sy moeder haastig en sê:

'Ma moet vir oom Tys hulle laat weet, dat ek môre middag sal kom kuier, asseblief.'

'Nig Grieta! Dis die wêreld se beloop!' gesels die moeder, wyl Mevr. Booyesen aanhou werskaf. 'Pleks dat Ampie vir ons kom opsoek, gaan hy na Vlakplaas toe. 'n Mens sou sweer neef Tys hulle het hom getoor. - Maar Ampie is 'n wonderlike kind, hy is onverstaanbaar soos 'n lemoen sonder pitte. Hy is so dig as 'n vark wat pitjies het.' Sy kom toe baie geheimsinnig en snaaks tot teen Mevr. Booyesen en fluister brommerig: 'Nig Grieta, het Ampie jou nie 'n geheim vertel nie?' En toe Mevr. Booyesen ontkenend haar kop skud, stap sy vrypostig nader, tot vlak teen haar en sê fluisterend: 'Ampie het sy geld gebank! Sowaar, ek weet dit!' En toe nig Grieta vol verbasing laggend 'n antwoord wou gee, wys sy suutjies met haar hand: 'St ... stil nig Grieta; moenie daaroor praat nie, hou dit dig, nig Grieta, hou dit dig! Net ek weet dit. Dis 'n groot geheim!' ... En nog geheimsinniger vervolg sy: 'Ampie is vol politiek nig Grieta, hy het sy pa en almal vet om die oë gesmeer, maar net nie vir sy moeder nie. Hy het al sy geldjies bymekaar gevat en in die

bank gesteeek. 'n Mens sal dit nie agterkom nie; maar dis waar. Hy is 'n wonderlike kind; maar vir sy moeder kan hy tog niks wegsteek nie! Ek het dit mooitjies agtergekom. Ampie se geld is veilig, nig Grieta.' En nog geheimsinniger vervolg sy: 'Ek weet van 'n baie goedkoop bank, nig Grieta, 'n bank waar jy jou geld in kan bêre, sonder om 'n pennie te betaal. - My neef Jan is 'n poliesman, nig Grieta, en hy bly op Rooipoort. Hy het my dit vertel, en hy weet van alles! Rooipoort se bank is die beste bank! As jy eendag baie geld het nig Grieta, bring dit soontoe! Maar hou dit dig nig Grieta! Ek sê hou dit dig!'

'Ek sal dit vir g'n mens vertel nie,' sê Mevr. Booyen vol luim. Die moeder het haar 'n ietsie opgeruim met haar koddige begrippe.

'Kom eet julle nou eers, sit hier, en laat die kindertjies genoeg eet, hulle het seker baie honger.' Na 'n gesonde brekvis en nog 'n lang ruk van geduld en selfopoffering, het Mevr. Booyen toe eindelijk die kloumens met 'n uitgegroeide boerbrood huistoe gestuur.

'Jy was glad te vrindlik ou vrou!' was Booyen se berisping. 'Ek het gesê, vat hulle kort.'

'Ek kon hulle onmoontlik korter gevat het as vanmôre. Sou jy hulle altemit voor die agterdeur laat bly het? Of huistoe georder het uit die staanspoor? Ons kristelike plig is om die arme, verwaarloosde drommels tot 'n voorbeeld te wees, en om hulle nie te verstoot nie! - Al wat ek op hulle teë het, is dat hulle vel te dik is. Hulle voel nie dat hulle in die pad is nie, en 'n skimp, dat hulle haas moet loop, is ondoeltreffend. - My môre is totaal bederwe.'

'Ek vrees oormôre is dit dieselfde geskiedenis,' sê Booyen, 'ek glo verseker dat die malmens meen, dat julle vanmôre lekker saam gekuier het. Sy sal die indruk behou, dat jy na haar verlang!'



‘Ek sien geen kans daarvoor nie. As hulle my kom hinder sal jy vir Ampie in die pad moet steek.’

‘Ou vrou, jy is te haastig! Ek dink jy moet met hulle baie kortaf wees. Hou jou of jy baie besig is, en steek haar in die werk, soos ek jou reeds gesê het, laat haar die borde was, vloer smeer, of die werf vee ... As sy dan nog vertoef, dan hê-jy iets vir jou opoffering. - Ou vrou, dis die skadekant van my akkoord met Ampie. 'n Ander het ek flus geware. - Ampie moet met iemand saamwerk, anders kul hy ons. - Ek kry hom in die stoor, inmeekaargetrek van die lag, en al wat hy kon uitbring was:

‘Omie, die kat!’

Maar die heel môre het hy daar g'n strooi gebreek nie.

## **Hoofstuk XII.**

### **Kentering.**

Toe Ampie, om die snymasien te beredder, in Booysen se groot stoor, hom op 'n baal tefgras neervly, is die snymasien al uit sy gedagte uit. - Hy loer rond of iemand hom kan sien, en gerusgestel, gryp hy 'n pakkie sigrets uit sy sak en begin te rook. - Gister het hy 'n pompoen so ongemerk opgetel, en optelgoed is almal se goed, het hy omtrent geredeneer. Daarvoor kon hy toe 'n pakkie sigrets ruil by die winkel. - Hy sal vir oom Kasper ook geld vra vir sy voorslae. Oom Flip het al die voorslae al afgeslaan. Hy is 'n renewasie op 'n sweep. As hy sy gebreide bokvel mooi aan voorslae sny, kan hy nog baie geld uit oom Kasper uithaal. Sy sweep is ook verniel. Oom Flip het hom klaar stukkend geslaan gister, maar hy sal hom moet uitbetaal, as Hester vir haar aanstel teen hom! ...

Die huiskat spring hier op sy bene, en knoor al skurend heen en weer sy lyf onder Ampie se lui hande, wat werktuiglik oor die ferwelige rug gly; wyl hy luier teen die bale, wat hier langs en agter hom opstapel tot bo die balke van die stoor uit. Maar sy aandag word wakker, toe die kat hom opraap na drie-vier bale hoër en vandaar onhoorbaar opspring tot heel bo, waar hy roofgierig, plat oor die bale met sy lenige lyf wegsluip langs die rand van die stapeling. Ampie vergeet nou om te rook, en skaars knip hy sy oë, wat lewe van lus

om die laaste beweging te volg van die skelmagtige bekruij daarbo. So fyntjies, amper onmerkbaar, tas die treetjies vorentoe, tot op die uiterste rand, vanwaar die kat sy spring sal moet neem om sy prooi op die muur te gryp.

Toe word die kat 'n deel van die posiesie, soos hy dit skielik omvat. Sy gees sien alles en sien verder, die gehele geval logies klaar. - Jy trap so ewe versigtig vorentoe oor die bale, en jy loer net vir die muis! Netnou-maar sal jy 'n grap sien; die voorste baal lê skrams en jy kruip reguit soontoe. En Ampie hou sy asem op, terwyl sy oë tintel van verwagting. As daardie kat nou spring, dan duiwel hy met baal en al daaraf ... Met hunkerende vreugde deurspeel die kans sy denke, en sy liggaam bly roerloos in die spanning. Net in sy oë gloei die smeulende genot, oor wat hy netnou moet geware. Die kat druk plat en platter steeds sy kop en lyf om lekker daardie muis presies met een spring te bemeester, en die kop vol roofsug suig die muis daar op die muur vas. 'n Afgebreekte streep, 'n dof gerommel, 'n stofwolk, alles blits hom verby en deurtil soos 'n senuskok Ampie se lyf. Dit was tog onverwag en hy skrik; maar net vir een sekonde. Toe bars die vrolikheid los in 'n histeriese lagbui vir die komieklike gebolmakiesie van die baal en die kat, gevolg deur die wild verwarde wegvlug deur die stoor, of daar honderd windhonde agter hom aanja. So mal en vinnig, verbouereerd omtrent die koers, en met die komieklikste springe het hy nog nooit 'n kat sien wegvlug nie. En op die bale krul hy inmekaar van die lag terwyl hy broksgewys vir homself vertel: 'Hy dog ... hy het die muis ... maar min het hy geweet ... dat ... hy daarbo ... sou afduiwel!'

Booyen kry vir Ampie in die toestand.

'Niks uitgevoer nie nê Ampie?'

‘Omie, die kat!’ ...

‘Lag klaar en doen jou werk, netnou sal ek weer kom!’ Booysen dwing homself om bars te kyk en streng te praat. Hy sien die bale in wanorde lê en vermoed die hele voorval en hy kan Ampie verstaan; maar Ampie voel of sy gelag hom nou wil seermaak; dit skryn hier binnekant, as sy hartslag opruk en dis of sy keel wil aan die brand slaan. Sy vrees vir Booysen het die vrolikheid verdring.

Hy pluk sy baadjie uit, en gooi hom eenkant op die bale, en weldra is sy ganse aandag by sy werk hier aan die snymasien. - Die gevolg is vuilsmear van Ampie; maar dit traak hom niks nie. Hy voel betreklik gelukkig daaronder die masien, waar hy krul en skuif op sy rug en sy, oor die stoffige grondvloer, om al die ongemaklike moere by te kom, wat uit amper verborge plekke vir hom loer. Hy sukkel steun-steun, in moeilike houdinge, wyl hy hom soetjies uiter: ‘Dis 'n verkeerde moer hierdie! Vervlakste kind! Ek moet jou van die anderkant bydam!’ Hy veeg met sy beoliede hande die sweet van sy gesig af, en 'n donker oliestreek daarop. Die geweldige kuif van hom, wat hy onder geen omstandigheid wou mis nie, val telkens weerbarstig oor sy oë. En daardie kuif dwing net om vir Ampie ongeduldig te maak. Hy rol so skraps-skraps onder die masien deur, dat die stof oral aan hom vashou, en sy hempsmou aan een van die baie haakplekke, waar 'n lap agterbly. Dis ook 'n weinig brandstof op die vuurtjie van sy drif. Hy slaan die flenter van sy hemp, wat loshang soos 'n gedermte, om sy boarm, en druk die orige punt weg in sy armholte. - Met 'n swaar slag slaan hy nou die skuifhamer op sy plek. Sy kuif is alweer in sy oë.

‘Vervlakste kind! ... Jy soek my nê? Ek sny jou af sowaar! ... Ek sal jou die slag wys!’ Die laatste is

vir die moer bedoel. - Kort-kort vorder hy 'n half draaitjie soos hy dink. Hy word moeg van die gesukkel, en met elke probeerslag driftiger. Hy vorder niks nie.

'Die verbrande ding het die ewige omdraai! Jy dink verniet jy sal vir my wen! Ek kap jou kop af met die koubeitel, netnou! netnou!' Hy kyk kwaai na die temptasie, so koud en onnosel daar in die masien se hoek.

'Verduiwelde moer! ... Ek sal solank hierdie een perbeer, hy is òper om by te kom! ... Dis ook 'n taai duiwel!'

Hy steun en sug, en die sweet tap hom af, die oliekolle oorvlek sy gesig, en sy kuif het hy al wou uitruk, as dit nie so seer was nie; maar toe die skroefhamer glips en hy sy kneukels teen die harde koue ysfer stamp, toe raak die woede hom baas. Hy slaan die dooie ding hier bo hom met die hamer bont. - Dit traak hom nie, waar hy slaan nie. Hy wil hom wreek, hoe, kan hom niks meer skeel nie. Hy wil maar slaan en slaan in sy wrede woede, wat hy met elke hou opsweep tot 'n waansinnige gemoker; tot hy naderhand magteloos, doodstil op sy rug bly lê, wyl sy oë rol soos die van 'n ongedierte, deur sy vyande vasgekeer.

Sy wrok woel met sy sinne soos met speelgoed. Hy wil hom wreek! Maar alles is gevoelloos, dood, net Ampie self is lewendig en vyandig teen homself. Met stille woede kruip hy toe onder die masien uit en -

'Ek wil my dood maak! Uit die pad uit! Ek wil vrek! vrek!'

'Dis nie nodig nie Ampie!' klink die swaar stem van Booyesen, wat soos 'n teëgif al sy kwaaiheid dood, en hom 'n ding maak, wat 'n mens kan rondstoot, optel of wegsmyt.

'Ek sê dis nie nodig dat jy jouself moet doodmaak

nie, Ampie, kom maar hier-na-toe.' En Booyen het sy knipmes uitgehaal en oor sy skoene 'n paar slae heen en weer geslyp.

'Kom lê maar jong! Ek sal jou keel afsny!'

Toe voel Ampie hom so nietig as 'n wurm en teësinnige trane spring in sy oë, deur 'n gemengde gevoel van hartseer, magteloosheid en verset ...

'n Goeie ruk later slenter hy besluiteloos af na die vrugteboord. Dis etenstyd, maar hy voel te nukkerig vir kos. Virwat moes oom Kasper hom daar by die masien betrap? Oom Kasper kan hom maar liewerster 'n goeie pak gee, maar hy moet daardie stil maniere van hom laat staan. - Hulle wag seker nou vir hom met die ete. Hulle kan hulle kos maar hou. Hy sal hulle wys, hy sal nie eet nie! Sy plan is om na sy ou maat toe te stap. Hy het ou-lakob in twee dae nie gesien nie, en sy hart voel baie beswaar. Die vrugteboom bloei al enkelt in die boord; maar die totale indruk is nog pure winter. Ampie kan maklik deur die boom, vër teen die bulte sien, en uit die koers van Vlakplaas, geware hy iemand, wat daadlik sy belangstelling oproep. Dis Bart, sowaar! Hy voel weer lewe, en lus om te rook. Dis darem lekker as 'n mens sigarets kan koop, wanneer hy wil. Booyen sal so'n paar ou pompoenijies nooit mis nie! ... Bart kom speel-speel op sy mondfluitjie nader en sou reguit na die huis toe verby gaan, toe Ampie hom roep.

'Haai jong, kom hier-na-toe! Jy loop verkeerd!'

Vol vrolikheid neem Bart sy neef van top tot tone op.

'Jy lyk nou soos 'n sirkusman Ampie, jou gesig is net so kollerig. Net jou hare is in die fessing! Gee vir my ook 'n sigaret jong!' Ampie trek sy beoliede gesig in 'n breë lag, terwyl hy een oorhandig.

'Jong, waar kry jy hulle?'

'Ha boetie! Ek is nie vandag se kêrel nie! Dis vir my

om te weet en vir jou om uit te vind!' Maar daadlik ernstiger vra hy:

'Jong en wat gesels Annekie?'

Bart vat nou vrolik ook sy kans en sê:

'Dis vir my om te weet en vir jou om uit te vind!'

'Moenie vir jou mal hou nie jong!' sê Ampie ergerlik.

'Gee vir my nog 'n sigret, dan sal ek vir jou iets gee wat Annekie vir jou gestuur het. - Ek het vër geloop om dit vir jou te bring!'

Bart handig hom 'n geel koevert oor, terwyl hy die sigret van Ampie neem.

Binnkant kry Ampie 'n baie presiese, klein opgevoude briefte, wat hy haastig oopmaak, en daarin tot sy ontsteltenis die ring herken, wat hy vier dae gelede vir Annekie gegee het; maar nou sonder 'n enkele steentjie. - 'n Benoude voorgevoel klim in sy hartslag op, hy probeer dit afsluk, wyl hy bangerig die brief regvou, om te lees. 'n Groot letter skrif, soos van 'n standerd drie skoolkind, wat skoonskrif skryf:

Liewe en nooit vergetene Ampie! Ek sit my neder om u te melde, dat dit met ons allen nog seer wel gaan, deur die Heere se goedheid, en ek stuur jou die kafferring terug en ek wil nie 'n jongetjie hê nie wat so laag van 'n meisie dink al die steentjies het die tweede dag al uitgeval en ek wil nie meer dat jy na my vry nie. - Hopende die selfde van u te hoor u nooit vergetende nig  
Anniekie.

'n Wrede gloed as van 'n ongedierte het Ampie se oë wild gemaak, sodat Bart hom skraal hou, asof hy 'n bevlieging van Ampie verwag. Die neef het mos almelewe die onverwagte nukke.

‘Jou suster is somar vuilgoed!’ raas hy gedagteloos blindweg. ‘Sy is totaal bevoeter! Sê jy vir haar, sy kan na die hoenders gaan met ring en al! Ek gee g'n flenter om nie! Sy dink glo nou om my te vermaak hê? Dis bog! Sy 's laat jong! Ou Bart jong, sê vir haar, sy ken nog nie vir Ampie nie! Wat traak dit my met Annekie? Dis nie 'n handvol nie, dis 'n landvol! Dis nie geplant nie dis gesaai! Kyk hier ou-Bart en sê vir Annekie wat jy hierdie heden sien!’

Hy skeur die brief in skulfertjies en trap die ring onkenbaar in die gruis, so driftig of 'n bose hom besiel, en in sy binnenste heers 'n brute moed om alles te onderneem. Bart voel benoud, dit lyk of Ampie hom kan aanvlieg, as of hy Annekie is, en hy beding goedmoedig:

‘Annekie is somar mal Ampie, sy weet nie wat is wat nie, haar kop is deurmekaar van nonsens!’

‘Bart, jy praat somar deur jou keel! sê jy vir haar: Ek, Ampie sê, dis net vir my 'n kits en ek het aan elke vinger van my hand 'n nooi, sê vir haar, hier is Hester Staander, ek kan maar net my bek oopmaak en ek het die jawoord. En Grieta Booyen, ryk en goedgeaard, dis net vir my so'n paar draaie, en ek trou nog met 'n ryk jong nooi. - Ek gee g'n flenter om nie, Bart. Dis alkant selfkant! Dis pure twak met Annekie! Bart sê vir haar sy kan na die hel gaan!’

En toe het Ampie soos 'n besetene weggeloop en Bart daar in die vrugteboord gelaat ...

As 'n besetene stryk Ampie die bomerye deur en toe die veld in, onwillekeurig na die kamp toe, waarin ou-Jakob wei. - En onderweg het in sy sterkoorspanne hart 'n reaksie ingetree, wat breed en vol sy hart en denke oormeester, en die teer gevoel wat onder die mal woordgeraas, ondeurdag oor sy lippe uitgeborrel, gesluimer het, bedou die hitte van sy drif. - Die onver-



wagte sekerheid, dat hy en Annekie nou uitmekaar uit is, groei in sy binneste tot 'n groot smart. Niks in die wêreld sal hom nou kan troos nie. Hy wil maar liefster wegvlug van die werwe, en net alleng daar in die kamp by sy ou maat vertoef, en treur langs ou-Jakob, wat stom en liefdevol vir hom sal luister, en verstaan die opbruisings hier binnekant in sy hart, wat die mense nooit sal begryp nie. - Die esel het vir Ampie al bespeur, sy neusgate sper wyd oop, en in die groot droewige oë begin die blydschap oor sy koms te glans. Dis of hy vra, 'Waar was jy al die tyd dan, Ampie?'

Sy nuwe lewe vol emosies het hom aan sy maat onttrek. Vandag druk die smart hom plat. Hy het vir Annekie verloor! En heel sy toekoms was vir hom en Annekie en ou-Jakob. - 'Ag my ou maat, die wêreld slaan my hou vir hou. Dit smaak vir my of ek en jy uit hierdie wêreld sal moet trap. Ons twee kry g'n genade by die mensdom nie! Ja ou-Jakob, wie kon dit ooit gedink het nê? Sy sal nie meer aankomende jaar saam met ons boer nie. En ons sal Vlakplaas nooit weer sien nie ou-Jakob. Ja jong, die nooi het vir my afgesê,' halffluister Ampie innig vir die groue, troue kop, waarteen hy leun, met sy arm om die ruie nek. En sy smart word verhewe, deur die troostende gevoel dat sy maat die swaar ook dra en stil hom wil opbeur, met sy bereidheid om nimmer moedeloos, saam met hom koers te vat. - Sombere staan die twee lank roerloos; maar die stil leedgevoel verbree, soos olie op 'n waterplas, oor die skone simpatie, wat in die sombere kombinasie lewe.

Eindelik sug Ampie diep. 'n Droewige gemymer het sy gees so teer gemaak, as van 'n moeder, wat vol herinnering aan die graffie van haar kindjie kniel. En mymerend fluister hy maar verder. 'Sy was ook baie gek na jou ou-Jakob. - Onthou jy nog die ander dag

op Vlakplaas? Jy het so naby ons gewei, toe ons twee, sy en ek daar in die dekgras saam gevry het en ons planne mooi agtermekaar afgespreek het. - Wie kon dit dink ou-Jakob dat dit die laaste same was van ons drie. Ek en Annekie en jy! Daar sal nou ander mense op Vlakplaas vir Annekie kom kuier ...' Ampie se houding word nou vaster, regop, en hy staan voor die donkiekop, wat omhoog ruk as van verwondering oor die skielike gemoedsverandering van sy maat. Die groot ore, regop, vang nou die laaste woord van Ampie op. - 'En Annekie sal netnou sekerlik 'n ander jongetjie kry ...!' Hy gru van die moontlikheid en sy gees, sy ganse innerlikheid kom in verset daarteen.

'Nee! wragtie nie ou-Jakob. Ons ry na al die slamse van die dorp, en laat die swernoot toor, wat dit durf waag om na Annekie te vry ... Ons sal haar voorlê, net diskant die plaat dekgras, langs die pad, so ongemerk, dat sy niks kan geware nie; ... en dan gryp ek vir haar en jy hou jou lyf reg vir ons twee saam. Dan pyl jy bosveld toe ou-Jakob, en ek sal haar bo jou vashou, vashou, vas in my arms, vas teen my lyf!' ...

Gedurende die agtermiddag het Ampie met 'n stil nukkerigheid gewerk. Teen melktyd wou hy, ongewas en sy gesig vol oliekolle, sy hande swart nog van die vuil werk met die snymasien, die melkemmings wegvat uit die kombuis. Maar hier het Mevr. Booyesen hom driftig gekeer en haastig, gedagteloos laat uitrol:

'Mens kan somar sien, dat jy weer met jou mense deurmekaar was vandag!'

'Tannie?' vra hy oorbluf, en Mevr. Booyesen voel daadlik, dat sy te veel gesê het.

'Ek meen Ampie, dat jy nie terug moet gaan na jou ou gewoontes nie. Kyk hoe lyk jy! Loop gaan was jou eers!... En hoekom hê-jy dan nie vandag geëet nie hê?'

'My kop was seer Tannie! Hy wil nou nog bars!'

‘Onthou dat ek vir jou vanaand, voor jy gaan slaap, iets daarvoor gee. Gehoor?’

Nukkerig het hy daar uitgestap.

Hulle moet vir hom laat staan. Die neulery gedurig, is hy nou moeg. Dit wil net heeldag was; 'n mens sou sweer dat hy die vuilsiekte het. Virwat is hulle dan so danig? Hy is mos g'n babatjie, wat heeldag opgepas moet word nie! Dis mos skoon vuilgoed, en hulle sal nie doodgaan daarvan nie.

Hy voel uiters onverdraagsaam. 'n Opgekropte gevoel gloei in sy binnenste, en die geringste wat hom nou sal hinder, gaan dit tref; mits dat dit swakker of weerloser is as Ampie. - Die ou gevoel, asof die ganse wêreld hom wil pynig en verniel, het sy gemurmureer af gebreek, en hy sal nou net luister na wat die wraaksug wil.

Die beste stap langsaam op hulle verslapte winterpole, tam oor die plaaspad kraal-toe. - Glad te stadig nou vir Ampie, wat ongeduldig en sonder rede, haastig is.

‘Jaag aan, jou an-die-slaap!’ brul hy vir die kaffertjie, so kleinlik daar heel agter en daarby bulder hy die ruuste vloeke na hom toe, wat tot in Booysen se woonkamer deurdring.

‘Ou vrou, vandag sien ons Ampie in 'n ander lig. Ek sal my moet bemoei, met daardie wilde natuur. Dit gaan te erg!’

Die kaffertjie brom 'n antwoord uit, wat onverstaanbaar bly vir Ampie, maar net sy drif wakker maak, en sy bouse verbeelding sterker. Dit wil hom voorkom, of die parmantige klein vabond hom gevloek het. Waar kom hy aan die reg om vir 'n witmens so te vloek? Hy sal geen kaffer hom laat vloek nie, al was dit wie! ...

‘Die duiwel sal jou ty as ek jou in die hande kry vanaand!’ Die dreigement, bekragtig deur die vloek-

taal uit die weer uit, laat die beeswagttertjie hengel daar agter sy sorg.

Ampie vlieg nou self onder die swak geboude winterbeeste in, en dryf hulle onbarmhartig vinnig opmekaar tot voor die kraalhek, waar hulle nou moet deurpars, verskrik en verbouereerd, sodat die deurgaang in die kraal baie vertraag word daardeur. Asof die stomme vee nou daarvoor kan, jaag Ampie die agterstes hier by hom vorentoe, met sy spantou en klippe, en vloekerige opgedryf, tot voor die hekopening een verwilderde massa beeste opmekaar bondel. Booyesen staan van ver die strawwe doening en aanskou.

'Basse jy sal die beeste verongeluk!' sê die wagttertjie op eerbiedige afstand van Ampie.

'Jy moet jou bek van my afhou, kaffer!' Sy wraaklus is nou van die beeste afgelei en die kleinjong sny uit voor, na die woonhuis toe en skree uit ang: 'Ou-baas! ou-baas!'

Toe verskyn vir Ampie, daar voor hom op die werf, Kasper Booyesen, breed en groot, soos 'n stil mag om sy onbesuisde woede te verniel; en hy poseer daar in die vallende skemer, soos 'n regter om die barbaarse gees met vrees te vervul. Ampie jaag nie meer nie. Hy skree 'n bedreiging die kaffertjie agterna, dat hy moet kom help die beeste aankeer, terwyl hy op sy spore omdraai en brom-brom kraal toe sluipe, soos 'n hond, wat weggejaag word van 'n vir die honde-instink, verkeerde plek. Hy voel dat Booyesen hom volg en hoor hom sê: 'Kaffertjie loop haal maar jou kos by die nooi, ek sal vir baas Ampie help.' 'n Skelm vrees bekruip hom, en hy keer ywrig die beeste, wat onderwyl die werf vol uitmekaar gedwaal het. Booyesen help hom aankeer. Stemmig stap die vee geduldig in die nagverblyf, en hulle twee sluit saam die kraalhek met die sluitbalk af. - Geen enkel woord praat oom Kasper nie, en

Ampie voel 'n groot bestraffing in sy stil baas se houding. Hy vrees, want die omstandigheid van heden, is vir hom vreemd. Hy kan die geheimsinnigheid nie vat nie, waarlangs hy ongestraf, amper ongemerk, oor die werf stap. Sy pa sou hom so half verwurg het maar hy sou in die geval nooit so langs sy pa gestap het nie; agter hom aan, ja, en by die minsverdagte beweging, sou hy skoonveld gewees het. Hoe kan hy nou hier weghol, terwyl oom Kasper glad g'n rede daarvoor wys nie? ... Hy slink hier soos 'n nietigheid, 'n slaaf, wat Booysen op die nek sal vastrap in die aarde, en hy sal berustend buk en stil bly. - Ja, hy sal bly wees amper, as oom Kasper dit wil doen. - Hy voel 'n aandrang om te flikflooi, om tog die aandag van Booysen ter herwin ... As oom Kasper maar net praat, dan is die wêreld reg ...

'Het Omie opgelet? Blommetjie maak uier!'

'Dit kan bes moontlik wees,' sê Booysen en toe bestraf hy Ampie, soos 'n vader wat sy kind se hart wil raak, en Ampie lyk gedwee, boetvaardig. Maar Ampie voel soos iemand wat g'n hart of gedagte meer het nie, en Booysen praat verniel. Sy gevoelvolle teregwyding en tere bestraffing, kan op die growwe gemoed nie inwerk nie. - Hy kon net sowel vir 'n stuk yster sedepreek. Al wat hy teweeggebring het is die gevoel van voldaanheid en rus, omdat die vreemde stilte opgehou het.

Toe Ampie die aand wil uitgaan om te slaap, toef hy in die kombuis, en roep vir Grieta Booysen.

'Nig Grieta, sê bietjie vir jou pa, ek roep hom!'

'Ja Ampie?' vra Booysen, half denkend, dat die seun 'n woord van spyt sal uiter.

'Ek wou vir Omie net 'n bietjie gesien het asseblief!'

'Ja?'

'Het Omie nie altemit 'n los sikpens nie? Ek wou vir

ons twee voorslae by die koelie koop, want ons voorslag het oom Flip afgeslaan en ons kan nie sonder voorslag bly nie, dit sal die osse te veel verniel, want ek wil nie Oom se osse stukkend laat slaan met 'n stomp sweep nie. Oom se Kasper, ek verdra dit glad nie, dat 'n mens 'n os moet stukkend slaan nie.

### **Hoofstuk XIII. Swarighede.**

Die voorjaar het die veld sy nuwe kleed gegee en al die bome 'n volle bladerkroon. Die plaas van Kasper Booyesen lyk somar tien maal mooier. Die eerste reëns het geval, en vandag het Ampie en Flip Staander met die ploewerk 'n begin gemaak. - Dis nog 'n week voordat Hester-hulle sal moet ingaan om te katkeseer op die dorp, en nog is Staander ongered, om sy vrou en dogter behoorlik op die kerkplein te besorg. - Die lastige skuldkwessie, het hy gelukkig twee maande vorentoe gestoot. Diè wag nou na die nagmaal met 'n skuldbewys. Die jood was so ewe inskiklik en ordentlik en glad nie haastig nie. As hy gewillig was om 'n paar pond rente by te betaal, dan kon die skuld nog maar 'n rukkie wag! ...

Nou is die ander moeilikheid vir Staander alles. Dis dag vir dag 'n gelol, wat hom gedurig herinner, om tog die wa en osse en kerktent van Booyesen te vra. - En hoe dikwels was die direkte versoek al op sy lippe, terwyl Booyesen langs hom stap, of hom help in die werk: 'Neef, help my dan tog met jou wa, osse en tent, kerktoe asseblief. Hester moet die laaste week voor nagmaal by die predikant katkeseer, en jy is tog die enigste man wat ons kan help!' ...

Maar skoot vir skoot, as hy so'n kans het met Booyesen alleen, dan hengel die versoekie in sy keel, tot hy benoud word; verniet of hy vir neef Kasper kon gevra

het. - Om homself te verontskuldig het sy brein 'n redenasie uitgewerk: Neef Kasper is self ook maar traag om hom vir 'n nagmaal uit te sit ... met kar en perde ja, so gou-gou uit en tuis ... neef Kasper het g'n tyd vir die gelêery nie. Booyesen het vroeër al vir hom gesê: 'Neef Flip, ons lewe nou in 'n haastiger tyd, as toe ons ou-mense geleef het. - Dis nou trein, motor, lugskip, en as ons nie dag vir dag woel nie, bly ons agter. Ek verstaan nie hoe party mense, vir dae lank in die dorp by die kerk kan versuim nie; of hulle moet baie ryk wees en baie orige tyd hê.' As Booyesen daardie sienswyse het, hoe kan hy, wat Flip is, dan vir hom die onmisbare trekbeeste en sy persoon vir 'n volle week uit die werk uit vra? - Die stille redenasie oor die saak het die versoek dan weggedruk, ook skoot vir skoot. - Pynlik het die besef geword, dat hy die goed tog binnekort gevra moet hê. - Booyesen was reeds gewillig om vir ou-Jakob aan te presenteer. Dit lyk nou so aardig om so baie en glad ander dinge te vra. - In sy kop broei die gedagtes, terwyl hy agter die ploeg aanstap en werktuiglik met die stelarms werk. Ampie glorie met die sweep langs die span. Dit was sy begeerte om nes oom Flip die osse op te drywe, en vandag het hy die sweep, en loop oom Flip hier agter; 'n mens kan maar sê dat hy die baas is. - As Hester netnou met die koffie kom, dan sal sy hoor en sien hoe handig hy kan drywe. Hy sal enige tyd vir Hester-hulle na die nagmaal toe kan bring met die wa. Hy kan gerus vir oom Kasper vra om hom die kans te gee. - Hy is al amper nes 'n kind in Staander se huis, en vat baie uit die hand van tant Saartjie uit. As Hester praat van vuurmaak hout, dan spring hy aan die byl, en as sy net die leë emmer roer, dan is hy daar om die vir haar vol water in te bring. Sy praat en lag en korswil ook partykeer met hom saam, maar o, hy voel nog baie-baie



ver van Hester af, en tog begeer hy so innig, om net èen aand met haar op te sit, propper op te sit, soos hy en Annekie laas die nag op Vlakplaas opgesit het ... Hy kan gerus 'n slag perbeer, ook net vanaand! Hy sal wel 'n plannetjie agtermekaar bedink om haar vanaand, as oom Flip hulle wil gaan slaap, alleen te kry.

Toe Hester koffie vir hulle bring, hou hy stil en kom langs oom Flip op die twee-voorploeg se stel sit. - Staander voel onrustig ergerlik, hy weet wat netnou sal gebeur. Dit neul mos heeldag deur sy kop. - Daar hè jy dit! 'Ja pa, wat ek wou sê, het pa toe al vanmôre die rygoed by oom Kasper gekry? Ek wil nie vir pa aanja nie, maar die tydjie nader vinnig.'

'Netnou my kind! Netnou as ons uitgespan het. Oom Kasper was vanmôre baie besig!'

'Ek wens ek kon met julle saamry Hester.. Ek sal vir julle vuurgoed bymekaar soek, water dra en ketelkook,' begeer hy so vrypostig dat Hester hom verwonderd aankyk, so'n paar gedagtetjies oor Ampie se handigheid vorm, en toe hom baie vrindlik bemoedig; want sy wil haar lyf maar skraal hou op die pad. 'Maak 'n plan en kom saam Ampie. Jy kan vir oom Kasper vra, ons sal dit baie lyk.' En sy knipoog vir die eerste keer in haar lewe vir die oorgelukkige seun.

'Jong vat die sweep!' order Flip Staander bars. Maar langs die osse lewe Ampie in die heerlike vooruilsig. Hy sal versigtig wees en die osse drywe oor die mooiste ente pad ... As Booyen tog maar net vir hom sal los!

'Jy moet jou draaie wyer maak! Spring oor die tou, wat slaap jy dan? Keer die voorosse in die ploegvoor!' raas oom Flip ergerlik hier agter. Flip Staander voel of Ampie ook met Saartjie en sy dogter sal saamspan teen hom. Wat wou die bogseun ook vir Booyen vra? Hy sal dit doen sowaar, uit pure niksgewend. Kort van gees! ... Hy sal maar netnou reguit na neef Kasper toe

stap! ... Hy plooi sy versoek weer agtermekaar en redeneer so maklik of die ding vandag sal stryk. Vanmelewe het hy mos nooit so'n swarigheid gehad, om sy sê te sê nie. Hy het nie besonder moeite gehad, om vir ou Saartjie as sy bruid te wen nie! En haar ouers het hy ook sonder veel moeite kafgeloop. En dit was kwaai kwessies daardie, vergelyk by hierdie ou kwessietjie, om 'n wa, osse en kerktent te vra ... Wat de drommel sukkel hy dan so? Neef Kasper kan mos maar net nee sê, in die allerslegste geval!

En met die uitspan kom Booysen self na die ploëry kyk. Wyl Ampie die osse aankeer na die suipplek toe, stap Staander met neef Kasper langs die vars oopgeploegde vore.

Eindlik sukkel Staander met baie moeite uit:

'Neef Kasper, die nagmaal is al baie naby. Nou Maandag moet my vrou en Hester ingaan kerktoe.' ...

'Ja neef Flip, en soos ek vir jou beloof het, die dag van Ampie se koms, jy kan vir ou-Jakob maar vat. Ek bly daarby!'

'Baie dankie neef Kasper, dis al wat ek wou gehoor het!'

En toe hy wegstap huistoe om te gaan eet, brom hy vol ergernis: 'verdomp!'

Ampie haal oom Kasper vinnig in en vang hom op die werf.

'Oom Kasper ek wou vir oom iets gevra het asseblief!'

'Nou ja, laat ek hoor!'

'Ek skaam amper om te vra Omie, dalk sal oom Kasper nee sê; maar dan is dit daarna toe. Ek wil maar net vra, of ek met die wa kan saamry, asseblief oom Kasper. Oom Flip gaan oom se wa, osse en kerktent vra vandag, en ek sal baie mooi na oom se osse kyk; en dan kan ek somar vir ons 'n paar voorlae ook weer

saambring. Dis baie goedkoper op die dorp as hier, Omie.'

Verwonderd kyk Booyen toe vir Ampie. Die toestand word hom duidlik want hy ken neef Flip en hy glimlag toe hy antwoord:

'Ons sal nog sien Ampie. Ek wil met Staander eers daaroor gesels.'

Toe Booyen Self met Staander oor die saak begin, val Staander se swarigheid weg en hy breek los, in stilte Ampie dankbaar.

'Neef Kasper, daardie bogseun het my voorgespring,' sê hy met 'n gebrekkige laggie, terwyl sy gedugte wysbroue grapperig gallop.

My plan was om agtermiddag na neef toe te stap om die wa, osse en kerktent te vra. Hester moet nou eenmaal ag dae op die dorp vertoef. - Dis somar 'n onnodige affêre maar hoe sal 'n mens nou maak?' Booyen staan 'n rukkie in gepeins.

'Die beste plan sal wees, dat Ampie vir hulle daar sal besorg en terug kom met die osse en weer ingaan, as Hester-hulle moet terug kom. Nie waar nie?'

En Staander, van die kwelgees ontslae, is Booyen baie dankbaar vir sy hulpvaardigheid. Hy voel 'n ander wese - Sy stap is lugtig en sy oë blink onder die beweeglike donker wysbroue. - Hoe lekker sal hy hierdie aand vir Saartjie kan trotseer! Hy sal maar ewe houtpop as gewoonlik bly; want sy sal sekerlik lawaai maak oor hy so belangloos en vergeetagtig is ...

Toe hy tuis kom is twee paar oë so duidlik vraend op hom gerig. Maar Staander het soos gewoonlik sy koppie koffie sit en afwag, onverskillig vir die stille aanmanings van 'n naderende onweer. - Hester, afwagtend, oorhandig hom die koffie, en terwyl Flip Staander dit langsaam en onhoorbaar uit die piering leegsuig, skiet Saartjie so'n skimpskoot reguit na hom toe:

'Ek wonder of ons op die ou end weg sal kom! Dit lyk nie vir my so nie!'

'Hoe sê?' bring hy vadsig uit, asof hy te lusteloos voel om in enige geselskap deel te neem.

'Jy 't seker weer vergeet om by Booyesen aan te gaan nê?'

'Ou vrou julle lol al-ewig oor dieselfde ding!' sê hy met 'n afwerende handgebaar en kyk half ergerlik vir Saartjie van onder sy moestas-wysbroue uit.

'Kyk hier Flip Staander, as jy wil hê, dat ons hier almal op 'n bondel moet kreppeer van ellend, dan moet jy laat ek stil bly, en my vasmaak, dat ek my nie kan roer nie; want jy 's nou eenmaal nes 'n meesak; waar 'n mens hom neersit, daar bly staan hy. Jy praat van lol? Wie lol? Dis jy wat lol met jou gedurige ekskusies. As ek nie telkens agter jou staan, en jou wakker hou en jou in die huis verwilder nie, sal jy nooit iets verrig vir ons nie. - Wil jy dan hê, ek moet die spul by Booyesen gaan vra? Dit sal nog daarvan kom as jy te sleg is!'

Gelukkig dat Hester alleen by hulle in die voorhuis is. Hy wonder net, dat sy haar ma nie help nie. Nee wag! Sy vang haar ma se skimpskoot op!

'Moeder, dit sal niks help, om verder met pa te praat nie. Die tydjie is nog maar kort, en ons moet weet wat aangaan. Kom ons twee stap nou direk na oom Kasper toe.'

'Nee my kind, ek skaam my om jou pa by Booyesen in die skande te steek. Ons sal wag tot vanaand. - Hoor jy Flip Staander? Tot vanaand gee ik vir jou die kans, om vir jou huis se belang, jou sê te sê. - Ek het nou klaar gepraat. Jy praat van lol? Goed, ek sal nie meer lol nie!'

'En ek sal baie bly wees!' sê Flip Staander baie kalm en onder sy wysbroue glinster 'n skelm pret, want hy voel dat hy nou moet lostrek.

‘Ek sal vanaand nie vir neef Kasper al die goed gaan vra nie.’

‘Ag foei pa! foei tog!’ sê Hester.

‘Ek was dit te wagte my kind! Jou pa is nou eenmaal onbekwaam om sy sê te sê!’ meen die moeder minagtend.

‘Ou vrou, en virwat word julle dan so danig bitsig leen my? Julle kan maar gerus gaan slaap. Booyen het klaar die hele uitsel vir my gegee.’

Staander druk nou opgeruimd deur en in sy stem klink 'n fris klank van jare gelede, wat in sy vrou en Hester hulle harte deurtril. - Hy kyk sy vrou ondeuend met 'n geweldige knipoog aan, en sy swaai, kastig driftig, haar rug na hom toe.

‘Ag! Jy is weer ontydig en verspot!’ sê sy half binnensmonds. Maar Hester gee haar pa 'n soen en sê:

‘Dankie tog, my pa!’

‘Ou vrou dit kon jy ook gerus gedoen het,’ sê hy vrolik, terwyl hy opstaan en haar soen dat dit so klap.

Die aand is daar 'n gees van blye tevredenheid in die huis van Staander, iets wat so seldsaam gebeur. En so tref Ampie hulle in daardie beste stemming.

Sy ganse agtermiddag, was èen verlangste na hierdie oomblik. Net daardie een knipog van Hester het hom laat oplewe, soos 'n verlepte pompoenblaar deur 'n reënbui. Die wonderlike meisiekind hou seker regtig van hom, en hy 't 'n veerkrag in sy lyf gevoel, asof hy al die moeilikhede van die wêreld kan oorwen. Sy verstand het helder beduie, dat hy hom nou sal moet roer om ook aangeneem te word, en hy 't besef dat as hy ooit met Hester behoorlik sal kan opsit, hy kant en klaar moet wees, nes Hester self. - Toe het daardie gedagte hom met allerhande swarighede laat rondstap en daarmee sy konklusie klaar gevorm. - Hy sal met hierdie nagmaal ook voorgestel moet word, dan is sy kop mos

deur! Dit was vir hom of die affêre baie maklik somarso kon afloop. - Toe hy die melk binne bring, het hy vir Tannie in die kombuis verwilder deur sy onverwagte plan:

‘En wat sal Tannie sê, as Tannie hoor dat ek ook aanneme toe gaan?’

‘Ek sal net sê: dis baie fluks van jou Ampie!’

Verbaas het sy geantwoord en daarby gedink:

‘Sou die seun na sy moeder aard, wat nie al haar varkies het nie!’ Maar toe oom Kasper ook van die groot planne hoor, moes Ampie net sy vraeboek gaan haal. - Die eerste vraag het Ampie op 'n trippelpas en vol van glorie opgesê; maar gou-gou het oom Kasper oortuig geword dat Ampie altemit eendag 'n lidmaat van sy kerk kan word deur jammerhartigheid aangeneem; die inhoud van die vraeboek sou nooit in die seun se kop kom nie. - Ampie voel egter aangemoedig, nadat Booysen hom koudgelei het op 'n takvolle manier. Hy voel geen skroom om na Hester toe te gaan nie. Die kerktoe ryery is mos 'n uitsoek onderwerp om oor te gesels vanaand. Hy hunker om met Hester op te sit en met haar oor die aanneme te gesels, en verder oor die lewe na die aanneme. - In sy hart het dit aangehou moker, wyl hy aanstap in die lanternlig na oom Flip se woning en sy harsings werk al maar 'n ideale lewe uit: aangeneem, met Hester kant en klaar getrou, saam in 'n huisie op oom Kasper se plaas.- En wat sal Annekie dan sê? ...

Sy lantern laat hy brandende in die kombuis. Hy kom die voorhuis binne. - ‘Sit Ampie!’ wys Hester hom 'n stoel naby oom Flip. ‘En hé-jy toe al jou planne reggekry?’

‘Ek sou so dink! Ek moet vir julle inbring met die wa,’ informeer hy windmakerig; sy wese glans van geluk. Hester ontwyk die gloeiende oë van die seun, wyl sy

mompelend kombuis toe stap 'dis nie sleg nie!' Sy help haar moeder met die skottelgoed was.

Flip Staander, nou alleen met Ampie, voel dat die aangename stemming in sy huis verbreek is. Hy is nie blind nie! Die malkop van 'n niksgewend is doodverlief op sy dogter. So 'n opgetelde swerweling! Hoe durf hy die gedagte in sy harsings hou? Maar Hester sal natuurlik met hom speel, hom aan 'n lyntjie hou, omdat hy somtyds handig is! Sy sal so uitermate mal nie wees om te ver te gaan met die oudste kind van Goor Dawid nie. - Maar hoekom bring sy dan juis altyd koffie landtoe, as hy en Ampie saamwerk? Vroeër het sy haar bitter weinig aan so'n goeie gewoonte gesteur, toe hy alleen gestaan het in die werk. As daardie maltrap maar nie Hester se kanse nou met die nagmaal sal bederwe nie. - Hester sal daar seker welaf, goedopgevoede en flink jongkêrels ontmoet ... Die jood se skuldbewys moet reeds kort na die aanneme betaal word. Ja, daardie skuldbewys sal hom nog dae gee. Die tabak belasting het hom uitgeroei! Die jood sal hierdie slag sy goedjies sonder enige bedenking laat opskryf! ...

En Ampie voel hom hier ongemaklik by oom Flip, wat so kwaai reg voor hom sit en uitkyk en g'n woordjie sê nie. Dit lyk nie of hy ooit weer lus sal kry om te gesels nie. Daar in die kombuis hoor hy, tussen die geklink Van skottelgoed deur, 'n laggerige gefluister van Hester, en haar ma. Netnou sal hulle seker uitkom, en dan sal tant Saartjie en oom Flip gaan slaap, of altemit eers boekevat ... en dan kan hy met Hester allenig agterbly. - Hy moet maar solank sukkel met oom Flip ...

'Oom Flip, watter osse sal ons inspan kerktoe?'

'Hè-jy gepraat?' vra Staander nors.

'Hoe dink oom hoeveel osse sal ons inspan kerktoe?'

'Jong dit sal oom Kasper wel vir jou vertel!'

‘Ek wil vir ons 'n paar voorlae van die dorp af saambring.’

‘So!’ Staander ontsien pie moeite om sy kop na Ampie toe te draai. Maar Ampie hou halstarrig koers en merk die stugheid van oom Flip nie meer nie. Sy tong het los gekom.

‘Oom Flip, ek wil vir oom Flip 'n raaisel opgee, en as oom Flip dit raai, dan sê ek oom Flip is baie goed in raaisels!’

‘Laat ek hoor!’ sê Staander met ergerlike teësin. Gelukkig kom toe Hester en haar ma ook binne. - Ampie gee opgewonde, 'n weinig kortasem, die raaisel op, en raak verbouereerd, terwyl hy dit opsê onder die druk van soveel deurdringende oë, en vernaam die skerp blik van tant Saartjie.

‘Dis 'n snaakse ding ... Nee wag! Ek meen dis 'n wonderlike ding Tannie; hoe verder dat hy gaan, hoe verder dat hy loop Tannie, hoe verder gee hy nooit g'n end nie, en ek gee vir Tannie te raai wat dit is!’

Tant Saartjie en haar dogter bars hier in lagge uit.

‘Die raaisel het nie end nie!’ sê oom Flip vrolik, en dink, ‘nee wat, sy dogter sal met Ampie lekker kan die gek speel.’

‘Dis die wonderlikste raaisel, wat ek ooit gehoor het,’ sê tant Saartjie, en Hester beweert laggerig, dat Ampie self nie weet wat die snaakse sonder-end gedoente is nie.

‘Dis 'n treinspoor nigg Hester! Kyk, hoe verder,’ hy druk met baie klem op die vername woordjies, ‘hoe verder dat hy loop - ek meen, jy kan maar met hom aan stap, maar jy sal nooit sy end kry nie.’ En toe lag Ampie voldaan, oor hy al die Staanders mooitjies gevang het. En vrolik probeer hy nog 'n slag uittê: ‘Kyk Hester, die twee treinspore hou mos aan, tot dit lyk of hulle



doer ver inmekaar inloop. Nou ja! Stap bietjie soontoe! Jy sal nooit daardie end kry nie!

‘Ampie het ons gewen ma! Maar ek wil nou gaan slaap, want ek voel baie moeg vanaand.’

Vir Ampie klink dit soos 'n vonnis. Hy was net mooi op koers, en hy 't nog niks oor die aanneme gesels nie. Sy sielsdrang is om die stonde nog te rek so lank as moontlik is. Dit gee hom durf. - Dis of Hester in die sprekende oë van Ampie, eers teleurstelling en toe 'n innige versoek gelees het, wat haar noop om te draal, wyl sy verwonderd luister:

‘Ek wou nog iets vir jou gevra het nig Hester!’

‘Jy moet my net nie so'n strikvraag vra nie, as die raaisel van flus!’

En toe voel Ampie weer of alles deurmekaar gekrap is in sy kop, sodat hy onbeholpe sê:

‘Ek wou net gehoor het nig Hester, hoe laat die aanneme sal beginne.’

‘Nee dis 'n strikvraag Ampie, ek kan jou glad g'n antwoord daarop gee nie,’ sê Hester opgeruimd, ‘die predikant se ure is amper heeldag. Ons sal maar net moet vasstaan van die môre tot die aand’ - en sy sê almal ‘gerustige nag!’

Toe Ampie met sy ou lantern na sy slaapplek toestap, voel hy tog tevrede oor die lekker aand, wat hy deurgebring het. Sy enigste swarigheid is net, of hy dit ooit sal regkry om met Hester op te sit ... En sy hoop is nou gevestig op die kerktoe ryery.

## **Hoofstuk XIV. Die Môreskof.**

Een uur te perd diskant die dorp, in 'n leegte, langs 'n amper droë lopies, met hier en daar 'n syferwater, is die gewoonlike uitspanplek deur honderde ashopies en kaalgetrapte plekke in die veld aangeduie. - Dis maar 'n eentonige wêreld in die groot ruimte tussen kaal bulte, en dis 'n troostelose uitspanplek met nêrens boom of struikgewas. Die bulte lyk maar orals eners, die lopies sny soos 'n krullerige skeur in die leegte af, en die veld is niks besonders vir die beeste nie; maar toe die wa van Kasper Booyen uitgespan staan, en Ampie weskaf met die osrieme, die water en die vuurmaakgoed, toe kry sy hart 'n liefde vir die kaal wêreld om hom heen. Daar is g'n mens meer te bespeur nie, as net allenig Hester hier by hom, haar moeder agter die wa, en die kaffertjie by die beeste langs die lopies. - Maar Hester staan hier by die vuurtjie met haar kappie dig om haar kop, haar hande toegemaak met bleikhandskoene, en sy praat met Ampie oor die heerlijkheid van 'n uitspan in die veld, die allenigheid en die aarde wat so rustig is.

Die woorde van die wonderlike meisiekind skiet in sy liggaam op met tintelende warmte - ag Ampie sou gewillig wees om op hierdie kaal plekkie, met net die bulte om hom heen, en die oneindige blou lug daarbo, sy lewe te verslyt, as Hester net altoos daar sou bly staan, so eie met hom geselsend oor die allenigheid.

Dit gee hom die bewustheid van beskermer en versorger. Hy voel hom as die baas van hierdie plekkie. Alles is onder sy sorg. Alles kan hyself behartig. Hester hoef haar bleikhandskoene nooit eers uit te trek nie, sy hoef haar nie te roer nie. Die osse wei stilweg langs die lopies af. Die kaffertjie sal hulle bring, as hy die order gee! Tant Saartjie woel daar agter die wa om die eetgoed reg te kry, en sal netnou beskuit en hoendervleis en handtertjies uitbring op erdebode. - Hester staan daar soos 'n dogter van 'n koning, wat bedien moet word en dis nie meer as reg nie, want sy is 'n wonderlike meisiekind. Sy moet haar-bleik en reghou vir die aanneme. Vir hom is Hester soos 'n heilige en al sy woorde kom so stadig, of 'n staalveer hulle in sy hartslag vashou. - Sy praat die meeste en hy woel maar net, terwyl hy heerlik luister - stoot half gebrande hout verder in die vuur, of blaas die vlamme wakkerder, of skraap 'n miskoek hier agter hom en pas dit op die regte plekkie in die vuurgloed. - Maar in sy digte boesem, swel 'n ontvanklikheid, wat liefde voel vir die kaal bulte, die onpeilbre hemelblou, die wa hier by hom en net diskant, Hester langs die vuurtjie, wat hy reghou. - Hy wil niks meer nie; die aarde is so vir hom goed en hy kan sterwe in die lushof van sy gedagtes ...

Die ketel kook. - 'n Skielike gewerskaf van tant Saartjie met baie woorde, die klink van koppies, en die sag geborrel van die eerste gietsel uit die tuit. Die geur van koffie, die stille inskink, al die koppies vol en dan die stil genot, van elkeen in sy eie doening.

Die uitspanplek is soos 'n stukkie van die hemelse rus vir Ampie en as hulle met 'n môreskof van die kerkplein af kom hiernatoe, sal die son vir hulle kry, as hy die bulte uitklim.

-----

Die Nagmaal is verby en ook die mensgewarrel na die leegstroom uit die kerk uit. Nou lig die skemerte die donker omhoog, bo die blok van ligstralende tente, waartussen die vuurtjies as gesprinkel is. Groot skaduwees gly oral langs verby, en om die vuurtjies woel nog sorgvolle vroumense, wat vir gasvryheid lewe. Die nagmaalgangers besoek mekaar verlaas oor en weer, en die bejaardes is verdiep in 'n bespreking van die Sabbatdag se sielsgenot. Uit baie tente klink nog 'n late lied van die jongmense en in die twyfellig hier buite, het die godsdiensers 'n diepte gegee aan die jong harte, waar die liefde hulle saamgebring het. - Voor die waens, in vae strepe, breed en lank, lê die osse aan hulle trekgoed vasgemaak en herkou rustig, gereed vir die inspan, vroeg-vroeg môre.

Ampie sit daar neffens 'n vuurtjie op 'n moot van 'n droë blokhout sigrets en rook, so stil en allendig. Dit was 'n baie woelige dag, met al die mense op die kerkplein. Hy het hom maar skraal gehou en baie eenkant, met 'n sterk gevoel, dat hy nie in die menigte pas nie. - Maar Hester was so tuis daar in die drukte, of heel die mensdom haar famielie is, en dit het hom maar droewig en baie ernstig gemaak. - Net voor die aanddiens, waarin sy voorgestel sou word, het sy in haar pragtige wit klere vir hom vertel, hoe maklik die vrae was, wat sy moes antwoord. Hy kon ook maar gekom het, dan was hy bes moontlik nou ook aangeneem ... Daarvandaan het Ampie somar opgeruimder geword, want Hester was te vriendlik. - Hy 't wonderlik lighartig na die aanddiens toe gegaan, hoewel sy kop maar deurmekaar gebly het, vol bont gedagtes. Dit gaan met so'n nagmaal, publiek soos met 'n vendusie. Baie beeste, 'n mag der menigte van mense, en in die kerk net een, wat maar die woorde oor sy lippe laat rol. En moenie praat nie van die yslike

gedrang, telkens as so 'n kerk leegloop. Dit was vir hom of sy asem met geweld wou wegbly, toe hy vasgepak en voetjie vir voetjie vorentoe skuiwe met die stroom van mense saam. - Vanaand in die eensaamheid, kan hy stil sit en dink en rook. - Dis darem lekker as 'n mens kan rook, wanneer hy wil. - Hy was selde sonder rookgoed laaste week. - Dis vir hom baie maklik om dit te bekom. - Daar is so dikwels goeters buite Booyesen se huis, somarso op die vlakte; en as hy vir oom Kasper 'n los sikpens vra, dan gee oom dit gewoonlik. Al die voorslae van sy bokvel verkoop hy maklik. Oom Kasper hoef mos nie te weet dat dit sy voorslae is nie! Laat Oom maar dink, dat hy hulle van die dorp af saambring! Hy 't reeds vir Hester 'n sikspens se lekkergoed ook saamgebring, nogal by ou-Moosa gekoop. Die ou-vabond het hom nie herken nie. Net toe hy hom herinner aan die ring, toe wou dit Moosa skielik byval ...

'n Snaakse selfbewustheid het in sy kop kom nessel, vanaf die wonderlike dag, toe hy vir Hester-hulle ingedryf het met die wa, en toe hulle vertoef het op die heerlike uitspanplek. - Na die môreskof voor sonop sal hy weer daar wees. Ag mag die tyd verby vlieë! ...

Hester was so vrindlik, so baie eie met hom. Sy kon hom maar net order, en hy was lustig om alles vir haar te verrig. - Ag, die Hester is vir jou 'n prag van 'n mens! - Hoe spoggerig het sy vandag gelyk, soos 'n splinternuwe koningin, so uit die kas

...

Sy is goed opgepas geword, sy moes haar bleik en nie haar hande roer nie, want sy moes haar reghou, skoon en suiwer vir die aanneme. Maar hy sou wat betaal, ja, tien dosyn hoendereiers, wat hy in die ruigte optel, om die fyn handjies van Hester, vir so 'n ruk vas te hou ... Tant Saartjie het hom darem genoeg kos gegee en baie

handtertjies ... Maar Hester het so laggerig vir hom gesê, hier op dieselfde kerkplein:

'Jy is mos net al handig Ampie. Jy sal eendag sekerlik vir jou vrou ook baie help!'

Ag, dit was heerlijk daardie woorde, dis of sy hartslag wou dwing om aan die brand te slaan. Ja, hy sal wrentig vir Hester eendag baie help! Sy kan maar op die kooi bly lê van die môre tot die aand en in die nag dwarsdeur, altoos maar rus en rus. Hy sal die laaste werk vir haar verrig. Sy kan haar bleik haar lewe lang ... As hy tog net maar een aand met haar kan opsit, om haar dit goed duidlik te maak. - O, hoe verlang hy om van die gewoel af pad te gee, alleen weer sy wa na die heerlike uitspanplek toe te drywe. Altemit kan hy 'n kans kry om daar sy hart vir haar oop te maak. Hy hunker na die môreskof ...

Hier teen die wawiel op die moot hout en langs die vuurtjie, sit Ampie maar net en dink, so deurmekaar en lekker ... Wat het met hom gebeur? Hy het die osse se aanja plaas-toe en terug nie gevoel nie ... En wonderlik, van Annekie het hy niks meer gedink nie. Sy is somar 'n ordinêre meisiekind, wat g'n behoorlike opvoeding gehad het nie. - Sy sal eendag nog baie spyt kry, oor sy hom so privaat behandel het. - Sy moet by Hester kom leer, hoe om haar te gedra! ... Dis darem lekker om 'n vroumens te versorg, vernaam 'n mooie, soos Hester van oom Flip ... 'n Mens kan maar sê dit het net van hom af gehang, die ganse aanneme van Hester. Sê nou, hy het die wa laat vasval in die modder? Of as hy nou somar goedsmoeds verkeerd gery het; of steeks was om sy lyf in te steek in die laaste en geringste werkie? Wat sou van Hester-hulle geword het? Sy sou haar hande tog maar net besmeer het. Hoe pragtig het sy vanaand nie gelyk nie, daar voor die preekstoel. 'n Mens kan maar sê, die aanneme was net allenig

vir Hester van oom Flip ... Die kerk lyk binnekant so pragtig, met al die menigte van lektrie ligte. As hy nie hier gewees het nie, wat sou dan van die spul geword het? Die tent het hy ook so te sê allendig opgeslaan, en al die swaar goed van die wa afgetel, ook so te sê allendig ... Maar Hester kon toe somar in die tent instap en haar regmaak en aantrek soos sy wou ... Toe hy die lekkergoed vir haar gebring het, het sy skaars dankie gesê; maar dis minder! Sy moet nou in die gewoel bly; sy is te besig met die nagmaal en haar kop is te vol van die aanneme, en al die mense hou ook so baie van Hester van oom Flip.

Môre vroeg-vroeg na die inspan sal hulle weer allendig wees. Die môreskof sal haar weer vir hom gee en na die uitspanplekkie in die bulte bring ...

Hy het 'n daler gekry vir die dosyn hoendereiers by ou-Moosa gister. Tannie sal hulle nooit eers mis nie ... die hoendereiers was somar eenkant in die ruigte. - 'n Mens kan maar sê hy het die eiers opgetel ... Hester was vandag darem baie min naby die wa. Dit het gelyk of sy g'n rus kon vind nie. Altoos was sy wild en woelig onder die jongkêrels, wat g'n wa en osse het om na te kyk nie. - Dis seker omdat hulle almal bymekaar hoort met die aanneme ... En nou nog is sy eenkant met hulle saam ... Haar ma kuier ook nog lekker by die ander mense. - Hy sit hier stil allendig. Dis niks nie! As Hester maar eers terug is op oom Kasper se plaas, dan sal sy kans wel kom, om met haar op te sit. - Hy wens dat hy op hierdie heden kon inspan vir die môreskof ...

Dis darem 'n groot saak, die aanneme, wat 'n mens kan deurmekaar maak, om so voor die gemeente uit te stap, as die predikant jou naam aflees, 'Abraham Nortjé' en al die mag der menigte van mense vir jou kyk. So voor die vreemde uit te stap, na die predikant

hier voor jou, hoog in die wonderlik mooi uitgewerkte vat, waarin hy so oulik pas. Hy voel hom koud word, as hy daaraan dink; vernaam as die predikant so bekruipeerig en brom-brom na jou toe stap, voor al die vreemdes net met jou allengs praat. Nee kyk, dis meer as wat hy sal staan! En dit so in die volle lig van die menigte van lektre ligte. - Hy 't eintlik koud geword vir Hester se part, toe sy daar voor die preekstoel staan, net in die middel van die mooigeblomde vat. - Sy het haar kop so effens eenkant toe gebuig ... Ag, sy 't gelyk soos die koningin van almal daar! ... Sy en haar ma sal seker netnou kom! ...

Die predikant se stem het gebewe, toe hy gebid het. Hy het twee pakke klere; 'n ordinêre swart pak en 'n kispak, wat baie los en wyd om sy lyf sit soos 'n tamaai reënjas. Hy het vanaand sy ordinêre baadjie aangehad, met so'n wit lappie voor sy bors. Maar vanmôre het die predikant hom glad oorbluf, toe hy sy kisklere aangehad het. Hy 't amper g'n enkel woord van die gehele preek verstaan nië, maar hom net verwonder aan die gefladder bo die vat uit, wanneer die predikant soos 'n groot vlermuis sy arms uitswaai oor die gemeente ... 'Geliefde hoorders,' is die woorde, wat hy baie mooi onthou het, so dikwels het die leeraar daardie woorde uitgeroep ... Hy 't hom verwonder aan die hoë mure, die pilare; maar mees aan daardie los affêre, omtrent 'n tree bokant die predikant se kop, wat lyk soos 'n yslike tamaai veldhoed, waarvan die bol inmekaar gedruk is. - Dis seker vir die koelte, as die son agtermiddae deur die venster, so reguit op die predikant wil skyn. Die mense bedink darem altoos wat wonderliks. - En die gehele gedoente noem 'n mens preekstoel.

Hester het so duidlik voor onder die preekstoel gestaan en haar hare was agter vasgebind met 'n fraai pienk lint. - Sy het die grootste strik gehad van al die



meisies ... al die ander aanneemmesies hou seker baie van haar! Sy groet nou seker al haar nuwe maats.

Die predikant het vir haar ook 'n kaartjie gegee, vol blink letters. Sy sal dit seker in haar slaapkamer bo teen die muur vasspyker.

Die kerk se mure is darem hoog, en wit, vernaam by al die lektre ligte. 'n Mens kan eintlik daarin wegraak! ...

Hester en haar moeder kry vir Ampie langs 'n smeulende vuurtjie, en hy geware hulle pas, toe tant Saartjie vir hom sê:

‘Is die trekgoed reg Ampie?’

‘Ja, Tannie, net die stroppe moet ek aansit.’

‘Goed ou-seun! Voor rooidag moet jy inspan. Die son moet vir ons op die uitspanplek kom kry!’

Toe spring Ampie orent.

‘Ja, tant Saartjie,’ sê hy dowwerig en sy dromerige oë gly oor die vae figuur van Hester in die skemerte. Hy aarsel. - Toe, impulsief, steek hy sy growwe hand na Hester toe, en asof die gedagte hom opeens bemeester, sê hy duidlik: ‘Veels geluk nig Hester met jou aanneme, ek hoop die Here sal jou bewaar!’

Sy voel verras; sigbaar aangedaan. Sy kyk hom gevoelig vas in die oë, en vat sy verwaarloosde hand in haar sagte vingers, en haar stem is diep en klankvol, as sy sê: ‘Baie dankie Ampie!’ en toe op vroliker toon:

‘Jy moet jou nie verslaap nie jong, want ek wil op die uitspanplek eers wakker skrik. Dis vir my te heerlik om te slaap, as die wa so in die donker aanklop!’

Tant Saartjie bring vir hom nog handtertjies en beskuit. Toe wens hulle hom goeie nag en verdwyn in die watentjie. - Die kerktent het hy al gebêre op die wa: Dis net vir inspan! Alles is nou reg vir die môreskof ...

En Ampie het gewaak die nag soos die wakkerste verpleegster in 'n hospitaal. Sy kombes het hy om sy

lyf geslaan en op die houtmoot teen die agterwiel gebly leun. Die weer was sag, en al die sterre was sy maats, want boontoe het sy hart gedwing. Die liewe Here ken mos sy begeertes! Die vuurtjies op die plein is almal dood en alles is so stil, as in die veld, net voor die rooidag breek. - Net nou en dan 'n diep sug van 'n bees wat sy lyf in 'n ander houding beur. - Die slaap is vir Ampie wild, tog droom hy heerlik deurmekaar, so wonderlik, asof hy hom daar tussen die sterre wegdink, na 'n uitspanplek doer in die bulte, en hy hoor weer, hoe sy vir hom vra: 'Jy sal seker vir jou vrou baie help, Ampie?'

Ag, die sterre sien daarbo seker die rooidag al aankom ... As hy tog maar kon inspan vir die môreskof ... En as die wa dan wegtrek sal hy sorg dat geen onnodige geraas vir Hester wek nie. Hy sal maar net sy sweep laat waai oor die span; want Hester moet eers wakker word op die uitspanplek. - 'n Bont gemengel van gedagtes het in sy kop kom draai, dog telkens weer verbeel hy hom, dat hy langs die wa aanstap, sag swaaiend met sy sweep oor die osse om g'n onnodige geraas te maak nie; want Hester moet eers op die uitspanplek geware, dat die môreskof verby is. So teen die wiel geleun en wakker, verdroom die seun die eerste môre-ure. Tot op die stil nagmaalplein 'n roerentheid hom helder bly laat opspring.

Ampie buk onder die wa en skud 'n bondeltjie daar deurmekaar. 'Kom kaffertjie ons moet inspan! Baie soetjies my jong! Die nonnie-hulle slaap nog en hulle moet aanhou slaap!'

Hier en daar knipoog al 'n vuurtjie, op die stadig ontwakende kerkplein. - 'n Boer wil darem tog sy môrekoffie nuttig.

Fluisterend roep Ampie die osse se name, as hy hulle optrek en die juk op hulle skowwe plaas; sukkelend,

maar baie geduldig in die duister. Die môrester blink oor die horison, toe Ampie se wa die kerkplein verlaat. Oral werskaf daar in gedempte rumoer die vroeë mense, en soos geweldige skaduwees, poseer die opgejaagde osse langs hulle jukke.

En elkeen vat sy koers!

Die klopmusiek klink al die strate deur, asof die kerkwaens heel die dorp vol klop-klop. Ontydig kraai die hane van die laaste hoenderhok en blaf die laaste hond uit die dorp, uitdagend teen die vreemde stornis. Maar met kresendo neem die kloggeluide oral die dorp in besit, asof miljoene wiele daar deurheen trek, om alles wat nog sluimer op te klop. 'n Stukkie veld se lewe het die dorp verower. Maar stampend stuit die klopklank teen die koue slaapgeboue op. Dit voel vyandig hier, in die afgemuurde paaie, en wil uitbreek na die ruimte, om daar weg te hardloop, met 'n welkom groetnis na die môrester. En meteens breek die harde geklop af, toe die dorp daaragter lê.

Met breë golwe rol dit nou die velde oor en teen die breë bulte op. Die wageklop, saam met die skuifel van die osse, die knars en stamp van wiele oor die pad, is nou vol rus en wye liefde, soos 'n ou lied, so tuis daar in die ruimte, waarna die stille môre luister. - En stiller word die veld, van al die luister, na die ou lied van pionier en trekker, wat wegdein en verswerf doer in die wydtes verloor, soos die pionier en trekker self, ook in die wydtes wegsurf. - Hoe verder van die dorp af, hoe vryer klink die lied, en in die bulte roep dit met 'n ongebonde fierheid, uit die laaste duikie nuwe klanke op, terwyl die bulte stil bly luister met 'n glimlag van die dageraad.

Ampie stap lewendig, met sy sweep so soetjies waiend oor die span. Hy noem die name van die osse nie; want mensestemme is 'n skokkende geluid, onpaslik in

die vroegte, 'n Lustigheid deurtintel heel sy liggaam. Hulle trek nou van die mensdom af weg, na die veld toe, na die uitspanplek. - Daar klink vanmôre nuwe klanke in sy siel, so wonderlik saamsingend met die stampende geklop in die vrye ruimte. Dit is 'n lied van liefde, wat wil waak, beskerm en troetel, alles in die wa hier onder sy versorging. Dis weer sy wa, sy osse; dis alles syne wat neffens hom aanklop, so reguit na die môrester, helder, blink, en lieflik. - Die sien van die bulte, lig hom soos 'n veertjie oor die pad, dit smaak hom of hy sweef, gedra deur die golwe van geluid. Want al die tone jubel in sy siel en voer sy gees na die môrester, daar hoog al aan die hemel! - Ook die trekvee voel gelukkig in die môreskof. Hul skuifelpasse klapper tweemaal gouer oor die paaie, as met 'n dagtrek in die son. Hulle voel die môre frisheid in hulle bloed en senings, wat lustig werk, om vinnig vorentoe te stryk. - Die osse ken die pad, en Ampie se voorosse loop los uit voor. Die kaffertjie het lankal touopgegooi, en moet net die briek oppas.

En Ampie hou maar lustig langs die agterosse sy swewende stap, die sweep in rus op sy skouer. Gedagtes, groot van simple heiligheid, vervloei nou in sy liefdessang. Die môrester verbleek al meer en meer; die son dryf hom die hemel in, na al die engele, wat so skitter daar. - Die hemel is vol van engele, en bedags is die hemel ook vol sterre, wat verdwyn soos die engele in toeka se tyd. Toe het die engele so ewe skielik op die aarde neergeblits, nes dikwels sterre in die lug verbyskiet, wit en pragtig blink, soos Hester gister gelyk hit in die blink kerk. - Nou bly hulle mos pal in die hemel! Sê nou Hester was ook 'n engel? Wat sou hy dan aan haar gehad het? Dis goed dat sy 'n mens is, nes hyself. As hulle tog ook maar eendag in die hemel mag kom! Hulle twee saam! Daar is mos nooit g'n sonde

of bogtery nie; 'n mens bly ewig bymekaar in liefde en vrede ...

Daar waar die son sal uitkom is die hemelpoort. Hullery reguit soontoe. Sê nou dat hy kan aanhou ry, met wa en Hester-en-al daardeur! ... Vanmôre lyk hy soos 'n goue plaat, en almaar blinker na die poort toe, waar 'n mens se oë sal moet digknip, as hy daar wil deurgaen ... Daar onder is die uitspanplek. Hulle het die son gewen. En Hester slaap nog lekker vas, want die pad was mooi en as die wa so klop dan slaap sy mos tog al te heerlik. - Hy sal vir Hester roep as hy die koffie klaar gemaak het. - Dan sal hy vir haar wysmaak dat hy hom skandelik verslaap het en dat die wa nog op die kerkplein staan. - En dis nie altemit nie, of sy sal sekerlik vir hom sê 'Sies Ampie, jou ou-sleg!'

Maar dan sal hy eers lekker lag, as hy haar nooi om af te klim, en sy geware hierdie bulte en die lopies en die vuurtjie langs die wa en die koffie klaar gemaak al

...

## **Hoofstuk XV. Wolke.**

Die skuldbewys, wat in die jood se hande is! Daardie beproewing het vir Staander rondgeja met 'n kop vol broeigedagtes en hom sy werklus ontnem. - Virwat sal hy hom nog staan en moeg maak? Daar is mos nou g'n bestaan meer vir 'n arm man, hier buite op 'n plaas nie. Die enigste produk waarmee hy kans gesien het om te boer, is nou belas en die besigheidsman slaan net sy voordeel daaruit. Ons kan maar dokka! - Hy sal moet uitspring om 'n verdienste te soek!

Booyen het met teësin die laksheid van sy bywoner bespeur.

Daar het 'n dorpsgas by Staander-hulle kom kuier, en blink ogies vir Hester gegooi; maar vir oom Flip se part kon hy net so wel gebly het. Hoe kan hy vir die vreemde vryer, uit die staanspoor 'n paar pondjies vra om te leen; om daarmee die jood vereers te sus? Al het die jonkman honderdmaal 'n motorbaaik, dit lyk te aerdig om die geld vir hom te vra. - Hy 't altoos heimlik geweet, dat hy hom met dowwe neute paai, dat die moontlikheid van 'n ryk skoonseun na die aanneme van Hester, maar 'n tydelike geruststelling was waarmee hy indertyd al te gretig die skuld twee maande vorentoe gestoot het. - Nou is g'n keerkans nodig nie. Die bewys se tyd is om, en hy is ongeredder as voorheen ... Laat die bom maar bars; laat die skerwe uitspring waar-

heen hulle wil, en seermaak ook, wie hulle mag tret! Doller as die kop af kan dit nie!

So het vlae van onverskilligheid die broeigedagtes opsy gestoot, maar altoos in sy allenigheid - en daarom kan die werk hom nie meer aflei nie. - Sy ganse wese staan vyandig, en in homself gekeer, teenoor die wisse feite van dagvaarding en bankrotskap. Sy wil is as vasgeketting om te handel. Hy weet, dat hy maar net vir Booyen kan gaan vra en hy sal gehelp raak, maar tewens dat hy dit nooit sal doen nie. - Gevaar is vir hom niks nie. Hy was gedurende die boereoorlog 'n dapper man. - Sy eie mense het Flip Staander nie vertel, van die wolke, wat bo sy huisgesin saampak nie. Van die vader het hulle min notiesie geneem, en nooit gemerk nie hoe heftig partykeer die wysbroue op en neer gallop bo donker oë, waarin 'n dowwe gloed smeul. - En wonderlik toe die dagvaarding kom, was dit of daar skielik 'n geeskrag in sy ruggegraat spring. Aan die vloed van vinnige verwyte van sy vrou, het hy hom g'n oomblik gesteur nie, g'n verklaring selfs vir haar gegee nie. - Met die heillose dokument in sy hand, het hy flink-stappend na Booyen toe gekom, en hom verras deur sy spontane en duidlike versoek: 'Neef Kasper, ek is in die moeilikheid! Kan jy my help asseblief?'

Dit was so maklik dat hy self skaars wou glo aan die tydlike oplossing, toe Booyen hom, met 'n verwyte oor sy agteloosheid, uit die moeilikheid gered het. - Baie dankbaar en welmenend het hy beloof om met die volgende oes, met neef Kasper reg te maak.

Vir Ampie het 'n onrustige tyd aangebreek, die maande na die nagmaal; - onsekerheid omtrent die houding van Hester teenoor hom. Hy kon g'n duimbreed vorder nie en nooit het hy 'n kans gekry om met haar op te sit nie. - Meesal was sy gedurende die week-

dae baie vriendlik en voorkomend en dan was hy te dankbaar, om vir haar met al die werkies weer te help, te bly om weer 'n glimlag, of 'n knipogte van Hester te verdien. Telkens deur 'n stille hoop, kon hy heerlik wegdroom in die denke oor 'n lewe saam met daardie meisiekind. Veral in die oomblik waarin hy vir ou-Jakob 'n besoekie bring of op die donkie na die beeste in die veld moes soek. Hy kon dan weer vertroulik praat soos vroeër oor die nooi van sy hart, oor die wonderlike Hester, wat vir ou-Jakob altoos vreemd gebly het.

Net Saterdag het so'n wrokgevoeletjie van sy hart besit geneem. 'n Wrokkie, wat in sy binnenste al meer en meer 'n bitterheid geskep het, oor die onegale toestand, tussen hom en Hester. Sy kon so ewe onverskillig op Saterdag by hom verby stap, of sy moedswillig hom nie wou raaksien nie; en deur die onmag, wat hy dan teenoor die nooi voel, verkrop die bitterheid gedurig maar in sy gemoed.

Die eerste Saterdag agtermiddag na die môreskof, het 'n jongkêrel na Hester toe gevlieë op 'n moterysterperd. En daarvandaan kon 'n mens elke naweek teen sonder, die haatlike gedoefdoef hoor kom en Maandagmôres baie vroeg weer hoor verdwyn. Hy 't al 'n boekvol slegte wense oor die vinnige stuk gereedskap uitgemompel, en by ou-Jakob van die raserige masien geskinder. - As hy en ou-Jakob dan in die naweke by mekaar kom, voel Ampie, dat die bitterheid sy boesem uitsit en hy so'n bevlieging kry, om Hester te trotseer, en om na Vlakplaas toe te ry, soos vroeër weer na Annekie! ...

Maar nooit het hy sover gekom nie, want hy 't begin te voel, dat hy vir Annekie 'n vreeslik goddelose boodskap indertyd met Bart saamgestuur het. - Hy het maar troos gesoek in die geselskap van sy maat, al pratend oor die snaakse doening van die dogter van oom Flip,



die wonderlike nooi Hester, wat vir ou-Jakob altoos vreemd gebly het ...

Toe Kersfees en Nuwejaar naderkom, het hy met Hester saam, baie oor die plesier van die feesdae gesels. Op Nuwejaar sou hulle tiekiedraai, dat die aarde bewe. Ook Grieta Booysen was vol planne vir die boerefeesdag. Hulle sou al Oujaarsaand begin en aanhou tot laat in die nag van die eerste Nuwejaarsdag.

Hester sou die dag geware, wie Ampie is, het hy hom voorgeneem. Hy sou probeer om daardie dorpgas vir altyd uit te sit! ...

Sy nuwe klere, wat Tannie vir hom present gegee het, het hy aangepluk en sy kuif, wat nie meer soos 'n bokramhoring lyk nie, mooi ordenflik reggestoot en sy rooi skoene gewaks....

En heel die Oujaarsnag het hy saamgedoen - hoewel eers ingetoge later lewendiger, met die plesier en spel van al die jong mense uit die buurt, wat op oom Kasper se werf bymekaar gekom het. - Eenmaal moes hy selfs met Hester tiekiedraai. Hy wou eers nie. Sy lyf het koud geword en aan die brand geslaan om beurte. Sy voete het onnosel gevoel, om daardie malgetrappel in die rondte, skaflik reg te kry. Maar nee wat! Ampie moes maar deurdruk. Sy het hom eintlik vasgegryp en hy het so te sê stokdoof en blind geword, gevoelloos en gedagteloos daar rondgeswaai, geanker aan die fris meisiekind; en daardeur het sy lag van opgewondenheid saamgeklink met die geskater van Hester en al die jongmense, om sy dom getrappel al om haar. - O die wilde rondgewarrel was vir hom te heerlik. Hy het vir die eerste keer in sy lewe een met Hester gevoel en na die trek van haar hande geluister, blind van begeerte na die nooi self.

Daarna het Hester vir Grieta Booysen ook oorgehaal

om te tiekiedraai met Ampie. En dit was so komieklik, dat hy met almal uitgeskater het van pret; want Grieta is 'n klein ou-dogtertjie, hoewel verduiweld rats op haar voete! Hy kon nie by bly nie; - dis die! ...

Maar Nuwejaarsdag was vir hom 'n openbaring. Toe het sy ma met 'n tou kinders agter haar, vroeg die môre kom kuier en met 'n kweperlat die kombuis ingestorm. In die roes van feesmaak het hy toe met haar gekorswel, en sy 't hom met die kweperlat uitgedryf, oor die werf, waar hulle twee te keer gegaan het soos kindertjies, wat stoei. Maar sy verwagting van die dag het spoedig daarna verydel geword. Virwat moes sy ma, juis daardie Nuwejaarsdag heeldag oor die werf bly hang het, soos 'n vermalde mens, en sy onnosel suster ook, met hulle verspotte praatjies?

Al die jongmense het hom daarvandaan gemy, en Hester het geen notiesie van hom meer geneem nie. Hy het die feesvreugde as 'n buitestaner aanskou, en in sy hart het die bitterheid baie groot geword. Vir die eerste keer in sy lewe, kon sy oë toe opmerk, die verwaarlosing en verslegting van sy familie, en hy 't met afkeer aan die murasies gedink, waarin hulle opmekaar bondel soos beeste in 'n kraal, en slaapplek vat, as hulle vaak kry ... Al wat Nortjé is, het hy toe verwens met ruwe vloeke, ook homself. - Sy swaarkry in die lewe, sy agteruitstaan by alles waar 'n ander jonkman met hom sameding; die besef dat die mensdom vir hom gebruik, net wanneer hy iets vir hulle kan verrig; maar verder hom eenkant laat staan; alles het hy toe gevoel, is net te wyte aan die slegtigheid van die Nortjés daar in die afstootlike murasies.

Dit was 'n keerpunt in die lewe van sy gevoel.

Dieselfde Nuwejaar agtermiddag, toe die jongspan nog vol uitgelatenheid was en die ouer mense in die skaduwees gesit en korswel het, was sy toevlug na sy

altoos enerse ou-maat. En vir ou-Jakob het hy toe vertel, wat in sy binnenste omgaan. - 'Kom ons sit in die koelte jong; ek wil met jou gesels! Ons pas nie meer hier op die plaas van Booyesen nie ou-Jakob. Jy moes gesien het, hoe die spul vir ons behandel het. Hul kyk doer oor ons kop verby; 'n mens sou sweer dat hulle nooit sal honger kry, nog eet of drink nie. Vandag moet ons eenkant toe staan, soos vuilgoed, waar g'n mens notiesie van neem nie; maar môre in die werk is ons weer goed genoeg! - Ons kan dit mos nie help, dat die Nortjés-hulle so aan die slegtigheid oorgegee het nie? Laat Hester-hulle vir twee maande in murasies bly, en oom Flip sonder werk bly; dan sal haar spoggerige klere ook maar soos toings wees. - Hulle hou hulle verniet so hoogmoedig vandag!' ...

Toe het 'n gevoel van trots in sy boesem opgerys, en hy 't opgestaan, tot vlak-voor ou-Jakob en toe met klem geredeneer:

'Wie is die Staanders dan so danig? Hulle eet ook maar meeste stywe mieliepap, en virwat kan Hester haar so danig aanstel teen my? Oom Flip loop dag vir dag met 'n gelapte broek en 'n gelapte hemp, en hy het nou die dag lelik uit die weer uit gevloek! ...

Dis goed my ou maat, dat jy vir Hester nie geken het nie. Sy sou nooit vir jou liefgekry het nie, soos Annemie!' ...

En dromerig vervolg hy, terwyl hy onwillekeurig sy arm om ou-Jakob se nek slaan:

'Laas Nuwejaar was ons twee saam op Vlakplaas. Toe het ons pand gespeel, buite op die kweek. En Annemie moes driemaal om die huis ry op jou rug ou-Jakob, om haar pand in te dien. En Bart, die vloek, het toe vir jou geslaan, dat jy moes agteropskop. Dis jammer dat jy hom nie raak geskop het nie. Jy 't toe vir Annemie net lelik laat vasklou en skree van benoud-

heid. - Maar het ons nie lekker gelag, toe sy geval het nie? Ons het die dag net propper sport gehad!

Die jongkêrel, wat blinkogies na Hester gegooi het, was op die Nuwejaarsdag so vrypostig om ouers te vra. Die nuus dat Hester sou gaan trou, was spoedig op die vlakte. - Ampie het toe geweet, dat sy vir hom verlore is, en in 'n stemming van botte onverskilligheid het hy maar verder deur gelewe, ontevrede met alles wat hy moes verrig. - Oom Kasper het ook vir hom 'n slegte manier begin kry. Dis verniet om vir oom Kasper 'n orige los sikspens te vra. Hy moet nou altoos sy rookgoed vir oom Kasper wegsteek; want nes hy vir hom sien met 'n ou simpel sigretjie, dan kyk oom Kasper hom so wonderlik vas aan, of hy publiek wil vra: 'Waar hê-jy daardie sigret gekry?' - En al die gereedskap, wat hulle wegsmyt, vra oom Kasper positief vir hom, asof hy dit kan help, dat hulle so agtelosig is, om hulle goed op die vlakte weg te smyt; en Ampie voel net ergerlik daaroor. Hy verdra die heeldag se oppas glad nie!

...

\* \* \*

Oom Flip Staander-hulle het ook na die dorp getrek, na Hester toe wat met die dorpgas van Blikkiesdorp getroud is. - Staander kon vir Booyesen nie betaal het nie. Die hael het sy koringoes baie verniel. - Booyesen wou hom nog 'n kans gegee het, maar Staander het g'n uitkoms vir hom in die boerdery gesien nie. Nou maak hy stene met sy skoonseun saam. - Ampie mis oom Flip-hulle darem baie; want hy kan nou na g'n plek toe meer kuier nie.

Die dae is vir hom soos dooie gate, waarin hy moet aanhou grou, sonder end. Hy voel soos 'n dagloner, wat hunker na die rustyd. - En as hy hom alleen kry by

ou-Jakob, dan stoot 'n heimwee in sy boesem op, en groot verlangste na die ou lewe, vul sy hart.

'Dit was 'n ander tyd toe ons vir Annekie gekuier het, nê my oumaat? - Altemit sal ons weer eendag soontoe gaan, wie weet! Ons het vir daardie meisiekind àl te sleg gesê. - Sy is seker nog vir ons vreeslik kwaad ... Die plaas hier word nou vir ons onhoubaar. As ons die kans kry, trap ons, want oom Kasper begin ook al slegte maniere te kry, om 'n mens heeldag dop te hou!

O, Ampie verlang na die wilde, ongetoomde lewe van vroeër, toe geen mens sy dade nagespeur het nie. Hy voel 'n leegte, as hy so by ou-Jakob staan. Hy mis die skakeltjie, wat hulle twee se lewes vroeër saamgevoeg het. Telkens as hy nou sy maat besoek dan voel hy àl te wel, hoe die verlangste na Annekie in sy boesem groei. - Maar hy kan nie besluit om haar weer op te soek nie. Die berou oor wat hy haar aangedoen het, druk soos 'n briekblok op sy aandrang om te gaan.

Geen wonder dat Ampie vir ou-Jakob begin te troetel. Dis selde dat 'n dag verbygaan, waarop hy nie, al was dit maar 'n kort besoekie vir sy maat gebring het nie. Die nuwe vlam op Booyesen se plaas, wat sy hart aan die brand geslaan het, is uitgedoof; maar uit die as het opgegloei, 'n skoon, geduldige verlangste, vol weemoed, na sy verstote eerste liefde. En wanneer hy dan by die ou donkie dwalend mompel, en sy droomgedagtes uitfluister teen die grou kop, dan voel hy 'n vergoeding, vir die starre arbeid van die dag. - Maar eindelijk het die tam geduld gebreek, toe op 'n môre nog voor dagbreek, 'n ruslose drang hom ontydig na ou-Jakob toe gedryf het.

Die lug was heelnag swaar en swoel, asof 'n dubbele dampkring benouend op die aarde afgesak het. In sy kamertjie het Ampie gelê en omdraai, omdraai, om van

'n kwellende onrus weg te kom, wat in sy kop die bontste rampe voorgestel het. - Nou sien hy hom met ou-Jakob van 'n hoë krans afspring; dan het die weer oom Kasper se huis aan die brand geslaan, en wil hy vir Grieta Booysen red - maar kan g'n voet verroer nie; dan sien hy in 'n vol rivier 'n kar omslaan, met Annekie daarin, en sy versuip so voor sy oë.

Met 'n driftige spring is hy toe van sy kateltjie af, ruk die deur oop, en staan buite in die stilste maanlig, wat oral geheimsinnige duister kolle op die aarde vlek. - Die digspring van die deurslot klink soos 'n ruwe stoornis ver in die omtrek. Die lome stilte hou vir Ampie net so onrustig buite as in sy kamertjie. Daar is 'n groot mistieke mag in die natuur. Dit smaak vir hom, of uit ieder donker plek, so peilloos diep, iets vir hom loer. En as hy effens aanstap, lyk dit of 'n gedaante hom opvolg, so dubbeltrap sy voete en gly sy eie skaduwee al neffens hom, korrek in al sy lyne suiwer afgebeel. Die bome, vrugteboord, die kraal, die gewels van oom Kasper se huis, doer ver die huisie waar Staander in gebly het, alles lyk wonderlik helder, indrukwekkend afgeteken in die matte maanlig en onbeweeglik gehou deur 'n waas van geheimsinnigheid in die geweldige stilte.

Die skaduwee van 'n groot wolk skuif oor die aarde, ook donker, maar lank nie so swart as al die vaste skaduwees, wat die omgewing vlek nie. - So bekruiperig skuif die enorme skaduwee na Ampie toe, dat hy vervul word van 'n bang eerbied as vir 'n voorbode. - Iets moet gebeur het, dis nie altemit nie! Die lug is vol los wolke groot en stadig drywend na die maan se kant toe. Die groot los wolke moet vir hom 'n boodskap bring. Wanneer die lug geheel oorgetrek en vlieserig is, dan weet hy moet 'n kaffer sterwe. En as die digte banke aankom, is dit 'n witman, wat sal

doodgaan. Vannag is dit 'n vroumens! Ja, altoos as die lug so vol van daardie groot los wolke is, vernaam in die nag, dan sterf 'n wit vrou. - Hy weet dit! En dis nou seker dat sy ouma dood is. Sy was reeds siek verlede jaar. - Sy kon so vreeslik skerp vir iemand aangekyk het. Haar oë was almelewe kwaai en vinnig; maar nooit het sy somar verniet geslaan nie. Haar oë se aankyk was genoeg! Hy sal verplig wees om op Vlakplaas die berig te bring! Hulle sal dit dalk daar nog nie weet nie. Annekie sal baie spyt voel om dit te hoor. Sy was reeds oorlé ouma se peetkind. Hulle moet dit weet en gou-gou ook! Toe is die drang gebore, wat sy somber gemoedsstemming vir 'n ruk verdring het, vir een gedagte. Na Vlakplaas toe! - In die stil maanlig nanag kruis Ampie die veld na sy ou-maat toe! - Hy hou hom opgeruim, hoewel 'n bang voorgevoel diep in sy binnenste gebly het. - Ampie kry ou-Jakob onder 'n doringboom, rustend in die sware lug, wat mens en dier in lome, lêerige stemming hou. Toe die donkie hom bemerk, spring hy orent en bries 'n paar keer, voordat Ampie by hom is ... Toe draai die esel sy massiewe kop, vol ondeurdringbaar gevoel, na Ampie toe, verwonderd oor hy so ontydig kom kuier. Geselsend op 'n fluisterton, asof hy bang is om die stilte seer te maak, kom Ampie nader.

'Jy moet jou vere regskud my ou-maat! Die besluit het geval! Jy staan verniet so doontkêr onder die doringboom in die donker! Kom uit hier in die maanlig! Die donker plekke is vannag vol spokery, ek voel maar lugtig!' Hy trek ou-Jakob aan sy kort kuif na die lig en sê: 'Ons moet na Vlakplaas toe! Daar het vannag wonderlike dinge gebeur ou-Jakob! Die ouma van Annekie en van my, het gesterwe! En daar gaan nog vreesliker dinge gebeur! Ek voel dit!'

En toe hy soos gewoonlik met sy arm om sy maat

se nek, langs die troue stomme donkie staan, gesels hy vreemdvertroulik verder:

‘Ek voel vanmôre baie snaaks ou-Jakob! Die nooi van laas jaar, wat doer op Vlakplaas bly, sy ja my rond! En aangesien my ouma hierdie nag gesterwe het, sal ons twee môre sekerlik moet wegspring soontoe. Ons moet positief die tyding wegbring vir oom Tys-hulle. Ja my ou-maat, my ouma het gesterwel Sy was oud en gedaan, en laas jaar al so kranklik dat ons almal elke dag haar doodsberig verwag het. Nou moet die wolke my die boodskap bring! En ons moet Vlakplaas toe! - Dan sal ons somar versigtig hoek in die water gooi en uitvind, hoe Annekie haar pols klop! Of hoe sê jy?’

Hy plak sy growwe hande weerskante van ou-Jakob se kop, en kyk vol liefde in die groot peillose oë van sy maat. - En deur die doening stryk 'n stemmigheid, so suiwer as 'n rimpellose waterbron, sy denke deur, kalm sussend sy gemoed, so onverstaanbaar as 'n tortelduif, wat op die kranse vir sy maat koerdoek.

‘Ou-maat, ons twee het altoos saam gery na Vlakplaas toe! - Hier by oom Kasper het die wonderlike nooi net my liefde deurmekaar gekrap! Sy het van my gemaak 'n maltrap, wat nooit vastigheid kan kry nie! Maar dis verby! Sy het vir ons gewys, wie dat sy is ou-Jakob! 'n Mens kan maar sê dat sy die moterysterperd getrou het; want sy kon daardie windlawaaï se gedoedoef, so Saterdag op Saterdag, nie staan nie! - Ons twee gaan sonder manewales oor die bulte; ons twee ry skaflik, sonder malgeraas ... Ek sweer vir jou ou-Jakob, dat Annekie die liewe Here sal dank, as ons twee doer oor die bult, na Vlakplaas afsak. Hou jou maar reg ou-maat, en as die liewe Here ons net spaar, dan ry ons môre middag hiervandaan. Dis morê Saterdag en ons sal vir oom Kasper vra om ons tot Maandagmôre skiet te gee ...’



Die drukkende atmosfeer van die nag het deur die somerdaghitte, intenser oor die aarde gehang. Nie so benouend as in die roerlose nanagstilte nie, maar deur die hitte lomer. G'n toggie het die lower lewendig gemaak nie. Die skaduwees was plekke vol bedompigheid en die klippe het gebewe in die fel sonnegloed, so hittig as 'n bakoond, wat die vrou te lank met suikerbos gevoer het. - Die vee lê, onverskillig waar hulle lê, te futloos om die koelste plekke op te soek. Die hond se blaf is halfpad hoes en die mens het skaars energie om vir mekaar te sê: 'Môre neef!' of 'Hoe staan die lewe?' En so lui as 'n trapsoetjies op 'n takkie, het Ampie rondgeluier. Die heeldag deur het die swaarmoedigheid gehelp om hom lusteloos te hou. Die bang voorgevoel in sy boesem het sterk geword, maar sy lyf kragloos, met skaars die veerkrag om te stap. - Oom Kasper voel ook maar vadsig om vir Ampie en die, kaffers aan te spoor. - Gelukkig dat die boerdery in Februarimaand g'n dringende werk het nie.

Die lug het onmerkbaar amper die aarde oordek met 'n vlies, wat die sonnegloed deur 'n matte bedompigheid laat steek. Teen die middag het die vaste banke nader gekrui soos die magtige armee van 'n ylverspreide verkennerkorps.

Die lug lewer nou al die soort van wolke en Ampie vol van bygeloof en voorgevoel, beredeneer die lug met alle erns. - Los wolke oral in die vlieserige lug, die banke aan die westerkant soos swart plate. Dit sal nie maklik gaan vannag nie! Laas nag is my ouma reeds dood, en wie sal vanaand, of hierdie nag sterwe? Die wolke sê vir my dat witmens, kaffer, vrou en mansmens dit sal geware. Die weer kom uit soos kaffer impi's van alkante hiernatoe! ...

In die skemerte, haastiger as ander aande, kondenseer die deinsigheid, en die blitse bewe onophoudelik

amper bo die horison. - Gewone sake word stilweg afgehandel, en met 'n skugter eerbied onderhou die stemme 'n stroewe huislikheid. - Die nag het toegesak, die aandete en godsdiens is verby; maar Ampie hengel buite op die werf, asof hy bang geword het vir die mure van sy kamertjie. - Dit kwel hom nou, die bang voorgevoel, wat hom heeldag gepla het. Vrees bekruipt sy hart. Sou dit wees, omdat sy ouma dood is? Hy wonder of sy ouma in die hemel is? Sê nou, sy is daarbo; dan dwarsdeur die wolke sien sy nou vir Ampie hier op die werf, al is dit baie donker. Haar oë was reeds so vinnig en deurdringend, so kwaai - verwoedend kan 'n mens maar sê! ... Hy gril by die gedagte en voel gejaag. - Bang kyk hy na die ver blitse, wat so hou-vir-hou op die aarde neerslaan, en die dreunende donder, wat hy daar gunter hoor rommel ... Hy sal maar lieverste weer na binne gaan, en vir Booyesen sê, dat die beeste en alles goed versorg is. Altemit sal hulle vir hom 'n slaapplek in die huis gee. Vir sy kamertjie voel hy vanaand maar wild. Hy 't laas nag àl te benoud daar rondgedraai, en moenie praat, oor wat van hierdie nag gaan word nie! Kyk hoe verwoedend slaan die blitse; so sonder moeite of bedenking, tref hulle alles op die aarde, wat in hulle pad is, en dan raas die donder boonop nog daaroor! ... Dis om vir die mensdom te wys, hoe maklik God 'n sondaar by kan kom! 'n Mens weet nooit wanneer jou end daar is nie! ... Die lieve Here moet hom tog bewaar! ... Stil sluip hy die kombuis deur.

‘Hoe kom jy dan so soetjies binne Ampie?’

Sy oë draai onrustig deur die kamer en hy mompel skaars verstaanbaar:

‘Dis somar Tannie; my ouma is dood!’

Almal kyk skielik op en Mevr. Booyesen vra verwonderd: ‘Wie het vir jou die tyding dan gebring?’

‘Dis wonderlik om dit vir Tannie te vertel,’ sê Ampie baie ernstig, ‘die mense sal dit nie glo nie; maar die wolke het vir my die boodskap gebring! En as dit nog maar al is Tannie! Laas nag was die wolke groot en yl, Nou kom hul soos gebergtes bo die aarde. Vannag sal baie mense les op sê en die emmer skop!’

Booyesen het sy koerant opsy gesit, en die kinders eerbiedig, verwonderd na hulle ma gekyk, wat so ernstig ongewoon vir Ampie luister. Haar antwoord is vol gloed, spontaan:

‘My liewe Ampie, wat print jy jou daardie dinge in? Dis kafferbygelowe, waar g'n mens hom aan moet steur nie. Niks in God se werk gebeur onverwag of deur 'n toeval nie! Die somer volg die lente, net so seker as winter op die najaar volg. - En as die lug vol wolke is, dan het die Here daardie wolke geformeer om in die lente, of die somer, of die najaar, vir ons lande reën te bring. Die lewe van ons almal het die Here in sy hand Ampie! En wolke, storm of sonsverduistering, of sterrereën, of enige natuurverskynsel, het niks met ons menslike lewe hier op aarde te doen nie. - Ou-seun glo jy, dat die liewe Here die sondaar lief het, dat hy sy skepsele wil bewaar! En as hy hulle wil straf, deur hael, verspoelinge, droogte en sy blitse, dan betaam dit ons nie, om sy planne te bepaal in die perke van ons bygelofies nie!’

‘Ja Tannie!’ is die dowwe antwoord van die skugter seun, wat inkruip langs die kinders, teen mekaar op die groot rusbank.

‘Ons kan 'n groot storm te wagte wees,’ sê Booyesen somber. Na 'n pouse van ongemaklike stilte sê Ampie onseker:

‘Omie, as die liewe Here ons spaar, sal Omie my dan asseblief môremiddag los? - Ek wil met ou-Jakob na Vlakplaas toe, om die tyding van my oorlé ouma se

dood daar te bring. - Booyesen het effens vir sy vrou geglimlag wyl hy fluister:

‘Jou redenasie was verniet ou-vrou. Die lewe self en ondervinding sal hom soetjies aan bekeer, as hy net lank genog by ons kan bly. - En jy wil môre met ou-Jakob Vlakplaas toe om vir die nooi te kuier?’ Ampie lag verleë en antwoord, wyl sy bolyf inmekaar krul van skaamte: ‘Nee oom Kasper!’

‘Nou ja jong, jy kan môre ry en sê maar groetnis vir die nooi. - Vergeet maar daardie bog omtrent jou ouma. As sy nie lankal dood is nie, dan lewe sy nog positief vanaand! ...

Die weerlig flikker telkens feller en die donder rommel naderby met harde dreunings. Vaster teen mekaar sit die kinders met Ampie op die bank, roerloos met oë groot van eerbied of angs. Booyesen het g'n aandag in die nuusblad voor hom nie. - Onwillekeurig het die dreigende elemente almal vasgevang met hul geweldige kontraste van lig en duister, rumoer en stilte, elkeen op homselwe magtig en intens

...

‘Is die uitsitplekke goed toe Ampie?’

‘Ja, Omie, ek het al die uitsitplekke deurgeloop vanmiddag, soos Omie my gesê het.’

‘Die voor en die spruit sal afkom, dis nie altemit nie,’ sê Booyesen meer teen homself.

Na weer 'n ruk van benoude stilte vra Ampie:

‘Ek wou vir Tannie iets gevra het asseblief! Ek wou vra of ek vannag maar in die kombuis kan slaap.’ - Oorredend vervolg hy: ‘Dan is ek byderhand Tannie; want 'n mens kan nooit weet wat of die weer se plan is nie.’

‘Toe maar Ampie. Die weer lyk werklik kwaai!’ Maar selfs, toe hy dig by Booyesen hulle, in die skynsel van die agterhuis se lamplig, daar op die kombuis se vloer lê, opgetrek bo sy dubbelgevoude kombes, kon hy die

bange onrus in sy hart nie wen nie. - As hy sy oë toeknyf sien hy die glinster van die weerlig, wat die duister wegblits en hy hoor die donderende dreunings, of die lugte bo die huis oopgebars het. - Hy voel dat hy 'n sondaar is, waarop die godheid toorn en hy kan nêrens 'n wegstroep vind nie. - As hy tog maar kon bid, of sing, enige iets kon doen om die liewe Here te laat verstaan, dat hy soebat om ontferming en behoud vir sy lewe. As hy sing, dan sal die liewe Here hom hoor.

In die stilte buite kom lewe. 'n Steek wind vang die huis met benoud klaende rukke en huil verder, baie treurig weg. - Soetjies nou, en dan weer kragtiger almaar droewig loeiend om die woning, soos 'n onwillige bode, wat 'n treurmare moet bring en weeklaend wegspoed. Die naargeestige wending ruk Ampie sittend teen die muur op sy kombers. Die bang geluide gaan soos die swaar drukkende gehoe van baie uile wat 'n doodsberig bevestig. - Almaardeur huil die geloei vol naarheid om die huis. - As hy tog maar kon bid! Maar sy gedagtes kan g'n woorde vorm vir wat sy hart die liewe Here wil afsmeek nie ... Die blitse en die dreunings was die slag al baie nader. - In die lamp se skynsel skuif hy digter na die mense in die agterhuis, sodat hy almal goed kan sien. - Daarbinne word g'n woord gewissel nie. Eerbiedig wag hul stil die onweer af.

Ampie voel dat God vanaand regtig op die mensdom toornig is. - Ag as die liewe Here hom tog maar sal spaar. Hy sal die bybel elke aand lees en nooit weer vloek nie en nooit g'n arme os mishandel nie en vir sy pa en ma ook weer gaan kuier: want hy het in die tien gebooie geleer dat hy sy vader en sy moeder moet eer ... As hy maar net kon sing. In sy benoudheid dring sy hees vraag na Booyen toe:

'Sal Omie - hulle my toelaat om die aandsang te sing?' en daadlik volg 'n angstige versoek, wat klink

soos bidde: 'Sal Omie, nie vir my spot nie? Die weer is so vreeslik Tannie, en as Tannie-hulle lag, dan kan ek glad g'n geluidjie uitbring nie. - Dalk sal die liewe Here hom oor ons ontferm!'

Getref deur sy openhartigheid en erns, voel hulle vreemd aangedaan: 'Sing maar gerus ou seun, sing na die drang van jou gemoed!'

Booyesen het sy koerant weer gegryp en gemaak of hy lees terwille van die seun. Die onverstaanbare woorde, in rou klanke uitgestoot, klink soos 'n anskreet teen die donderslae op. - 'n Heilige erns en godsvertroue vervul die agterhuis, tesame met die skor, harde geluid, deur Ampie se benoudheid voortgebring. Want Ampie ken g'n wys nie, hy sukkel aan die liederwys, wat hy by oom Tys vroeër saamprobeer het, hy ken die woorde en voel verligting onder die rou ontboeseming. - Dit tref die kristenharte van Booyesen en sy vrou. - Dit gaan so same met die wind se klaende droewige geloei. - Dit is die sielsversugting van 'n gemoed vol angs en bewing. Maar toe die openbaring van 'n mensesiel, die gevoel van hulle eie sielelewe tot 'n kliemaks opgedryf het, toe gryp die sieldrang van man en vrou, so spontaan, die aanvangsreël oor:

'Ik weet aan wien ik my betroue.'

dat Ampie stilbly, en luister na die volheid van geluid, groeiend deur oortuiging en geloof. - Ampie luister, opgevoer deur die heiligheid van die moment, sterk deur die mag van intuïesie, wat hom onbewus die voorhuis binnelei, tot weer op die bank, langs die singende kinders.

Toe breek die onweer los met 'n skielike geweld, waarin die hardste dreunings verlore raak. Die stormwind het onkeerbaar op die plaas losgetrek, die reën val soos bokhael op die aarde en in die magtige gedruis vervloei die donder se geraas. Roerloos sit die huis-

genote met Ampie in die agterhuis vol ontsag en eerbied, vrees ook vir die mag waarmee die Almag hom laat ken, vir die Almag, wat die stikduister wêreld, vir een oomblik oogverblindend belig en tegelyk met een geweldige donderslag laat sidder. Die duister is intenser en dit skyn asof die stormgeraas en reëngekletter effens verswak het vir die donderslag. - 'n Skrik ruk al die lede van die huisgesin uit verband uit. Booyesen staan op en die kleintjies skuif van die bank af, na hulle moeder toe, wat hulle teen haar lyf vasdruk. Grieta Booyesen praat met senuskokkies in haar stem: 'O ma, die slag was seker langs ons huis!'

Ampie sit soos een, verdoof deur sterk drank. Sy oë wyd van angs, volg net vir Booyesen wat na die kombuis toe stap. 'Die weer is soos 'n oordeelsdag kinders! - Die slag het neergeslaan en baie naby ook!' sê Booyesen. 'Ons moet maar wakker bly, tot die weer verby is.'

'Sou die slag nie van ons beeste doodgemaak het nie?' vra Grieta Booyesen luid vir die tweede keer.

'Bes moontlik Grieta en as dit God behaag het moet ons tevrede wees!'

Die woorde word skrewerig geuiter en herhaal om verstaan te word. - Na enkele minute is die huisgesin met Ampie weer, stil eerbiedig om die tafel. Toe die weer verby getrek het, staan Booyesen met Ampie op die stoep. Die kraal se beeste is nog almal. Booyesen voel gerus. Die vraag van Grieta het hom gekwel.

'Dit was 'n waterspoeling Ampie. Hoor die spruit,' sê Booyesen. 'As die waters so afkom, kan g'n mag ter wêreld hulle keer nie!'

'Water is nes 'n sprinkhaan, Omie. G'n vuur keer hom nie, waar hy wil loop, daar loop hy,' sê Ampie sonder enige emosie, baie ernstig. - Die volle maan giet sy lig oor die aarde, en die stil benoudheid van die atmosfeer is weg gewaai, maar in Ampie se boesem het die

voorgevoel gebly, wat hom gekwel het met 'n bang onsekerheid. Die lug is reeds vol groot los wolke, wat stadig drywe na die maan se kant toe ...

'Dit was 'n kwaai slag Ampie! Ek wonder waar hy neergekom het!'

'Die slag het doodgemaak Omie!' ...

En die gedagte het nou sekerheid vir hom geword. - Die huisgenote slaap al lankal, maar Ampie vind op sy kombes, in Booysen se kombuis g'n rus nie. - Hy wonder of die weer nie altemit vir Annekie getref het nie ... Iets het die slag geraak, en iets van hom! ... Hy voel hier binne in sy hartslag, dat hy iets verloor het. Die heeldag deur het hy gevoel dat iets verskrikliks gaan gebeur. Nou weet hy dit. - Of sou die weer ou-Jakob dalk getref het? ... 'Ag Here nee, dan lieverste vir Annekie! ... Ag, liewe Here nee, spaar ons tog aldie same asseblief!' sug sy wanhopige sielsuiging en hy verkeer in 'n spanning onhoubaar. Dis Annekie of ou-Jakob! Hy kan hom nie daarvan los dink nie, en vasbesluit begeef hy hom na buite. Toe sluip hy in die maanlig oor die werf, na die kamp, waarin ou-Jakob altoos wei, na die doringboom, waaronder hy ou-Jakob vanmôre nog gekry het, al rusloser, al banger vir die sekerheid, wat hom daar wag. - En toe hy by die lewenlose donkieliggaam staan, bars die benoude roep sy longe uit: 'Ou-Jakob, my ou-maat!' en hy werp hom op die grond langs die dooie esel ...

Die maan se lig verdof en al die jong wolke, wat so vinnig bo deur die lug sweef, kleur die môre met 'n rand van karmosyn, en endloos blou is die suiwer hemel bo die wolke. Die aarde juig omdat daar nuwe lewe is, en die veld so groen. Die dag dans deur die lug met tintelende strale, as die son bo die kom verrys. - Die beeste woel om uit te breek, uit die papmorsige kraal, en oom Kasper soek vir Ampie. Hy kry die maats roer-



loos lê naby die doringboom en weemoed maak hom stom. - Die wondervolle liefde tref hom in sy siel, en dis of hy iets heiligs aanraak, toe hy die seun wil wakker skud. Sy stem klink hees van aandoening:

‘Ampie! ... Ampie! ...’

Die liggaam beur hom stadig orent, en verwilderd, asof uit 'n benoude slaap ontwaak, kyk twee oë hom vreemd aan.

‘Ampie ou-seun, kom jong, staan op!’

‘Ja, oom Kasper!’ antwoord Ampie dof.

Booyesen help hom op.

‘Die weer het vir ou-Jakob doodgeslaan nê?’

‘Oom Kasper, is ou-Jakob dan dood?’ vra hy soos een, wat in 'n droom gehinder word ...

## **Hoofstuk XVI. Vergoeding.**

Ampie het in die eerste weke van geesverbotting gelewe soos 'n daggaroker in die nadraai stadium. Outomaties het sy liggaam elke dag se gereelde pligte, as na gewoonte gevolg. Hy was sonder 'n bewijs van wil, begeerte of hartseer. Slegs 'n onbepaalbare gevoel het geweldig op sy innerlikheid gedruk; vandaar die stomp voortlewing soos 'n tamgetrekte karweios.

Booyen het medely gevoel met Ampie en hom 'n ander donkie beloof, net so geskik as ou-Jakob. Met 'n droewige glimlag het Ampie hom bedank en afgetrokke gesê dat hy baie bly sal wees ... Maar in sy hart het daadlik iets geroer, gelewe en die onbepaalbare druk gebreek. - Toe het Ampie sy droefheid kon uithuil onder die doringboom, waar sy ou-maat getref geword en hy hom ook in die aarde gebêre het. Hy 't lank getreur onder die doringboom en dit was goed. Die kering was weldadig. Hy 't weer 'n mens gevoel, met begeertes en hartstog.

Soms kon hy blymoedig 'n môre met sy werk begin, 'n dreungeluid op sy trompie afstrum, om teen die namiddag moedeloos en eensaam rond te slenter deur die kamp, asof hy daar iets soek. En omdat daar niemand saam met hom kon treur nie, het hy die allenigheid meer gevoel, en na 'n drang gèluister om weg te trek, sodat

hy nie dag vir dag die noodlottige doringboom sou sien nie.

Die mense was goed vir Ampie. Hulle het eerbied vir sy droefheid gevoel, getrag om sy gedagtes af te lei. - Mevr. Booyen wou in hom die lus laat herleef vir die volgende aanneme; maar sy hart was so afkerig, as sy gedagtes onbekwaam was, om vraag of antwoord van die vraeboek uitmekaar uit te hou.

Ampie het eendag vir Booyen weer wou sien asseblief:

‘Oom Kasper, ek wil na die dorp toe gaan, as my jaar by Omie om is. Ek sal die donkie, wat oom Kasper vir my wil gee, verkoop en met die geld dan 'n steenmakery agtermekaar sit naby om Flip Staander. Ek reken so; oom Flip sal wel vir my 'n slaapplek gee, al moet ek ook, vir hom steenmaak daarvoor.’

Maar Grieta Booyen het dikwels vir Ampie geroep om die blomtuin vir haar nat te giet terwyl sy saamhelp, om die water aan te bring. Hy 't altoos gewillig daar gehelp, en swakkies wou die vonke van liefde 'n flikkerskyn oor sy wese gooi. Toe het die lewensgloed opnuut begin te smeul en 'n onnoembare verlange na iets noodsaakliks as onmisbaar vir sy lewe, sy smart getemper, dog sy hart weer oopgemaak vir die liefde. Nou het gedagte oor sy toestand en lot die oorhand gekry, planne en berekeninge gemaak, alles waarin die dogtertjie op Vlakplaas haar plek kom neem. Sy hart het gesnak na die saamvoeling van iemand - en Annekie sou treur met Ampie saam, oor die dood van ou-Jakob, hulle twee se ou-Jakob - daarvan was hy oortuig!

Hy 't opgeleef as 'n nuwe mens, maar dit het lank geneem, voordat Ampie kon besluit, om sy groot verlies aan Annekie mee te deel. Hy 't hom toe neergesit in sy kamertjie, nadat hy van oom Kasper 'n potlood,

'n velletjie papier, 'n koevert en 'n posseël gekry het. By die lig van sy lantern het hy somar spontaan-weg, die volgende brief van die ongelykste letters, sonder lettertekens en vol ontydige hoofletters geskryf:

'Liewe veelaandinkende aanekie ek sit my nederom u te Melden dat dit met my Nog goed gaan deur die Goedheid van die Here en indien dit met u anders Gesteld is sal dit my seer ter Harte gaan en liewe Annekie dit heef die Here behaag om vir ou-Jakob van ons weg te neem.'

Hierdie aanhef het opgewel in sy kop, deur die hoorlees van vorige briewe by oom Tys-hulle.

'Die weer het hom Doodgeslaan en Hy het sommar op die plek bly lê Morsdood en liewe Annekie ek wil graag van u hoor omtrent toestand en va u famlieleden Skryf my tog spoedig hoe dit gaan want ek is seer besorg over u allen my hart voel baie seer oor oorlede ou-Jakob hy was net so Verstandig as 'n mens mens kan maar se hy was gelyk een broer en hy het vir my Alleen laat staan hier op die plaas die Gesaaide is nie te sleg nie en liewe Annekie skryf my tog spoedig want oorlede ou-Jakob is nie meer daar om my te troos nie in my élend en daarom kan ek nie meer met oorlede ou-Jakob kom kuier nie hopende dieselfde van u te horen so sluit ek met die pen maar Nooit met my verlangende Hart so blyf ek u teerbemind Abraham Nortjé die soentjies is vir jou.'

Agter op die koevert het hy geskrywe die letters S.W.A.K. Hester het hom dit vroeër op een van haar briewe gewys en toe het sy die letters gesoen en vir

hom beduie, dat dit op Engels beteken, hoe innig die brief met 'n soen verseël is. Annekie sal weet! ...

Vir Ampie was dit 'n groot gerusstelling toe hy die brief aan oom Kasper kon gee om op die dorp te pos. In die poskantoor van die plaaswinkel het hy glad geen vertroue gehad nie en hy 't hardnekkig besluit dat oom Kasper positief dieselfde brief in die groot poskantoor moet pos, terwyl oom Kasper tog dorp toe moes. Booyesen wou nog beswaar maak teen die wanhopige adres, maar Ampie was beslis: Oom Kasper moes maar net vir die posmeester sê, dat die plek Vlakplaas se kant toe lê en dat die adres heeltemal reg is.

'n Paar dae lank het Ampie met bly verwagting lekker deur gewerk.

Toe die eerste week verby was, en van Vlakplaas geen berig gekom het nie, het hy, gepeins oor al die moontlike redes daarvoor. Sou sy die brief ontvang het; oom Kasper het tog positief die brief gepos! Die mens soek mos almelewe sy verderf, en die posmeester het sweerlik die brief vrek-omgedraai! Die mensdom behandel hom almaardeur asof hy kwaad gedoen het, of sou Annekie, onverskillig teenoor hom, versuim het om die brief te beantwoord? - Gedagtes vol selfverwyt het hom gepak, namate die tyd verby gaan. Wat het hy aangevang om daardie meisiekind so sleg te sê? Sy 't nou seker lankal ander vryers raakgeloop; dis ook bes moontlik, dat sy al getroud is. - En hy, wat Ampie is, sit hier en krepeer van ellend op Booyesen se ou plasie, waar die dooie lewe hom dag vir dag knelster, asof hy deur 'n slagyster vasgevang is.

Die rypies het al smôrens hier en daar die aarde witgepoeier, toe Ampie se brief na homself terug gekom het as onbestelbaar. Ampie sou die slag sy sake beter oorlê en 'n kaffertjie stuur, om persoonlik die brief vir Annekie te gee ... Drie dae later op 'n Sondagmiddag

het 'n mondfluitjie met Bart, van Vlakplaas af gekom. Die skrandere musikale seun van die Tysfamielie, het sy mondfluitjie gebêre en ook sy spekulasiëgees. Ampie het ook so baie verander sedert hy hom laas gesien het, met die afsêbrief van Annekie; nou lyk hy in sy mooi pak klere self 'n grondbesitter, so deftig alles in die haak, g'n skoenriempie verkeerd nie. Bart het werklik verleë gevoel. - Maar toe hy opmerk aan die lomp groet, hoe rooi verleë Ampie vir hom amper verbouereerd lag, toe raak Bart se skuheid weg en hy probeer om uit te vind, wat Ampie so al besit. 'Gee 'n sigret jong, as jy het!'

Ampie wil egter weet, hoe sake staan; hy brand van nuuskierigheid om van Annekie te hoor. Bart het g'n brief gebring nie; maar Bart kon omstandig veel vertel die agtermiddag, terwyl hul saam sigreets gesit en rook het tot die kamertjie van Ampie benoud geword het. En Ampie het gehoor: Dat Annekie vreeslik kwaai vir hom was, maar baie bly, toe sy weer tyding van hom ontvang het; dat 'n dorpsseun probeer het om hoed-op-ie-hang by haar; maar puur verniet. - Dat Annekie vir hom laat weet het dat hy baie gou moet kom kuier en dat sy vir hom wag! Bly in sy hart, maar baie gewigtig in sy voorkoms, het Ampie toe geantwoord:

'Neef Bart, sê jy vir Annekie dat ek sal kom kuier, sodra oom Kasper my verlof gee. Soos jy self sien ou-neef, rus die hele boerdery van oom Kasper nou op my. - Gaan ek vort, dan staan alles stil, en wat word dan van die gesaaide? Ek is onmisbaar vir oom Kasper, 'n mens kan maar sê, ek is oom Kasper self. - En sê vir haar, dat sy moet oppas vir die dorpskêreltjies; hulle maak net mooi beloftes, maar hulle voer niks uit nie!'

Ampie het 'n end saam met Bart teruggestap. Hy sou die heel ent pad met hom kon saamgeloop het, want sy hart was weer op Vlakplaas; dog die boerdery van

Booyen rus op hom. - Hy 't lank gestaan en kyk na die bekende bult, nadat hy van Bart afskeid geneem het.

Die wete dat Vlakplaas se mooiste meisiekind nog baie van hom hou en die boodskap gestuur het dat hy moet kom kuier, werk 'n omkering in sy gemoedstoestand. Iets in homselwe rebelleer teen sy gedrag jeëns Annekie, waardeur hy klein voel, hoe groot sy liefde ook mag swel vir haar. Wat vroeër selfverwyd was, roer nou in hom as die vreemde besef, dat hy vir Annekie groot onreg aangedoen het. Dit setel dieper in sy innerlikheid, beïnvloed heel sy wese met 'n vreemde weemoed, waar tog genot in skuil. 'n Wroeging en die heerlike wete skep 'n nuwe en fyn lewensbegrip in sy ruwe siel, die onreg en sy ontrouheid, sy boos gedagtes jeëns Annekie en daarteenoor haar wagte op sy koms.

Hy vergelyk in stil bedenking hul verhouding. Dit maak sy boesem saf vir die nooi, wat hy in haar wonderlike liefdeslewe ontdek - en dit lei sy skelm skugterheid in 'n beter koers. Hy voel of hy vir Annekie sal kan soebat om hom te vergewe, hy vind geen verskoning vir homself nie. - Hoe verlang hy na die komende Saterdag en tog voel hy huiwerig om Annekie te ontmoet. Hy voel deur eie skuld die morele moeilikheid. Hy moes nooit Annekie vir Hester opgegee het nie. Die afsêbrief was somar pure twak! Wat was die wonderlike dogter van oom Flip vir hom, dat hy so danig agter haar gedraai het soos 'n brak? En wat is Annekie op hierdie heden nog vir hom werd? Sy hele lewe - en sy wag vir hom! Hy was 'n stuk gereedskap, wat 'n mens gebruik en neersmyt, as jy klaar het met die ding, handig om iets reg te maak, of anders in die pad. - Vir Annekie was hy altoos eners, nes hy vir ou-Jakob altoos eners was, al het hy rondgeloop in toiings. Die een het hy verloor, die ander moet hul twee se plek van nou af inneem. - Hy voel nou eers hoe diep sy liefde vir

Annie gebêre was, hoe dit uur vir uur loskom uit sy wese, en hom inneem, kalm beslis, met die bedaarde drang, wat sy gedagtes, vol oorweging, 'n standvastigheid gee, sodat hy seker voel van sukses. Die kalwernukke is verby! ...

Hy sal voor Annie verskyn, as die versorger van haar lewe, en op sy allerbeste; sy is sy lewe werd, en meer nog as sy lewe. - Sy moet hom sien, soos hy Oujaarsaand was, mooi aangetrek, tussen die jongmense, as een van hulle. - Net hulle is te sleg vir Annie se weggooi goed! Sy het die reg daarop, dat hy homself oppas en netjies reghou - sy moet met hom kan spog! - Hy sal vir haar 'n woonplek gee vol gerief en soos sy dit begeer. Sy hou mos van 'n klerekas met so'n groot spieël, 'n stoof, 'n ysterkatel en 'n verebed ... en hy sal hom nog goed bedink voordat hy vir oom Kasper sal laat staan ... die leë huisie van Flip Staander is 'n ordentlike verblyf vir hulle twee! ...

So het die week verby gegaan met sy wisselende stemminge ...

Saterdag middag, toe hy hom wil regmaak vir die kuier, roep Kasper Booyen hom haastig. Hy wys vir Ampie na die lug agter die bulte vol digte rookwolke, wat 'n ontydige veldbrand opstoot uit die nog nasomerklamme winterveld. Hulle voel meteens die noodsaaklikheid van aksie teen die gevaar, wat met onafsienbare verwoestings dreig, wanneer hy die oorhand behou. Ampie spring toe weg met Booyen en al die kaffers, wat hulle bymekaar kon skraap.

Die vuurtjie, wat maar met 'n onversigtige weggespatte vonkie begin het, krul nou soos 'n vuurstreep oor die plase. - 'n Oproep aan al die bewoners, rol soos 'n toorwoord deur die lug, om die ramp te keer. Die ganse omgewing kom in opstand teen die gevaar, wat droë mielielande, doodryp wagtend op die oes, sal verteer,



en elke tree vorentoe, akkers van die vee se weiveld buit, sat sal afsak na die vleië om die leegtes en fonteine te laat opdroog en 'n wintergesaaide onmoontlik te maak, wat kafferhuise en bontstaande besittings in ashope sal verander. Geen draaiery oor wat so'n ontydige veldbrand in Meimaand kon veroorsaak het nie; direk luister elkeen na die oproep, om die vyand in te storm, met die taaiste ywer om hom klein te kry. Witmens, kleurling, baie vrouens en selfs kinders, wat 'n slaanding kan hanteer, voel dienspligtig, sonder dwang. Die veldbrand is weldra 'n toneel van groot bedrywigheid. Dit is 'n vasberade stryd, waarin die dowwe neerplof van die slaandinge soos 'n demper op die losgelate vlamme val, dog die opknetter van die vuur in ruie gras aanwakker. - Orals gestippel teen die rookkolomme vertoon die ver van mekaar verspreide klompies mense maar nietig in vergelyking met die myle lang wolkgordyn, wat soos 'n grou gebergte lyk. - Hulle is vandag voorspoedig en weldra is groot gapings in die vuurstreep en wolkgebergtes aangebring. Die geweldige inspanning van soveel kragte, begeester elkeen met 'n volhou en 'n taaigheid, teen die hitte en skerp rook, waarmee die vyand op hulle aanval.

Ampie het sy maats algar agtergelaat sonder dat hy hom dit bewus is, en sy kuierplan na Vlakplaas is vergeet. - Hy lyk al soos 'n wilde, wat sy gesig met kleursel vuil besmeer het. Die sweet en rook en pulwerige as het hom bestreep en bevlek dat daar geen stukkie gelaatskleur oorgebly het nie. Sy oë fonkel, so begeester hom die stryd. Dit smaak vir hom of hy allenig vuurslaan. Dieselfde hartstog het hom gegryp as indertyd by die slagpale, toe dit ook vir hom was, of hy alleen die os aanbring. Dieselfde drif het in sy lyf gespring. Hy sal kan aanhou vuurslaan, dae lank, so taai voel hy homself en gevoelloos amper vir die rook en

hitte. Hy lewe in die doodslaan van die vlamme, die vuur beset hom met die wreedheid van 'n fanatis op die slagveld. Daar is vir hom 'n wellus in die stryd, wat deur sy liggaam prikkel, as hy hou-vir-hou 'n paar voet van die veldbrand doodvee. Die vlamme word vir hom as wesens met die brutale durf om Ampie te bespring. Hul maak hom wild en woens; hy koggel hulle uit: 'Jul dink verniet om my te wen! Julle is laat! Ek slaan jul uitmekaar uit dat die stof so trek!' En nou hy hom 'n baas voel oor die vlamme, gloei sy oë van moordsug. Dit traak hom niks, waarheen die vuur hom lei nie, as hy maar net die vuur se lewe kan verniel. Sy menslikheid is weg, en in die donker, wat om die veldbrand toegesak het, lyk Ampie soos 'n woesteling, onkeerbaar.

Die duister verlig die toneel soos 'n fantastiese geheel, van tallose gloeitinte, waarbo die vuurkolomme groots oprys, hoog in die hemel in, om weer 'n wyl skemerlig in die duisternis te gooi. Dis soos 'n magtige vuurwerk oor die aarde; die vlamme gloei en dans in die donker, die duister gee hul lewe en lig; 'n nuwe stadium het ingetree. Die veldbrand het sy bondgenoot gewink en skielik het die wind sy aanval deur die duisende van vlammetonge uitgedreun. Orals knap en koetter die verdorde veld, nog nie uitgevreet en weggetrap deur die vee nie, en vang die vlammetonge op, wat gulsig vorentoe lek, en die vuurbrokke, wat afspring vorentoe oormoedig deur die wind se besieling. Die wind bring baldadigheid in die vuur, die vuur verswelg die veld, die veld lê soos 'n magtelose prooi, want alle weerstand word nou uitmekaar gewig. Die vlamme warrel as in 'n rondedans, en bokspring oor die polle omhoog knetterend van plesier; want hulle het die opdraende bereik, en oorwinnend bespring hul die skuinste met galopsprings, soos 'n ruiterbende op 'n fort instorm. Die bondgenote, nou ongehinderd, gryp mekaar,

soos twee, wat sinneloos van liefde is. Hul dwarrel, hoog die lug in met 'n uitdaende gedreun, uitgelate in die vryheid, wat 'n mens laat sidder.

Nou moet oorlê gebruik word deur die mensdom en die kragte gekontroleer, namate die gebrom van wind en vlamme opdreun of verswak. Die vuur sal hom nou moet gedaan spook teen homselwe deur 'n voorbrand, soos 'n broederstryd 'n nasie uitput.

Ampie se woeste opdruk, kom hier tot stilstand. Hy word bedaarder, voel die lus om in te gee, nou dat die veldbrand hande uitgeruk het. - Dis mos verniet om verder nog jou lyf te staan en moor hier vir 'n ding, wat jou g'n voordeel gee nie. Die mense kan sonder hom maar verder met die malle vuur baklei, hy moet hom nou gaan regmaak vir sy kuier. - Waar is hy in die veld? ... So wrentig dis mos Vlakplaas hierdie! ... Sonder bedenking storm hy die vuurstreep deur, die mense verby, wat 'n voorbrand wil begin op 'n geskikte plek, na die nuwe rooksuile toe, wat van agter die bult uitklim. Vlakplaas se mense het die voorbrand daar al begin. 'n Stukkie van die nuwe vuur het geniepsig oor die voetpad weggespring, toe Ampie daar kom - in 'n ruie veld dreig die nuwe ramp. - Dis hier waar nou die mense van Vlakplaas veg, asof dit hulle lewe geld. Ampie het in die skynsel, wat die vuur teen 'n goue muur van dekgras gooi, die onvergeetlike lap dekgras van hom en Annekie herken. Deur sy bewustheid skiet 'n vaste besluit, soos die taai krag deur sy lyf en senings. Die vuur moet dood! Die dekgras mag sy buit nie word nie! - 'n Woesteling weer, plof hy met sy slaanding in die vlamme. - Hy 't Bart nie opgemerk nie, wat Ampie herken het met 'n hees roep:

'Dag jong! Hy 't hande uitgeruk, dis die!'

Ampie slaan hier langs 'n meisiekind van Vlakplaas die vlamme dat daar duisende vonkies in die swart

brand knipoog, knap en sterwe. Sy fonke oë mis die tyd om haar te sien, sy hart voel alles soos dit is. Sy ruwe drif sak weg; bedaarder, word hy sterker in sy doening, nou sy harteklop gedagte daarin bring, en as die meisiekind se slaanding halwe werk verrig, vee Ampie s'n die vuur morsdood, so hou-vir-hou.

'Ons moet perbeer die dekgras red!' hoor hy haar kortasem uitbring. Die meisiekind het daardie seun herken.

'Ja Annekie, ons moet die dekgras red! Ons moet!'

Dis hulle s'n! Daar lê 'n heiligheid van skoon herinnering vir hulle twee, daar in die goue ruigte waarna die vlamme gulsig lek! Dis hulle s'n, die dekgras daardie! Dis hulle twee, wat nou die vlamme opdons en verniel, 'n vonkevuurwerk oor die swart brand toor, deur die besielde aanval van hul twee. Dis of ook Annekie se slae forser neerplof in die dof-dof, dof-dof van hulle twee so doening.

'As ons hom net kan aanbring tot die voetpad Ampie, dan sit sy turf!' sê sy met stote, hees en kortasem, onder die vuurslaan deur.

'Die Here sal ons help my liefste Annekie!'

'Hy sal Ampie! ... Hy sal!' ... Hul slaan! Hul slaan!

Die vlammetjies kring kleiner na die voetpad toe. 'n Duisternis oorval hul, swart en skielik. - Nou gooi die groot vuur, wat homself gedaan spook op die bulte, sy flikkering vir twee wilde wesens. - Die oomblik vang hulle harte met 'n ru verhewenheid en hulle woes betakelde gesigte bly starend na die vlamme wat mekaar verlaas bespring. Die veldbrand sterwe in die donker van die nag. Hul twee se liefde lewe en skitter wyl hul langsaam na die eenkamer woning op Vlakplaas wandel.

Ampie het vir oom Kasper weer bietjie eenkant toe

geroep. - Hy 't skamerig begin, met 'n rooi-gloeiende gesig en effens 'n senuweeagtige laggie. Dis groot sake waar hy oor moet praat.

'Ek wou net vir oom Kasper sê dat oom Tys vir my vertel het van twintigduisend mense, wat sonder werk op die dorpe rondloop. Ek reken so Omie, as ek ook soontoe gaan, soos my plan was, dan is daar een-en-twintigduisend sonder werk. - Ek sal maar liewerster by Omie-hulle bly en as oom Kasper nie omgee nie, dan sal ek daardie huisie van oom Flip vir ons regmaak, want ek moet vir Omie bekend maak, dat ek en Annekie sal gaan trou, nes die huisie reg is en ek 'n lappie grond by Oom gekry het om op te bestaan ... Ek reken so, oom Kasper sal ons seker help! ... Annekie kan ook somar vir tant Grieta hand bysit in die kombuis. Sy kan werk Omie! Aits daardie meisiekind kan vir jou werk!' ...

En Booyen klop vir Ampie op sy skouer, innerlik verheug oor sy besluit:

'Dis reg ou seun, ons twee sal almelewe oor die bult kom!'